# DIE GRONDWETLIKE BESKERMING VAN SOSIO-EKONOMIESE REGTE IN SUID-AFRIKA. 'N TEOLOGIES-ETIESE PERSPEKTIEF.

**Heinrich Martin Zwemstra, B.Sc., Hons. B.Th., M.Div.**

**Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Theologiae in Etiek aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

**Studieleier: Prof. J.M. Vorster**

**2003**

**Potchefstroom**

# VOORWOORD

Dit was vir my 'n heerlike voorreg en vreugde om tydens hierdie studie met God se Woord te kon werk. Ek het opnuut weer besef hoe relevant God se Woord vir alle terreine van die lewe is. Daarom kom my dank in die eerste plek my Hemelse Vader toe. Dit is Hy wat my in staat gestel het om hierdie studie te kon doen en wat my deur sy Heilige Gees gelei het om sy Woord reg te verstaan. Dit Hy wat my roep, toerus en seën - ten spyte van al my gebreke. Dankie Here! Mag hierdie studie in diens van U koninkryk wees.

Graag bedank ek ook die volgende mense wat die Here oor my pad gebring het om my by te staan tydens hierdie studie.

My opregte dank aan my studieleier, prof. J.M. Vorster, wat altyd bereid was om my met raad by te staan. Ek waardeer u moeite en insigte opreg. 'n Besondere woord van waardering aan my ouers, Pieter en Corrie Zwemstra, wat my van kindsbeen af konkreet gewys het wat dit beteken om selfopofferend in diens van die Here te leef. Julle vormende bydrae was groot en julle ondersteuning oor die jare kan moeilik gepeil word. 'n Besondere woord van dank aan mev. Malie Smit, bibliotekaresse van die Teologiese Skool in Potchefstroom, en aan Willie Cloete wat die taalversorging behartig het. Al julle moeite en belangstelling word opreg waardeur.

In die laaste plek, maar beslis nie die minste nie, wil ek my vrou Jacomien bedank. Baie dankie dat jy altyd ondersteunend en opofferend is. Dankie dat jy altyd bereid was om my te help en by te staan.

# OPSOMMING

Op regsfilosofiese gronde is daar al baie gedebatteer oor die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte. Die vraag is of sosio-ekonomiese regte deur 'n grondwet beskerm behoort te word en, indien wel, in watter mate. In hierdie studie word 'n teologies-etiese beoordeling gedoen van sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan. Dit word gedoen deur bepaalde Bybelse temas en Skrifgedeeltes uit die Ou en Nuwe Testament te ondersoek. Uit hierdie ondersoek blyk dat sosio-ekonomiese regte baie belangrike menseregte is wat so effektief moontlik beskerm moet word.

Verskeie standpunte oor die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte word ondersoek en beoordeel. Hierdie standpunte berus op regsfilosofiese gronde en argumenteer onderskeidelik teen die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte, die beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels, en die beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte. Uit hierdie ondersoek blyk dit dat die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte prinsipieel die mees effektiewe manier is waarop hierdie regte beskerm kan word.

Die huidige stand van sake met betrekking tot sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika word ook ondersoek en beoordeel. Uit hierdie ondersoek blyk dit dat die Grondwet wel sekere sosio-ekonomiese regte beskerm, maar nie almal nie. Die reg op arbeid, kleding en wetenskaplike vooruitgang word nie in die Grondwet genoem nie. Die reg op arbeid is prinsipieel 'n baie belangrike sosio-ekonomiese reg en dit lei tot die realisering van ander sosio-ekonomiese regte. Die Grondwet van Suid-Afrika het ook verskeie maatreëls in plek om die beskerming van sosio-ekonomiese regte te verseker. Ten spyte van hierdie maatreëls is die sosio-ekonomiese regte in die Grondwet weinig meer as regte op papier. Die Regering, privaatsektor, Kerk en elke individu sal nog baie moet doen om die beskerming van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika te verseker.

# ABSTRACT

On legal-philosophical grounds the constitutional protection of socio-economic rights has been the subject of much debate. The question is whether socio-economical rights should be protected by a constitution and, if so, to what extent. In this study a theological-ethical evaluation is done about socio-economical rights and the protection thereof. This is done by examining certain Biblical themes and parts of Scripture of the Old and New Testament. From this investigation it is clear that socio-economical rights are very important human rights that must be protected as effectively as possible.

Several points of view on the constitutional protection of socio-economical rights are investigated and evaluated. These points of view are based on legal-philosophical grounds and argue respectively against the constitutional protection of socio-economical rights, the protection of socio-economical rights as directive principles and the protection of socio-economical rights as fundamental rights. From this investigation it is clear that in principle the constitutional protection of socio-economical rights as fundamental rights is the most effective way to protect these rights.

The current state of affairs with regard to socio-economical rights in the Constitution of South-Africa is also investigated and evaluated. From this investigation it is clear that the Constitution does protect certain socio-economic rights, but not all of them. The rights to labour, clothing and scientific progress do not occur in the Constitution. In principle the right to labour is a very important socio-economic right and it leads to the realization of other socio-economic rights. The Constitution of South Africa also has several measures in place to ensure the protection of socio-economic rights. In spite of these measures, the socio-economic rights in the Constitution remain little more than rights on paper. There state, private sector, church and each individual will still have to do a lot to ensure the protection of socio-economic rights in South-Africa.

## SLEUTELTERME

---

Fundamentele regte........................................................Fundamental rights
Rigtinggewende beginsels......................................................Directive principles
Sosio-ekonomiese regte..........................................................Socio-economic rights
Teologies-eties.....................................................................Theological-ethical
Konstitusie/Grondwet...............................................................Constitution
Handves van Regte.................................................................Bill of Rights
Menseregte...........................................................................Human rights
Suid-Afrika............................................................................South Africa

# LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| IKBPR | Internasionale Konvensie oor Burgerlike en Politieke Regte |
| IKESKR | Internasionale Konvensie oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte |
| VN | Verenigde Nasies |

VOORWOORD

OPSOMMING

ABSTRACT

SLEUTELTERME

LYS VAN AFKORTINGS

HOOFSTUK 1 ____ 8

INLEIDING ____ 8

1.1 Objek van die studie ........ 8

1.2 Probleemstelling en relevansie van die studie ........ 8

1.3 Die doel van die studie ........ 9

1.4 Sentrale teoretiese argument ........ 10

1.5 Metode van ondersoek ........ 10

1.6 Hoofstukindeling ........ 11

HOOFSTUK 2 ____ 13

PRINSIPIËLE EVALUERING VAN DIE KONSEP VAN SOSIO-EKONOMIESE REGTE EN DIE BESKERMING DAARVAN ____ 13

2.1 Inleiding ........ 13

2.2 Sosio-ekonomiese regte en die historiese ontwikkeling daarvan ........ 13

2.3 Prinsipiële evaluering van die konsep van menseregte .......................... 15
2.3.1 Bybelse beginsels vir menseregte .......................... 16
2.3.1.1 Geregtigheid .......................... 16
2.3.1.2 Sedelike verantwoordelikheid .......................... 17
2.3.1.3 Wet .......................... 18
2.3.1.4 Liefde .......................... 19
2.3.1.5 Barmhartigheid .......................... 20
2.3.1.6 Waarheid .......................... 20
2.3.1.7 Vryheid .......................... 21
2.3.1.8 Vrede .......................... 22
2.3.1.9 Arbeid .......................... 22
2.3.2 Die konsep van "lewe" as 'n beginsel vir huidige etiese besinning .......................... 24
2.3.2.1 Lewe in skeppingsperspektief .......................... 24
2.3.2.2 Lewe in herskeppingsperspektief .......................... 25
2.3.2.3 Lewe in eskatologiese perspektief .......................... 25
2.3.3 Die konsep van lewe toegepas op die etiese evaluering van menseregte 26
2.3.3.1 Die doemwaardigheid van die mens .......................... 26
2.3.3.2 Die menswaardigheid van die mens .......................... 27

2.4 Prinsipiële evaluering van sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan .......................... 30
2.4.1 Gegewens uit die Ou Testament .......................... 31
2.4.1.1 Die sosiale en ekonomiese wette van Israel .......................... 31
2.4.1.2 Die digterlike en wysheidsboeke .......................... 39
2.4.1.3 Die profete .......................... 40
2.4.2 Gegewens uit die Nuwe Testament .......................... 41
2.4.2.1 Christus en sosio-ekonomiese minderbevoorregtes in die vier evangelies .......................... 42
2.4.2.2 Die boek Handelinge .......................... 44
2.4.2.3 Ander geskrifte in die Nuwe Testament .......................... 45

2.5 Samevatting .......................... 47

HOOFSTUK 3 ____ 49

ARGUMENTE VAN DIE TEENSTANDERS VAN DIE GRONDWETLIKE BESKERMING VAN SOSIO-EKONOMIESE REGTE, EN 'N BEOORDELING DAARVAN ____ 49

3.1 Inleiding .... 49

3.2 Argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte .... 50

3.2.1 Koste .... 50
3.2.2 Praktiese uitvoerbaarheid .... 50
3.2.3 Onbepaalbaarheid .... 51
3.2.4 Toepassing .... 51
3.2.5 Positiwiteit .... 52
3.2.6 Keuse-sensitiewe sake .... 53

3.3 Beoordeling van die argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte .... 53

3.3.1 Koste .... 53
3.3.2 Praktiese uitvoerbaarheid .... 54
3.3.3 Onbepaalbaarheid .... 54
3.3.4 Toepassing en positiwiteit .... 55
3.3.5 Keuse-sensitiewe sake .... 56

3.4 Samevatting .... 56

HOOFSTUK 4 ____ 57

ARGUMENTE VAN DIE VOORSTANDERS VAN DIE GRONDWETLIKE BESKERMING VAN SOSIO-EKONOMIESE REGTE AS RIGTINGGEWENDE BEGINSELS, EN 'N BEOORDELING DAARVAN ____ 57

4.1 Inleiding ..... 57

4.2 Argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels ..... 58

4.2.1 Argumente waarom sosio-ekonomiese regte nie as fundamentele regte beskerm kan word nie ..... 58

4.2.1.1 Regterlike prestasie ..... 58

4.2.1.2 Verwagting ..... 59

4.2.1.3 Verwantskap tussen die generasies van regte ..... 59

4.2.2 Argumente waarom sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels beskerm moet word ..... 60

4.3 Beoordeling van die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels ..... 62

4.3.1 Beoordeling van die argumente waarom sosio-ekonomiese regte nie as fundamentele regte beskerm kan word nie ..... 62

4.3.1.1 Regterlike prestasie ..... 62

4.3.1.2 Verwagting ..... 63

4.3.1.3 Verwantskap tussen die generasies van regte ..... 64

4.3.2 Beoordeling van die argumente waarom sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels beskerm moet word ..... 65

4.4 Samevatting ..... 65

HOOFSTUK 5 ..... 67

ARGUMENTE VAN DIE VOORSTANDERS VAN DIE GRONDWETLIKE BESKERMING VAN SOSIO-EKONOMIESE REGTE AS FUNDAMENTELE REGTE, EN 'N BEOORDELING DAARVAN ..... 67

5.1 Inleiding ..... 67

5.2 Argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte ........................................ 68

5.2.1 Geregtigheid ........................................................................................ 68

5.2.2 Die verbintenis tussen politieke en burgerlike regte en sosio-ekonomiese regte..........................................................................................................68

5.2.3 Positiwiteit en Negatiwiteit.............................................................. 69

5.2.4 Negatiewe konstitusionele beoordeling .................................................. 70

5.2.5 Onbepaalbaarheid.................................................................................. 71

5.2.6 Geleidelike implementering ................................................................. 71

5.3 Argumente waarom sosio-ekonomiese regte nie as rigtinggewende beginsels beskerm kan word nie ....................................................................... 71

5.4 Beoordeling van die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte.........................................................................................................................72

5.4.1 Geregtigheid ........................................................................................ 72

5.4.2 Die verbintenis tussen politieke en burgerlike regte en sosio-ekonomiese regte..........................................................................................................73

5.4.3 Positiwiteit en Negatiwiteit.............................................................. 73

5.4.4 Negatiewe konstitusionele beoordeling .................................................. 74

5.4.5 Onbepaalbaarheid.................................................................................. 74

5.4.6 Geleidelike implementering ................................................................. 75

5.5 Beoordeling van die argumente waarom sosio-ekonomiese regte nie as rigtinggewende beginsels beskerm kan word nie ........................................ 75

5.6 Samevatting ................................................................................................ 75

HOOFSTUK 6 ____ 77

DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE MET BETREKKING TOT SOSIO-EKONOMIESE REGTE IN DIE GRONDWET VAN SUID-AFRIKA, EN 'N BEOORDELING DAARVAN ____ 77

6.1 Inleiding .......... 77

6.2 Die huidige stand van sake met betrekking tot sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika .......... 78

6.2.1 Arbeidsverhoudinge .......... 79

6.2.2 Omgewing .......... 79

6.2.3 Grondhervorming en toegang tot grond .......... 80

6.2.4 Behuising .......... 81

6.2.5 Gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid .......... 81

6.2.6 Kinders .......... 82

6.2.7 Onderwys .......... 83

6.2.8 Taal, kultuur en godsdiens .......... 84

6.3 Die realisering van sosio-ekonomiese regte .......... 84

6.3.1 Kwalifisering van artikels 25-27 in die Handves van Regte .......... 84

6.3.1.1 Redelike wetgewende en ander maatreëls .......... 85

6.3.1.2 Met beskikbare middele .......... 85

6.3.1.3 Toenemende mate te verwesenlik .......... 86

6.3.2 Die rol van die Menseregtekommissie .......... 86

6.3.3 Suid-Afrika se verbintenis met die IKESKR .......... 87

6.4 Beoordeling van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika .......... 88

6.4.1 Die voorkoms van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika ..........

.88

6.4.2 Die realisering van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika........................................................................................................
.91

6.5 Samevatting ........................................................................................... 93

HOOFSTUK 7 ______________________________ 94

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING: 'N BEOORDELING VAN DIE GRONDWETLIKE BESKERMING VAN SOSIO-EKONOMIESE REGTE IN SUID-AFRIKA ______________ 94

BYLAAG A ______________________________ 96

THE UNIVERSAL DECLARATION OF HUMAN RIGHTS OF THE UNITED NATIONS - 1948 ____________________ 96

BYLAAG B______________________________ 103

DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1996 HOOFSTUK 2: HANDVES VAN REGTE________ 103

BIBLIOGRAFIE ____________________________ 121

# HOOFSTUK 1
# Inleiding

---

## 1.1 Objek van die studie

In hierdie studie gaan 'n teologies-etiese beoordeling van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika gedoen word.

## 1.2 Probleemstelling en relevansie van die studie

Die beskerming van menseregte in beginsel is in 'n groot mate 'n uitgemaakte saak in Suid-Afrika. In die menseregtedebat word nie meer gevra óf menseregte deur 'n grondwet beskerm moet word nie – dit gaan deesdae eerder oor watter menseregte deur 'n grondwet beskerm moet word. Die groot vraag is of sosio-ekonomiese regte (tweedegenerasieregte) deel moet uitmaak van 'n grondwet en, indien wel, in watter mate.

Tans is daar drie standpunte oor die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte:

- In die eerste plek is daar navorsers, waaronder Didcott (1988:60), wat van mening is dat sosio-ekonomiese regte nie deel kan wees van 'n grondwet nie. Kanada is 'n voorbeeld van 'n land met so 'n grondwet.
- In die tweede plek is daar navorsers, waaronder Davis (1992:487), wat ten gunste is vir sosio-ekonomiese regte in 'n grondwet, maar slegs as rigtinggewende beginsels. Indië is 'n voorbeeld van 'n land met so 'n grondwet
- In die derde plek is daar navorsers, waaronder De Vos (1997:68), wat ten gunste is vir sosio-ekonomiese regte in 'n grondwet as fundamentele regte. Suid-Afrika is 'n voorbeeld van 'n land met so 'n grondwet.

Aangesien daar sulke verskillende standpunte oor die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte is, is die vraag nou: moet sosio-ekonomiese regte grondwetlik beskerm word en, indien wel, in watter mate? Op regsfilosofiese gronde

het verskeie navorsers in Suid-Afrika oortuigend aangetoon dat sosio-ekonomiese regte wel as fundamentele regte in 'n grondwet beskerm kan word (Boshoff, 1991:446-461; De Vos, 1997:67-101; Haysom, 1992:451-463; Liebenberg, 2002; Mureinik, 1992:464-474).

Alhoewel daar al baie op regsfilosofiese gronde oor die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte gedebatteer is, is daar nog nie 'n teologies-etiese studie oor dié vraagstuk gedoen nie. Vorster (2000b:137) dui ook aan dat so 'n studie nog gedoen moet word.

Hierdie studie wil daarom die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte vanuit 'n teologies-etiese perspektief navors. Vrae wat bespreek gaan word, is die volgende:

- Wat leer die Skrif ons oor die beskerming van sosio-ekonomiese regte?
- Watter argumente voer die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte aan?
- Watter argumente voer die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels aan?
- Watter argumente voer die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte aan?
- Wat is die huidige stand van sake met betrekking tot sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika?
- Hoe moet die beskerming van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika prinsipieel beoordeel word?

## 1.3 Die doel van die studie

Hierdie navorsing het ten doel om die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika prinsipieel, dit wil sê in die lig van die Skrif, te beoordeel.

Om hierdie doel te bereik word die volgende doelstellings vir die navorsing gestel:

- ✓ om vas te stel wat die Skrif ons leer oor die beskerming van sosio-ekonomiese regte;
- ✓ om die argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte te ondersoek en te beoordeel;
- ✓ om die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels te ondersoek en te beoordeel;
- ✓ om die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte te ondersoek en te beoordeel;
- ✓ om die huidige stand van sake met betrekking tot sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika te ondersoek en te beoordeel;
- ✓ om die beskerming van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika in die lig van die Skrif te ondersoek en te beoordeel.

## 1.4 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die Skrif 'n belangrike plek gee aan die realisering van sosio-ekonomiese regte. Op grond hiervan behoort sosio-ekonomiese regte in 'n grondwet beskerm te word. Verskeie Bybelse temas en Skrifgedeeltes in die Ou en Nuwe Testament bevestig hierdie feit.

## 1.5 Metode van ondersoek

Hierdie teologies-etiese studie word gedoen vanuit die Gereformeerde tradisie.

In die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae, word die volgende metodes gebruik:

- om vas te stel wat die getuienis van die Skrif oor sosio-ekonomiese regte is, word die tersaaklike Skrifuitsprake geïdentifiseer en geëksegetiseer. Die metode waarvolgens die eksegese gedoen word, is die grammaties-historiese metode (Deist & Burden, 1980:111-113; vgl. ook Coetzee, 1988:19-38). Eksegese sal gedoen word volgens hermeneutiese reëls wat poog om aan die Skrif in sy geheel, sowel as aan sy onderskeie dele, reg te laat geskied. Die interpretasiemodel wat as

hermeneutiese vertrekpunt gebruik sal word, is dié van Kaiser (1983) & Kaiser & Silva (1994);

- om die argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte te ondersoek en te beoordeel, word 'n vergelykende literatuurstudie gedoen om standpunte te beoordeel (Cranston, 1973:65-71; Davis, 1992:477-479; De Villiers, 1994:606-607; Didcott, 1988:65-71; Mureinik, 1992:465-468);
- om die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels te ondersoek en te beoordeel, word 'n vergelykende literatuurstudie gedoen om standpunte te beoordeel (Davis, 1992:475-490; De Villiers, 1992:29-49; Liebenberg, 2001a);
- om die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte te beoordeel, word 'n vergelykende literatuurstudie gedoen om standpunte te beoordeel (Boshoff, 1991:446-461; De Vos, 1997:67-101; Haysom, 1992:451-463; Liebenberg, 2001a; Mureinik, 1992:464-474);
- om die huidige stand van sake van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika te ondersoek en te beoordeel, word die Grondwet van Suid-Afrika ondersoek en 'n vergelykende literatuurstudie gedoen oor verklarings van die Grondwet (De Waal *et al.*, 2001:431-454; Devenish, 1998:43-104; Liebenberg, 2001a:405-443; UN, 1995; Konstitusie, 1996);
- om die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte in die lig van die Skrif te beoordeel, sal die versamelde stof deur middel van analise, interpretasie en sintese gekeur en georden word.

## 1.6 Hoofstukindeling

1. Inleiding
2. Prinsipiële evaluering van die konsep van sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan
3. Argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte, en 'n beoordeling daarvan

4. Argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels, en 'n beoordeling daarvan
5. Argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte, en 'n beoordeling daarvan
6. Die huidige stand van sake met betrekking tot sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika, en 'n beoordeling daarvan
7. Samevatting en gevolgtrekking: 'n beoordeling van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika

# HOOFSTUK 2

# Prinsipiële evaluering van die konsep van sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n prinsipiële evaluering van die konsep van sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan gemaak. By die prinsipiële evaluering van sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan is dit belangrik om te weet wat sosio-ekonomiese regte is. Om dié rede word daar aan die begin van hierdie hoofstuk 'n kort beskrywing van sosio-ekonomiese regte en die historiese ontwikkeling daarvan gegee.

Daarna sal daartoe oorgegaan word om die konsep van sosio-ekonomiese regte prinsipieel te evalueer. Omdat sosio-ekonomiese regte ook menseregte is, gaan menseregte eers prinsipieel beoordeel word. Dit sal uit bepaalde Bybelse beginsels en vanuit die konsep van "lewe" as 'n beginsel vir huidige etiese besinning oor menseregte gedoen word. Daarna sal sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan prinsipieel geëvalueer word. Dit sal gedoen word deur gegewens uit die Ou en Nuwe Testament te ondersoek.

## 2.2 Sosio-ekonomiese regte en die historiese ontwikkeling daarvan

In die menseregte word drie generasies regte onderskei, naamlik eerste-, tweede- en derdegenerasieregte.

Politieke en burgerlike regte staan bekend as eerstegenerasieregte. Hierdie regte sluit in: die reg op gelykheid, vryheid, eiendom, spraak, samekoms en assosiasie. Hulle staan ook bekend as die klassieke liberale regte en het in die agtiende eeu begin ontwikkel. 'n Handves van menseregte in sy engste vorm sal hierdie regte beskerm.

Sosio-ekonomiese regte staan bekend as tweedegenerasieregte wat hoofsaaklik in die negentiende eeu begin ontwikkel het. Hierdie regte sluit in: die reg op basiese sosiale en ekonomiese middele soos die reg op werk, onderwys, gesondheidsorg, voedsel, water en behuising. Hulle is noodsaaklik vir die individu se behoorlike inskakeling by, en deelname aan, die georganiseerde gemeenskapslewe (De Villiers, 1984:24).

Derdegenerasieregte verwys na die regte wat tans ontwikkel word, byvoorbeeld vroueregte, kinderregte en die regte van minderhede. Net soos die tweedegenerasieregte is derdegenerasieregte ook "positiewe" regte omdat dit positiewe pligte op die staat plaas.

Daar is uiteenlopende opinies aangaande die historiese oorsprong van sosio-ekonomiese regte. Volgens Siegel (soos aangehaal deur Boshoff, 1991:447) bestaan daar moontlik 'n verband tussen hedendaagse sosio-ekonomiese regte en sestiende- tot agtiende-eeuse Europese sosiale beskerming. Hy meen dat die moderne staat se sosiale verantwoordelikhede teenoor die burgers herlei kan word tot feodale stelsels vóór die agtiende eeu en dat die oorsprong daarvan reeds tydens die Franse Revolusie gevind kan word. Aan die ander kant is daar skrywers wat van mening is dat moderne sosio-ekonomiese regte uitsluitlik aan sosialisme toegeskryf moet word. Navorsing oor sosiale strukture wat in pre-koloniale Afrikagemeenskappe gedoen is, toon egter aan dat hier ook sprake van ekonomiese en sosiale ondersteuning vir die individu deur die breër gemeenskap was. Siegel (soos aangehaal deur Boshoff, 1991:447,448) vat dit soos volg saam:

> Socio-economic rights have rather deep roots, in addition to being socialist, also feudal, mercantilist, Methodist, utilitarian, radical, conservative, Roman Catholic – and even liberal.

Op 10 Desember 1948 het die Algemene Vergadering van die VN die Universele Verklaring van Menseregte aanvaar (UN, 1995:153; Vorster, 2000b:119). Artikels 22 tot 27 van hierdie Verklaring handel oor sosio-ekonomiese regte. Dit sluit in die reg op sosiale sekuriteit, op werk, op rus en ontspanning, asook die reg op 'n voldoende lewenstandaard, op onderwys, en op deelname aan die kulturele lewe.

Alhoewel die Universele Verklaring van Menseregte 'n belangrike mylpaal vir internasionale menseregte was, het dit geen bindende gesag gehad nie. Daarom het die VN se Kommissie van Menseregte reeds in 1947 voorgestel dat daar saam met die Verklaring 'n multilaterale verdrag oor menseregte moet wees. Dit het daartoe gelei dat twee menseregte-konvensies tot stand gekom het: een oor sosiale, ekonomiese en kulturele regte, die ander oor burgerlike en politieke regte. Hierdie twee menseregte-konvensies is in 1966 aanvaar en het van krag geword in 1976 (Vorster, 2000b:127; Liebenberg, 1995:361; Seleoane, 2001:33,34; UN, 1995:229). Hulle staan bekend as die Internasionale Konvensie oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (IKESKR) en die Internasionale Konvensie oor Burgerlike en Politieke Regte (IKBPR).

Die Universele Verklaring van Menseregte, die twee menseregte-konvensies en ander gebeurtenisse soos die Weense Konferensie oor Menseregte (1993) het daarin geslaag om 'n nuwe etos van menseregte in die internasionale politiek tot stand te bring. Al hoe meer lande in die wêreld het begin om 'n handves van menseregte te aanvaar (Vorster, 2000b:128). So 'n aanvaarding van 'n handves van menseregte het gepaard gegaan met 'n debat oor watter regte in so 'n handves opgeneem behoort te word. In baie gevalle word die vraag gevra of sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte beskerm moet word. Ook in Suid-Afrika word hierdie vraag nog gevra. Daarom gaan die beskerming van sosio-ekonomiese regte vervolgens prinsipieel geëvalueer word.

## 2.3 Prinsipiële evaluering van die konsep van menseregte

Die Bybel is nie 'n handboek vir menseregte of 'n deklarasie van menseregte waarin menseregte op grond van tekste (buite hul verband) afgelees kan word nie. Menseregte word gefundeer in bepaalde Bybelse beginsels (Vorster, 2001:7-8; vgl. ook Du Toit, 1984:63). Een Bybelse beginsel mag ook nie losgemaak word van die geheel van die Bybelse teologie en as 'n norm aangebied word nie. Die Christelike etiek sou in hierdie opsig maklik kon verval in óf biblisisme óf 'n sekularisering van die Bybel – soos wat inderdaad gebeur het met talle ander etiese kwessies (Vorster, 2001:7).

### 2.3.1 Bybelse beginsels vir menseregte

#### 2.3.1.1 Geregtigheid

Geregtigheid in die Skrif staan in verband met God. Dit is God se wil vir die menslike werklikheid. Dit is die maatstaf waaraan alles gemeet moet word. Om oor geregtigheid in die Skrif te praat beteken dus om die terrein van die Godsleer te betree. Menseregte het daarom in die eerste plek te doen met dit wat "reg" is, dit wat in ooreenstemming met God se wil is (Du Toit, 1988:53; Du Toit, 1991:444; Vorster, 2002:301).

Die hele skepping en die mens se verlossing in Christus was God se wil en welbehae. Omdat God dit gewil het, daarom is dit "reg". "Reg" is wanneer 'n saak, toestand of verhouding is soos God dit bedoel het om te wees (Du Toit, 1988:53).

Von Rad (1962:370) toon aan dat geen ander begrip in die Ou Testament so sentrale betekenis het vir al die verhoudinge van menslike lewe as geregtigheid nie. Dit is nie alleen die standaard vir die mens se verhouding met God nie, maar ook vir sy verhouding met sy medemens. In al die verhoudinge waarin die mens staan, vereis God geregtigheid. Ook in die Nuwe Testament is geregtigheid 'n sentrale tema in Jesus se prediking, maar meer hieroor later (vgl. 2.4.2.1).

Miga 6:8; Jes. 5:16; 58:14; Amos 5:24; Hosea 4:1-3; Eseg. 16:47-49; Jes. 61:1,2 en die vervulling daarvan in Luk. 4:21 wys op die verband tussen God se wil (en dus geregtigheid) en die lot van mense wat uitgelewer is aan armoede, ellende en verdrukking. Telkens is daar ook sprake van God se toorn oor diegene wat hierdie lot veroorsaak of kontinueer. Dit kom immers neer op 'n verwerping van God se bepalings.

In die Nuwe Testament is dit duidelik dat Christus se opsoekende liefde telkens ook die armes en veragtes, die ellendiges en lydendes insluit (Luk. 4:21; 6:20 e.v.; 20:25-37; 12:13-21 e.v.; 6:19-31; 7:1-10, 36-40; 17:11-19; 19:1-10; 24:11. Ook die res van die Nuwe Testament bevat opdragte wat in uitvoering van die liefdesgebod gerig is op

mense wat die liefde, sorg en meelewing van die gelowiges nodig het (Gal. 5:22-24; 6:2; 1 Kor. 15:58 ens.).

Menseregte in 'n Bybelse sin dui dus op dit wat goed en reg is vir die mens, soos God dit bedoel het om te wees. Sosio-ekonomiese regte vorm deel van hierdie menseregte. God laat reg geskied aan diegene wat uitgelewer is aan armoede, ellende en verdrukking; sy liefde sluit sulke mense in.

### 2.3.1.2 Sedelike verantwoordelikheid

Daar is reeds daarop gewys dat God die oorsprong van geregtigheid is. Die mens word tot hierdie reg en geregtigheid geroep om die Goddelike reg en geregtigheid te bevestig en te erken in sy eie dade en beslissings. Waar God die objektiewe (of ontiese) pool van geregtigheid is, is die mens die subjektiewe (of etiese) pool van geregtigheid. Die mens is tot gehoorsaamheid aan God se reg geskape en geroep. God vra na die vervulling van sy wil, na die waarmaak van sy reg waarvan die liefdesgebod die diepste motivering is en waarin die mens bygestaan word deur God se Wet. Prakties beteken dit 'n lewe wat volgens God se wil is (Du Toit, 1988:56).

Ten spyte van die sonde bly God getrou aan Homself en aan sy skepsels. Dit word in die Skrif beskryf as sy geregtigheid. Vir die gelowige beteken God se trou verlossing. Sy verlossende geregtigheid is verlossing van onreg en ongeregtigheid in die breedste sin van die woord. "Christus ons Geregtigheid" is die vervulling van die belofte aan Israel dat Sion "deur reg" verlos sal word (vgl. Du Toit, 1988:57; Jes. 1:27).

Op dié manier oorwin God se reg en vorm dit die grond van sy herskepping, net soos wat dit ook die grond van sy oorspronklike skepping was. Maar God se herskepping in Christus moet nog in sy volheid kom. Daarom word die gelowige elke dag geroep tot sedelike beslissings wat die erkenning van God se reg weerspieël.

Die feit dat die mens in sy dade en beslissing erkenning moet gee aan God se reg, impliseer dat menseregte nie bloot iets is wat die mens toekom nie, maar dat dit ook 'n verantwoordelikheid inhou. Dit is soos twee kante van dieselfde muntstuk.

#### 2.3.1.3 Wet

Die Wet en die evangelie is nie in stryd met mekaar nie, maar hulle staan in verband met God se voortdurende heilshandelinge met die mens en die wêreld. Daar is onderskeiding, daar is historiese voortgang en prioriteit, maar in daardie geskiedenis vind ons die kontinuïteit van 'n voorsienige God wat op weg is met sy skepping na die voleinding daarvan (Du Toit, 1988:55).

God gee aan die mensdom die Tien Gebooie (Rom. 2:16). Deur die Tien Gebooie moet dit wat reg is tot stand kom. Die gelowige moet deur sy getuienis en lewe dit wat reg is waar maak (vgl. Du Toit, 1984:64; Vorster, 2001:13). Daarom is die Tien Gebooie – naas die kernbron van die mens se ellende en tugmeester tot Christus – ook reël van die dankbaarheidslewe van die gelowige (Vorster, 2001:13).

Volgens Vorster (2001:14) moet die volgende drie sake in gedagte gehou word oor die betekenis van die Tien Gebooie van God vir menseregte:

- Dit is nie so eenvoudig om alle menseregte uit die Tien Gebooie af te lees nie. Daar moet gewaak word teen 'n sekularisasie van die Tien Gebooie. Die pligte vestig die regte.
- Wat die betekenis van die Tien Gebooie vir menseregte aanbetref, moet deeglik rekening gehou word met die liefde as samevatting van die Wet. Die liefde tot God en die naaste is die kanaal waardeur die gelowige se lewe tot ontplooiing kom, asook die stukrag en begeleier van die lewensontplooiing van ander.
- Die sinekdogeekarakter ('n deel word genoem, maar 'n geheel word bedoel) van die Tien Gebooie moet in berekening gebring word. In die sesde gebod word die wederregtelike doodmaak van 'n ander persoon byvoorbeeld verbied. By aborsie en eutanasie word ander mense wederregtelik doodgemaak. Daarom is die sesde gebod ook daarop van toepassing al word dit glad nie daarin genoem nie (De Bruyn, 1993:20).

Die plig in die Tien Gebooie vestig die reg. Volgens die eerste gebod moet die gelowige die vryheid hê om God volgens sy Woord te dien (Heb. 9:14; 10-22). Die tweede gebod vestig ook die reg van die gelowige om God in vryheid te dien, sonder dat hy deur die owerheid verplig kan word om 'n ander godsdiens te beoefen. Die

derde gebod vestig die reg van eerbied vir persoonsintegriteit. Die mens ontvang die reg teen belastering (Jak. 3:9) saam met die plig om die naam van die Here in ere te hou en mense nie te belaster nie. Die vierde gebod vestig, onder andere, die reg van billike arbeidspraktyke, en die vyfde gebod die reg op billike gesagsuitoefening (Vorster, 2001:14,15).

Die reg op lewe vind sy grond in die verbod op doodslag in die sesde gebod en hierdie reg veronderstel die reg op voedsel en veral op die middel om dit te verkry, naamlik arbeid. Die sewende gebod vestig die reg op vrye keuse t.o.v. die huwelik en die agste gebod belig eiendomsreg. Volgens die negende gebod kan vereis word dat die mens die reg het op 'n billike verhoor en verdediging teen laster. Uit die tiende gebod sou ook besitreg afgelei kan word (Vorster, 2001:15).

Die Tien Gebooie is dus belangrik vir die prinsipiële evaluering van menseregte. Die Tien Gebooie moet egter nie oorvra word in hierdie verband nie. Dit is ook nie nodig nie, omdat 'n Christelik-etiese beskouing, soos reeds aangedui, op veel meer as die Tien Gebooie berus (Vorster, 2001:15).

#### 2.3.1.4 Liefde

Die vervulling van God se reg- en geregtigheidseise verskyn in die Persoon van sy Seun, Jesus Christus. Jesus Christus druk God se wese uit want God *is* liefde (vgl. 1 Joh. 4:8,16). Die gelowige word nie aan abstrakte regsbeginsels gebind nie, maar aan Hom, aan *sy* reg en *sy* liefde. Daarom is wettisisme nie alleen miskenning van die Wet nie, maar ook miskenning van die liefde. En daarom bly die hoogste reg, die reg van die Liefde (Du Toit, 1988:58).

Reeds in die Ou Testament is die liefde die samevatting van die Wet (Deut. 6:4,5; Lev. 19:18), ook ten opsigte van die vreemdeling (Lev. 19:33-34). Christus stel die liefde as die eintlike uitgangspunt van die gelowige se ganse bestaan (Matt. 22:37-39). Dit beteken dat ware geregtigheid sonder God onmoontlik is, maar óók dat die liefde nie anders kan as om instrument van geregtigheid te wees nie (Du Toit, 1991:446). Daarom moet politieke, sosiale en ekonomiese handelinge ook daardeur bepaal word.

Hierdie liefde is omvattend omdat dit alle mense insluit, ook die vyand (Matt. 5:32 e.v.; Luk. 10:24 e.v.), maar ook omdat dit alle lewensterreine insluit en uitgaan na alle vorme van nood (Matt. 25:31 e.v.). Die liefde is betrokke by pyn en siekte, honger en armoede, by eensaamheid en verdrukking. Hierdie liefde moet nie net teenoor medegelowiges bewys word nie, maar teenoor alle mense.

Omdat die hoogste reg die reg van die liefde is, moet dit in menseregte ook oor liefde gaan. Dit is elke mens se reg om liefde te ontvang, maar dit is ook sy verantwoordelikheid om liefde te gee. Deur uit te reik na mense wat in sosiale en ekonomiese nood verkeer, word liefde konkreet bewys.

#### 2.3.1.5 Barmhartigheid

Liefde beteken om reg aan ander te laat geskied. Daarom is dit 'n gestalte van geregtigheid en daarom streef dit daarna om die Wet van God na te kom. Vir die samelewing vandag beteken dit dat die liefde daarna sal streef om regverdige wette sowel as sosiaal-maatskaplike en politieke strukture daar te stel.

'n Ander belangrike gestalte van liefde is barmhartigheid. In die Ou Testament staan barmhartigheid (*raḥam*) in verband met *reḥem* wat "moederskoot" beteken (Harris, 1999:841). Soos 'n ongebore baba beskerm en gevoed word, so moet die belange van die naaste in 'n omvattende sin die objek van barmhartigheid wees. Die beteken dat die wat in nood verkeer se lot verander moet word sodat hy "gebore" kan word tot 'n nuwe en menswaardige bestaan in 'n gemeenskap waar sy nood opgehef word. Barmhartigheid beteken dus nie alleen meelewing en medelye wat van die hart uitgaan nie, maar ook daadwerklike ontferming wat wil heelmaak, genees en herstel. Jesus se lewe is self 'n voorbeeld daarvan (Mark. 1:41; 6:34 e.v.; 8:2 e.v.). Hy roep die gelowiges ook op om barmhartigheid aan alle mense te bewys (vgl. Matt. 5:7; Luk. 3:11; 6:36; 10:25-37; Du Toit, 1988:61).

#### 2.3.1.6 Waarheid

"Waarheid" in die tipiese moderne Westerse opvatting beteken dat iets wat gesê of voorgestel word, in ooreenstemming is met die feite van die saak waarop dit

Wanneer Christus kom en die gelowige vrymaak, dan maak Hy nie vry tot 'n neutrale keusemoontlikheid nie, maar Hy maak vry tot 'n nuwe werklikheid waar daar nie meer sprake is van 'n ander keuse nie. Vryheid beteken om in waarheid waarlik mens en menswaardig te wees (Joh. 8:32). Christelike vryheid is dus nie die liberale en sekulêre vryheid tot heerskappy nie, maar vryheid tot diens en gemeenskap (Du Toit, 1988:65).

Vryheid kan dus nie die hoofdoel van menseregte wees nie. Menseregte en vryheid word gekwalifiseer deur die doel van God met die mens en is gerig op sy eer (Du, Toit, 1988:65).

#### 2.3.1.8 Vrede

"Vrede" is net soos geregtigheid 'n sentrale en omvattende begrip in die Bybel. Dit dui op die algemene en totale welsyn van die mens binne die gemeenskap waarin hy leef. Daar waar vrede is, word menseregte beskerm. Vrede en geregtigheid staan in noue verband met mekaar: "Liefde en trou sal mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede sal mekaar omhels... " (Ps. 85:11). Uit hierdie gedeelte is dit ook duidelik dat liefde, trou, geregtigheid en vrede (*sjalom*) in 'n noue verband staan met mekaar. Daarom mag vrede nooit eensydig vergeestelik word nie (Du Toit, 1988:69).

#### 2.3.1.9 Arbeid

Die mens is na die beeld van God geskape en daarom moet hy iets van die werksame God in sy lewe weerspieël (Gen. 1:27-28). Natuurlik rus God ook en moet die mens ook rus (Gen. 2:2; Eks. 20:11), maar God is ook die werkende God wat dinge skep en deur sy voorsienigheid onderhou (vgl. Gen. 1; Joh. 5:17; Faasen, 1985:90-92). As beeld van God word die mens dus geroep om God op aarde te verteenwoordig. Die mens het 'n Goddelik opdrag om die skepping te bewaak en te beheers. (Gen. 1:28; Gen. 2:18; Ps. 8). Dit is van die vroegste opdragte wat God aan die mens gegee het. Hierdie opdrag om te werk veronderstel dus 'n reg op arbeid (vgl. Van Wyk, 1991:257; De Bruyn, 1993:259).

Die reg op arbeid veronderstel ook die reg (en daarmee saam ook die plig) tot wetenskaplik vooruitgang en onderwys. Om die natuur op 'n verantwoordelike wyse te bewaak en te beheers moet die mens homself ook besig hou met wetenskaplike vooruitgang. Wetenskaplike vooruitgang mag egter nie gebruik word om die natuur te vernietig nie. Net so moet die mens onderrig word om op 'n verantwoordelike wyse te kan werk. Onderrig staan in die Bybel in verband met God se Woord, sy Wet, wysheid en die evangelie (Eks. 24:12; Deut. 33:10; 1 Sam. 7:6; Ps. 119:125; Spr. 1:2; 15:33; Jes. 40:14; Hand. 18:25; Gal. 6:6; 1 Tim. 2:7). Hierdie onderrig impliseer ook onderrig om op 'n verantwoordelike wyse te kan arbei.

Dit is uit die Skrif duidelik dat menslike arbeid op lewensonderhoud gerig is. Die Here gee aan die mens 'n opdrag om die tuin (en die wêreld) te bewerk (Gen. 2:15), maar daarmee saam mag hy ook van die vrugte eet en daarvan geniet (Gen. 2:16; Van Wyk, 2001:438). Paulus skryf dat elkeen in sy eie lewensonderhoud moet voorsien (Ef. 4:28; 1 Tess. 4:11) en hy vermaan leeglêers om hulle aandag by hulle werk te bepaal en hulle eie brood te verdien (2 Tess. 3:12). Daarom sê hy ook in 2 Tess. 3:10: "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie" (vgl. De Bruyn, 1993:260; Van Wyk, 2001:438,439).

'n Belangrike aspek van arbeid is dat dit ook 'n vorm van medemenslikheid is. Die mens werk nie net vir homself nie, maar ook vir sy naaste en veral vir arm mense (vgl. Van Wyk, 2001:439). In Hand. 20:35 sê Paulus: "Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help." Aan die gelowiges in Efese skryf hy: "As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee" (Ef. 4:28). Wie sy hand vir sy medemens toehou, en veral vir die arm medemens, steel van die Here. "Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here." (Spr. 19:17; vgl. Spr. 28:27). Deur sy arbeid laat 'n mens sosiale geregtigheid geskied en word 'n verantwoordelike samelewing opgebou (vgl. Van Wyk, 2001:11,12).

Arbeid staan ook in verband met die natuur. Die mens bewerk immers die natuur en omskep dit tot kultuur (Van Wyk, 1988:84-97; vgl. Gen. 1:28). Deur sy arbeid moet die mens die natuur beheers en dit ontplooi, maar nie vervuil en vernietig nie.

Besoedeling is nie prinsipieel aanvaarbaar nie en moet afgekeur word. As die mens sy eie werkterrein vernietig, kan hy tog in elk geval nie meer werk nie (vgl. Van Wyk, 2001:440).

Dit is dus duidelik dat elke mens van die skepping van die wêreld af 'n reg op arbeid het en alles wat hiermee saamgaan: arbeidsgeleenthede, arbeidsvervulling en selfs arbeidsvreugde (Van Wyk, 1991:257). Werksaam-wees is deel van menswees; wie nie werk nie, tas sy eie menswees aan. Die mens moet egter nie 'n slaaf van arbeid wees nie, en daarom het God dit ook so bestem dat elke mens moet rus (Gen. 2:2; Eks. 20:11). Saam met die reg op arbeid is daar dus ook die reg op rus. Uit die bespreking hierbo is dit ook duidelik dat menslike arbeid op lewensonderhoud gerig is. Baie sosio-ekonomiese regte word dus beskerm deur arbeid. Wie verantwoordelik werk beskerm die natuur, voorsien vir homself en vir ander 'n waardige lewenstandaard, maak gesondheidsorg moontlik, maak opvoeding moontlik, maak kulturele lewe en wetenskaplike vooruitgang moontlik, en verseker dat moeders en kinders spesiale sorg ontvang.

### 2.3.2 Die konsep van "lewe" as 'n beginsel vir huidige etiese besinning

Volgens Vorster (2000a:14) is die konsep van "lewe" 'n belangrike kontemporêre beginsel vir die etiek. Hierdie beginsel vervang nie ander beginsels soos liefde, vrede en geregtigheid nie, maar sluit eerder daarby aan. Hierdie konsep van "lewe" speel 'n belangrike rol in die etiese evaluering van menseregte vanuit 'n Christelik-etiese oogpunt. Vorster (2000a:14-18) bespreek die konsep van "lewe" in 'n skeppingsperspektief, 'n herskeppingsperspektief, en 'n eskatologiese perspektief.

#### 2.3.2.1 Lewe in skeppingsperspektief

Die mens is na die beeld van God geskep en God het aan die mens 'n kultuurmandaat gegee (Gen. 1:27, 28). Die mens as beeld van God en sy kultuurmandaat het direkte etiese implikasies. Dit is die mens se plig om die lewe wat God geskep het te beskerm, te bewaar en te bevorder. Die mens mag nie lewe in God se skepping vernietig nie. Alles wat hy doen moet lewe en die kwaliteit van lewe bevorder.

Die etiese vraagstuk wat hieruit voortvloei is: hoe hanteer die mens die lewe wat God gegee het – die lewe van die natuur, die lewe van diere, en die lewe van die mens? Lewe as 'n skepping van God moet sekerlik beskerm en ontvou word. God beveel dit in sy Wet.

### 2.3.2.2 Lewe in herskeppingsperspektief

Die sondeval het die mens se verhouding met God verbreek. Deur die herskeppende werk van Jesus Christus is diegene wat aan Jesus Christus behoort in 'n nuwe verhouding met God gebring (2 Kor. 5:17). Die essensie van hierdie nuwe lewe is om God te dien en hierdie diens sluit lewe en alle verhoudings met ons medemens in.

Lewe in 'n herskeppende perspektief lê klem op Christelike liefde as 'n riglyn vir etiese handelinge. Gemotiveer deur liefde tot eer van God moet die Christen sy naaste bystaan en dien. Die wêreld en die natuur moet ingestel word om lewe te bewaar en te ontvou. Dit gaan oor die ontvouing van die lewe van die mens en die waardigheid van die mens omdat hy na die beeld van God geskep is. Lewe in 'n herskeppingsperspektief werp nuwe lig op die evaluering van die begrip "menseregte" vanuit 'n Christelik-etiese oogpunt.

### 2.3.2.3 Lewe in eskatologiese perspektief

Die herskeppende werk van Jesus Christus sal voltooi word in die volheid van die tyd met die begin van die nuwe hemel en aarde. God se skepping is op pad na die volheid van die tyd wanneer alle gebrokenheid van hierdie wêreld tot 'n einde sal kom. Daarom het ons hoop.

Hoop is belangrik vir etiek in die gebroke wêreld waarin ons nou lewe. Hoop bring 'n lewe van verwagting dat God nie die onreg en pyn van die huidige bedeling sal laat voortduur nie. Etiese gedrag moet hierdie hoop aan die lewe hou. Die gee van hoop is van kardinale belang in die Christelike etiek. Hoop moet gegee word aan die armes, die onderdruktes en die verontregtes. Christelike etiek moet hoop bring vir mense met wanhoop.

Die lewe wat God geskep het en wat herskep is in Jesus Christus gaan oor in die ewige lewe. Daar is 'n lyn van diskontinuïteit. Die lewe gaan van die onvolledige oor na die volledige. In die onvolledige lewe moet ons nog soek na antwoorde op etiese vraagstukke. Die volledige begin met die ewige lewe en dan sal ons nie meer soek na antwoorde op etiese vraagstukke nie. Tog is daar ook 'n lyn van kontinuïteit. Die konsekwensies van ons etiese gedrag, hoe gebroke ook al, sal voortbestaan en hernuwe word. Hierdie lyn van kontinuïteit motiveer en inspireer ons om eties aktief te bly in 'n gebroke wêreld.

* * *

Die konsep van "lewe" is bespreek as 'n beginsel vir huidige etiese besinning, veral met betrekking tot menseregte. In die bespreking van hierdie konsep is aandag gegee aan lewe in 'n skeppingsperspektief, lewe in 'n herskeppingsperspektief en lewe in 'n eskatologiese perspektief. In die lig van hierdie perspektiewe word nou aandag gee aan die doemwaardigheid van die mens, die menswaardigheid van die mens (vgl. Vorster, 2001:8-15).

### 2.3.3 Die konsep van lewe toegepas op die etiese evaluering van menseregte

#### 2.3.3.1 Die doemwaardigheid van die mens

- **Die skepping van die mens**

God het alles goed geskape. God het die mens na sy beeld geskape.

Wat die beeldskap betref, bestaan daar in die teologie verskeie strominge (vgl. Vorster, 2002:284-286). Die beeldskap kan egter nie onder een noemer saamgevat word nie. Redelikheid en godsdienstigheid is albei belangrike terme, maar daarby moet ook sedelikheid gevoeg word. Van Genderen & Velema (1992:292-300) tipeer beeldskap onder andere in kindskap en onderkoningskap.

Dat die mens na die beeld van God geskep is, gee aan elke mens "menswaardigheid". Dadelik (Gen. 1:28) ontvang die mens "menseregte" om die aarde te vul, dit aan hom te onderwerp, om te heers oor alle ander skepsele, en om God se tuin "te bewerk en te bewaak" (Gen. 2:15). Daar moet raakgesien word dat hierdie basiese "menseregte" ook verantwoordelikhede inhou. As beelddraer van God word die verantwoordelikheid op die mens gelê om oor die hele skepping te heers en dit te bewerk en te bewaak.

- **Die sondeval**

Die volmaaktheid van God se skepping en die mens as die beeld van God kan nie buiteom die sondeval beredeneer word nie. Die sondeval en sy gevolge vorm 'n wesentlike element van die Christelike antropologie.

Die sondeval beteken dat die mens totaal verdorwe is (Rom. 3:10). Hierdie verdorwenheid loop deur die hele menslike geslag langs die lyn van die erfsonde (Ps. 51:7; 1 Kor. 15:22). Die sondeval het die mens van God vervreem en daarom het daar ook vervreemding van mekaar gekom. Deur die sonde het die mens van nature geneig geraak om God en sy naaste te haat.

Die totale verdorwenheid loop uit op die verdoemenis (Rom. 3:19). Die mens het dus doemwaardig geword. Die doemwaardigheid beteken dat die mens teenoor God geen regte het nie, in die sin dat hy nie op grond van sy eie werke op genade kan aanspraak maak nie. Die doemwaardigheid beteken egter nie dat die mens sy medemens as doemwaardig moet beskou en sodanig moet behandel nie. Teenoor mekaar het die mens Godgegewe menswaardigheid.

#### 2.3.3.2 Die menswaardigheid van die mens

➢ **Die beeldskap na die sondeval**

Na die sondeval is die mens se beeldskap geskend, maar nie vernietig nie. In hierdie verband is die volgende drie Skrifgedeeltes van besondere belang: Gen. 9:6; Jak. 3:9; Ps. 8:6. Christologies en pneumatologies beredeneer, beteken dit dat die beeldskap in

Christus in beginsel bevestig en met die Wederkoms in die gelowiges volledig herstel word. Die wedergebore mens toon nou, soos alle mense, 'n geskonde beeld van God, maar sal in die nuwe hemel en aarde 'n volledig herstelde beeld vertoon (Van Wyk, 1991:256; Van Wyk, 1987:33; Van Wyk, 1998:172).

Die beeldskap maak die mens menswaardig. Dit is 'n waardigheid wat God aan hom gee. Uit die beeldskap vloei die verantwoordelikhede van die mens in 'n sondige bedeling voort. God maak die mens menswaardig sodat die sondige mens in 'n gebroke wêreld menswaardig kan optree. Hierdie waardigheid kom onder andere daarin na vore dat God aan die mens pligte oplê.

Die verantwoordelikheid wat die beeldskap meebring en die pligte wat God oplê, bring ook regte mee. Pligte en regte is korrelate begrippe. Die plig om lewe te beskerm, impliseer byvoorbeeld dat die mens 'n reg op lewe het. Die een mens se plig vestig die ander mens se reg. God gee nie óf pligte óf regte nie, maar pligte én regte – as twee kante van dieselfde munt. Wanneer regte sonder pligte beoefen word, word dit misbruik.

Dat ons regte het, is nie te danke aan ons natuur nie, maar aan wat God ons gee. Ons menswees en ons beeld- en verteenwoordigerwees is gawes uit sy hand en Hy gee aan die mens regte. Die mens se regte is nie regte teenoor God nie, maar regte voor God.

### ➢ Die natuurreg

Die idee van die natuurreg (*ius naturae* of *lex naturae*) is op twee maniere in die Christelike teologie verklaar. Die begrip natuurreg het sy ontstaan in die Griekse filosofie as 'n aanduiding van die regte wat 'n mens sou besit omdat hy mens is. Hierdie betekenis is dan ook later deur die humanisme oorgeneem (Vorster, 2001:12). Spykman (1979:9) gee vanuit 'n Christelike oogpunt kritiek teen hierdie gebruik van die natuurreg. Hy sien menseregte eerder as skeppingsregte. Hiervolgens het die mens regte omdat God dit aan hom gee.

Die tweede verklaring van natuurreg word gevind by Calvyn en is uit 'n Christelike oogpunt meer bruikbaar. Onder natuurreg verstaan hy die wet wat wyer is as die Tien

Gebooie. In sy inleiding tot die bespreking van die Tien Gebooie praat hy oor die wet wat aan alle mense gegee is.

> "Verder sê die inwendige wet, waarvan ons tevore gesê het dat dit op die harte van alle mense ingegraveer en afgedruk is, juis die dinge wat ons uit die twee tafels van die wet moet leer, op die een of ander wyse aan ons voor" (Inst. 2.8.1).

In sy bespreking van die inwendige wet, verwys hy na hierdie wet as die natuurwet (vgl. Inst. 2.8.1). In sy kommentaar op Rom. 2:14-15 stel hy dit duidelik alle mense 'n beperkte sin van geregtigheid het (Calvyn, 1984b:96).

Bohatec (1934:3) het hierdie begrippe van Calvyn nagevors en hy verklaar dit soos volg:

> "Die lex naturae ist vornehmlich der Inbegriff der praktischen, dem Menschengeist angeborenen rechtlichen und sittlichen Prinzipien (iustitiae ac rectitudinis conceptiones) die die Griechen als proletheis bezeichnet haben."

Elke persoon het 'n sin van geregtigheid en die burgerlike regering is verplig om hierdie sin van geregtigheid te ontwikkel (Vorster, 1999:210).

Die natuurwet is openlik opgeskryf in die Tien Gebooie sodat die gelowiges dit beter kan verstaan. Ten opsigte van die Tien Gebooie, is die owerheid die beskermer van beide tafels van die Dekaloog. Calvyn (Inst. 4.20.9) skryf soos volg hieroor:

> "As die Skrif ons nie leer dat dit oor beide tafels van die wet strek nie, moet ons dit inderdaad van heidense skrywers leer. Nie een van hulle het trouens oor die plig van die owerheid, oor die maak van wette en die staat geskryf sonder om by die godsdiens en die aanbidding van God te begin nie."

Die owerheid het die verantwoordelikheid om geregtigheid (ook sosio-ekonomiese geregtigheid) onder sy burgers tot stand te bring en in hierdie verband verwys Calvyn (vgl. Inst. 4.20.9) na Jer. 22:3 en Ps. 82:3,4. Die natuurwet, soos dit opgesom word in Tien gebooie, bepaal daarom die verantwoordelikheid van die burgerlike regering (vgl. Vorster, 1999:210).

Natuurreg beteken dus dat alle mense, gelowige en ongelowig, 'n sedelike bewussyn het. Ongeag die sonde kan die mens morele keuses maak. König (1993:90) bring

hierdie betekenis van die natuurreg tuis onder die gereformeerde begrip "algemene genade". Hy beskryf dit soos volg:

> "Al is die mens totaal verdorwe, laat God nie toe dat die samelewing totaal ontaard nie. Trouens, heelwat van die algemene deugde in 'n samelewing is analoog aan egte Christelike deugde.

Velema (1980:47) kom ook tot die konklusie dat elke mens, ongeag die sonde, 'n normbesef het waardeur God die sonde wil beteuel. Hy verdedig die siening met tekste soos Rom. 1:19-20 en 2:14-16. Die natuurreg in hierdie betekenis staan vir hom teenoor humaniteit. Humaniteit (en humanisme) berus op 'n vermeende innerlike menslike goedheid, terwyl die natuurreg en die normbesef wat dit meebring, spruit uit God se algemene openbaring.

Die mens se beeldskap van God en die natuurreg as die normbesef van die mens, voortspruitend uit die algemene goedheid van God, vestig dus menswaardigheid, mensepligte en menseregte (vgl. Vorster, 2001:13).

## 2.4 Prinsipiële evaluering van sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan

Uit die bespreking tot dusver is dit duidelik dat menseregte prinsipieel begrond kan word. Hierdie begronding is gedoen vanuit bepaalde Bybelse beginsels en die konsep van "lewe". Deur die prinsipiële begronding van menseregte is sosio-ekonomiese regte ook prinsipieel begrond want sosio-ekonomiese regte is menseregte. In dié begronding is daar ook dikwels verwys na sosio-ekonomiese regte en dat dit prinsipieel begrond kan word.

Daar is egter gegewens in die Skrif wat spesifiek gebruik kan word vir die prinsipiële begronding van sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan. Hierdie gegewens gaan ondersoek word deur te kyk na die Ou Testament en daarna na die Nuwe Testament.

Artikels 23 tot 27 van die VN se Universele Verklaring van Menseregte, wat in bylaag A gevind kan word, noem 'n aantal sosio-ekonomiese regte. Hierdie regte sluit in: die

reg op arbeid en alles wat daarmee saamgaan (vrye keuse van indiensneming, gunstige werksomstandighede, gelyke betaling vir gelyke werk, regverdige vergoeding vir 'n waardige bestaan), die reg op ontspanning, die reg op 'n waardige lewenstandaard (kos, klere, huisvesting, mediese versorging en 'n skoon omgewing, nodige maatskaplike dienste en regte op sekuriteit), die reg van moeders en kinders op spesiale sorg, die reg op opvoeding, die reg om deel te neem aan die kulturele lewe en die reg op wetenskaplike vooruitgang. Hierdie regte kom ook voor in die IKESKR en word daarin verder omskryf (vgl. UN, 1995:229-234).

Dit sal duidelik word dat hierdie sosio-ekonomiese regte prinsipieel gefundeer kan word en dat dit beskerm moet word. Dit moet ook deurentyd in gedagte gehou word dat pligte en regte korrelate is. Pligte bring regte mee en regte bring pligte mee. Byvoorbeeld: die reg om te werk, vestig die plig om te werk.

### 2.4.1 Gegewens uit die Ou Testament

Gegewens uit die Ou Testament oor sosiale en ekonomiese wette, word nou ondersoek. Dit word gedoen deur ondersoek in te stel na die sosiale en ekonomiese wette van Israel, die digterlike en wysheidsboeke, en die profete.

#### 2.4.1.1 Die sosiale en ekonomiese wette van Israel

Die sosiale en ekonomiese wette van Israel is van besondere betekenis vir die prinsipiële evaluering van sosio-ekonomiese regte. Onder 2.3 is dit reeds genoem dat menseregte nie uit bepaalde tekste (buite hulle verband) afgelees kan word nie. Daarom moet daarteen gewaak word om sosio-ekonomiese regte direk uit die sosiale en ekonomiese wette van Israel te probeer aflees. Tog verskaf hierdie wette belangrike beginsels vir die prinsipiële begronding van sosio-ekonomiese menseregte.

Dit is ook belangrik om te onthou dat die Ou-Testamentiese wette nie op 'n ahistoriese wyse lynreg na die hedendaagse samelewing oorgedra kan word nie. Die Israelitiese wette het nie binne 'n historiese vakuum ontstaan nie. Die sosio-politiese verskille tussen die verhoudings wat geheers het toe die wette van Israel saamgestel

is, en die samelewingsverhoudinge van vandag, moet verreken word. Antieke Israel se ekonomiese en familienetwerke het heeltemal verskil van die hedendaagse samelewing. Verder moet dit ook in gedagte gehou word dat Israel 'n teokrasie was, wat as verbondsvolk direk deur Jahweh regeer is. Die koning was 'n verteenwoordiger van God self. Die teokratiese wette van Israel kan nie direk op 'n moderne staat van toepassing gemaak word nie. Die heilshistoriese lyn loop vanaf Israel na die Kerk as die Nuwe-Testamentiese verbondsvolk en nie vanaf Israel na die moderne staat nie (vgl. Greidanus, 1984:6; Vorster, 2002:306-307).

Dit beteken egter nie dat die sosiale en ekonomiese wette van die Ou Testament (wat spesifiek in die Pentateug voorkom) geen normatiewe waarde vir die mens van vandag het nie. Agter hierdie voorskrifte lê 'n teologiese mensbeskouing en teologiese siening van ideale menseverhoudinge, wat vir die hedendaagse realiteit relevant is. Die relevansie van die Ou-Testamentiese wette kan gesien word in die wyse waarmee Christus met die Ou-Testamentiese wette omgaan. In Matt. 5:17,18 sê Christus: "Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. [18]Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die Wet sal wegval voordat alles voleindig is." Christus gee wel 'n nuwe betekenis aan die Ou-Testamentiese wette, maar Hy werk nog steeds met dieselfde Godsleer, mensbeskouing en idee van ideale menseverhoudinge as die Pentateug. Die Ou-Testamentiese wette bied nie ewige juridiese norme nie, maar bevat wel belangrike teologiese gegewens vir die verstaan van sosiale en ekonomiese regte.

Die sosiale en ekonomiese wette van Israel is só saamgestel dat elke lid van die gemeenskap 'n menswaardige bestaan kan voer. Dit is nie die sterkes en onafhanklikes in die samelewing wat sukkel om 'n menswaardige bestaan te maak nie, maar die afhanklikes. Daarom word die afhanklikes op 'n besondere manier beskerm. Die afhanklikes in die samelewing is slawe, armes, weduwees, weeskinders en vreemdelinge. Dit is hierdie afhanklikes se reg op 'n menswaardige bestaan wat op 'n besondere manier beskerm moet word. Die eis tot sosiale geregtigheid teenoor die swakkes en afhanklikes word telkens gefundeer in die karakter van God wat omsien na die regte van swakkes (vgl. Eks. 23:6,7 en Deut. 15:9).

## ➢ Wette oor die regte van slawe

Slawerny is een van die euwels van alle tye. In die tyd van Ou Testament was dit egter 'n algemene gebruik. Slawerny is ook toegelaat in Israel, maar slawewette het hulle regte en menslikheid beskerm. Al die slawewette het beoog om die lewens van slawe draagliker te maak of om die tydperk van slawerny te verkort.

'n Israeliet wat in finansiële moeilikheid beland het, kon as 'n skuldslaaf gaan werk om sy skuld te betaal. So 'n Israeliet mog egter nie altyd as 'n slaaf bly werk nie. Hy het 'n reg op vryheid gehad en daarom moes hy tydens die hersteljaar vrygelaat word. Wanneer hy vrygelaat word, moet Hy ook nie met leë hande weggaan nie – anders was hy niks beter af as toe hy 'n slaaf geword het nie. Hy moet vergoed word sodat hy die nodige ekonomiese middele kan hê om op sy eie 'n menswaardige bestaan te gaan voer (vgl. Eks. 21:2; Deut. 15:12-15).

Die huwelikstaat van die manlike skuldslaaf was belangrik. As hy getroud was toe hy 'n slaaf geword het, het sy gesin saam met hom slawe geword omdat hy die hoof van die huis is. Daarom moet sy gesin ook saam met hom vrygelaat word. Wanneer sy eienaar egter vir hom 'n vrou gegee het terwyl hy 'n slaaf was, is die eienaar nie verplig om sy gesin vry te laat nie. As die slaaf wat vrygelaat moet word besluit om 'n slaaf te bly omdat Hy sy eienaar en sy vrou (wat hy by sy eienaar gekry het) en kinders liefhet, het hy die reg om dit te doen. In so 'n geval word 'n gaatjie in sy oor gemaak as teken van permanente slawerny. Hierdie voorskrif geld ook vir 'n slavin (vgl. Eks. 21:3-6, Deut. 15:16-18).

Volgens Eks. 21:7-11 kan dit gebeur dat 'n man weens skuld verplig is om sy dogter aan iemand anders as slavin te verkoop. 'n Man (*ish*) word in die slawewette deurgaans vir 'n vryburger gebruik. Die Hebreeuse woord *amah* (slavin) dui op 'n vroulike persoon wat vir iemand anders werk. Die woord dra ook die betekenis van 'n tweede vrou, 'n byvrou (vgl. Van Zyl, 1997 en Kaiser, 1983:99). In Eks. 21:7-11 gaan dit oor 'n man wat sy dogter verkoop om as 'n tweede vrou te dien. Dit kan gebeur dat haar eienaar nie meer van haar hou nie. In so 'n geval moet hy toelaat dat haar mense haar teen dieselfde bedrag terugkoop. Daar bestaan 'n

huweliksverhouding en daarom mag sy nie aan vreemde mense (nie-Israeliete) verkoop word nie. Wanneer sy met haar eienaar se seun trou, is sy nie meer 'n byvrou nie, maar het sy al die regte van 'n dogter. As haar eienaar 'n ander vrou vat en sy nie meer as 'n byvrou erken word nie, moet sy nog steeds deur haar eienaar onderhou word. Wanneer hierdie regte van haar misken word, moet sy vrygelaat word.

Volgens Eks. 21:20,26-27 mag geen slaaf doodgemaak of onmenslik behandel word nie. Wanneer 'n slaaf doodgeslaan word, moet dit gewreek word. Hier word na bloedwraak verwys, t.w. die destydse vergeldingsreg van 'n lewe vir 'n lewe (Eks. 21:23). As 'n slaaf blywend beskadig word (al word net sy tand uitgeslaan), moet hy vrygelaat word. Elke slaaf het dus die reg op lewe gehad en die reg om menswaardig behandel te word. Deut. 23:15,16 laat 'n slaaf toe om te vlug wanneer hy onmenslik behandel word. Die aanspraak van die slaafeienaar word in so 'n geval glad nie beskerm nie, alleen die reg van die slaaf: "Jy mag nie 'n slaaf wat van sy eienaar af weggeloop het, aan sy eienaar teruggee nie." (vgl. Vorster, 2002:311).

Lev. 25:39-43 bepaal dat 'n Israeliet wat homself aan 'n mede-Israeliet verkoop om sy skuld te betaal, nie slawewerk mag doen nie. Slawewerk, soos om die eienaar se skoene aan en uit te trek (vgl. Matt. 3:11) en meel te maal (vgl. Rig. 16:21), was vir die Israeliete verbode. Eintlik was sulke Israeliete wat hulle skuld afbetaal het nie slawe nie, maar dagloners of bywoners wat hulle skuld afgewerk het. Hulle mog nie onmenslik behandel word of onmenslike werk verrig nie. Elke Israeliet het dus die reg op billike arbeid en arbeidspraktyke gehad. Die hersteljaar het 'n einde gemaak aan die dienstydperk van 'n skuldenaar en sy afhanklikes. God het die Israeliete uit Egipte laat trek en hulle bevry van slawerny. Daarom mag hulle nie permanent slawe wees en soos slawe behandel word nie. Selfs nie eens 'n nie-Israeliet kon iemand uit God se volk permanent as slaaf besit nie (Lev. 25:47-55). Greidanus (1984:17) toon aan dat God die menslike persoon van so 'n hoë waarde ag dat so 'n persoon nooit as 'n slaaf verkoop kan word nie, alhoewel hy gedwing kan word om sy arbeid vir 'n maksimum van ses jaar te verkoop.

Slawe, ook heidense slawe, was deel van die Israelitiese gemeenskap en het soos gewone burgers juridies beskermde regte geniet (Vorster, 2002:311). Slawe was deel van die huisgesin (vgl. Deut. 15:16), hulle het deel gehad aan die godsdienstige lewe

van die huisgesin soos die Sabbatsrus, offermaaltye, feeste en Pasga, en hulle het soms ook leidende posisies in die familie ingeneem (vgl. König, 1993:97; Genesis 24:2; Spreuke 17:2 en Genesis 15:2). Slawe het ook 'n reg op rus gehad. Elke Sabbat kon die slaaf rus en elke Sabbatsjaar was vir die slaaf 'n algehele rusjaar (Eks. 20:17 en Lev. 25:6-7). Rus was 'n integrale deel van die Israelitiese samelewing. Die lewe gaan nie net oor werk, werk, werk nie; maar werk is elke sewe dae onderbreek met 'n dag van rus en elke sewe jaar met 'n volle jaar van rus. Elke menslike persoon, van die baas tot die dienskneg, het 'n reg om te rus.

Vandag kom slawerny oor die algemeen nie meer voor nie. Dit beteken egter nie dat die slawewette van die Pentateug niks met die hedendaagse samelewing te doen het nie. Hierdie wette lê beginsels neer oor hoe ander mense, veral werknemers, behandel moet word. Uit hierdie wette is dit duidelik dat God wil hê dat mense nie onderdruk moet word nie, maar dat hulle op 'n menswaardige wyse behandel moet word. Werkers se basiese regte mag nie ontneem word nie en hulle mag nie uitgebuit word nie. Die slawewette van die Pentateug lê die grondslag vir die reg op vrye keuse van indiensneming, regverdige en gunstige werksomstandighede, en billike en regverdige vergoeding.

➢ **Wette oor die regte van vreemdelinge**

Die vreemdelinge (*girim*) was meestal Kanaäniete wat in die beloofde land gebly het, of uitlanders wat nie slawe was nie. Die vreemdelinge het nie volle burgerlike regte geniet nie. Hulle kon wel eiendom besit, maar hulle het nie politieke regte gehad nie. Aangesien al die grondeiendom in die hande van die Israeliete was, is die vreemdelinge gedwing om hulle dienste uit te verhuur (vgl. Deut. 24:14; De Vaux, 1968:74,75). As 'n reël was hulle arm, net soos die weduwees en weeskinders. In teenstelling met die Egiptiese wêreld, waar vreemdelinge as barbare beskou is, is die vreemdelinge in die Israelitiese samelewing aanvaar en juridies beskerm, hoewel hulle nie volle regte besit het nie (Vriezen, 1966:407). In die dag-tot-dag-bestaan was daar egter geen grense tussen die Israeliete en die vreemdelinge nie (De Vaux, 1968:75; Lev. 25:47; Deut. 28:43).

Die Leviete is ook as vreemdelinge beskou omdat hulle nie grondgebied besit het nie (vgl. Rig. 17:7-9; 19:1) en omdat die wette vir die beskerming van die gemeenskap die Leviete en die vreemdelinge saamgroepeer (vgl. Deut. 12:12; 14:29; 26:12; De Vaux, 1968:74).

Die Israeliete moes vreemdelinge liefhê soos hulle mekaar moes liefhê. In Deut. 10:18 word die opdrag tot liefde teenoor vreemdelinge begrond in God se liefde en sorg vir vreemdelinge (vgl. ook Ps. 146:9; Mal. 3:5), terwyl Deut. 10:19 en Lev. 19:33 en 34 die liefdesopdrag teenoor die vreemdelinge begrond in die feit dat Israel self vreemdelinge in Egipte was: [33]"Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. [34]Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte. Ek is die Here julle God." (Lev. 19:33,34).

Die vreemdelinge het dieselfde godsdienstige regte as die Israeliete gehad. Hulle moes voldoen aan dieselfde reinigingswette (Lev. 17:8-13; 18:26), hulle moes die Sabbat onderhou (Eks. 20:10; Deut. 5:14), hulle moes vas op die dag van versoening (Lev. 16:29), hulle kon offers bring (Lev. 17:8; 22:18; Num. 15:15,16) en hulle kon deelhê aan godsdienstige feeste (Deut. 16:4). Hulle kon selfs die Paasfees vier op voorwaarde dat hulle besny is (De Vaux, 1968:75; Eks. 12:48,49; Num. 9:14).

Die vreemdelinge het net soos die Israeliete toegang gehad tot die reg en moes regverdig verhoor word (Deut. 1:16), maar hulle was ook blootgestel aan dieselfde strawwe (Lev. 20:2; 24:16,22). Ook die asielstede was oop vir vreemdelinge (De Vaux, 1968:75; Num. 35:15).

Voorts is die ekonomiese regte van die vreemdelinge beskerm. Saam met die weduwees en weeskinders het hulle gedeel in die tiendes wat elke drie jaar bymekaargemaak is (Deut. 14:29). Hulle het ook deel gekry aan die opbrengs van die Sabbatsjaar (Lev. 25:6) en die deel van die jaarlikse oeste wat nie afgeoes is nie (Vorster, 2002:313; Deut. 24:17-22).

Soos die res van die afhanklikes en swakkes was vreemdelinge onder die direkte beskerming van God. Die Here beskerm die regte van vreemdelinge en Hy gee vir hulle kos en klere (vgl. De Vaux, 1968:75; Deut. 10:18; Mal. 3:5).

Die wette wat die regte van vreemdelinge in die Israelitiese gemeenskap beskerm het, lê die grondslag vir die regte van vreemdelinge in die hedendaagse samelewing. Hierdie vreemdelinge sluit in buitelanders, vlugtelinge en toeriste. Hierdie mense se regte moet beskerm word sodat hulle 'n menswaardige bestaan kan voer. Omdat die vreemdelinge in Israel meestal arm was moes hulle deel kry aan die driejaarlikse tiendes, die opbrengs van die Sabbatsjaar en die deel van die jaarlikse oes wat nie afgeoes is nie. Hierdie wette lê dus ook die grondslag vir 'n waardige lewenstandaard. Die Here is die Een wat die regte van afhanklikes beskerm en wat vir hulle sorg (Hy gee vir hulle kos en klere).

➢ **Wette oor die regte van armes, weduwees en weeskinders**

Die regte van die armes, weduwees en weeskinders word in die Ou-Testamentiese wette spesifiek beskerm. Hulle was weerloos en hulle regte kon daarom maklik vertrap word. Net soos by vreemdelinge word Israel se liefde en sorg vir weduwees en weeskinders begrond in God se liefde vir weduwees en weeskinders (Deut. 10:18). Verder kom Israel se liefde vir God na vore op die wyse waarop hulle sorg vir afhanklikes en swakkes (Deut. 10:12-11:1). Omdat God omsien na die regte van minderbevoorregtes moet hulle regte ook deur die volk gerespekteer word. Die onderdrukking van swakkes en afhanklikes word voorgehou as 'n daad wat die toorn van God oproep: [22]"Jy mag geen weduwee of weeskind veronreg nie. [23]As jy tog so iemand veronreg en hy na My roep, sal Ek na sy hulpgeroep luister. [24]Dan sal my toorn ontvlam en Ek sal jou om die lewe bring, sodat jou vrou 'n weduwee word en jou kinders weeskinders."

Tydens die vyftigste landbouseisoen moes daar in Israel 'n algehele afskrywing van skuld plaasvind. Dit was die hersteljaar. Elkeen wat gedwing was om sy grond weens armoede te verkoop, moes weer sy erfgrond in besit neem. Die rede vir die hersteljaar was om te keer dat die land in die hande van 'n paar rykes beland, en om te verseker dat die armes hul regmatige deel van die land kry. Die afskrywing van skuld

moes die regte van armes beskerm sodat niemand as gevolg van skuld in totale (permanente) armoede sou beland nie (Lev. 25:8-13).

Die regverdige behandeling van die swakkes voor die reg is 'n maatstaf vir die geregtigheid van die Israelitiese samelewing. 'n Arme mag nie verontreg word in 'n hofsaak nie en die reg van die weduwees en weeskinders mag nie verdraai word nie (Vorster, 2002:314; Eks. 23:6; Deut. 24:17).

'n Arm man wat 'n mede-Israeliet om hulp vra, mag nie hulp geweier word nie. Die Here beveel sy volk om vrygewig te wees teenoor diegene wat in nood is. Hulle mag nie suinig wees nie en hulle moet vir swakkes en afhanklikes leen wat hulle nodig het. Armes het die reg om gehelp te word en diegene wat nie armes help nie sal skuldig staan voor God (Deut. 15:9). Wanneer 'n arme by 'n mede-Israeliet geld leen, mag hy nie rente gevra word nie. Daar mag ook nie teenoor hom soos 'n skuldeiser opgetree word nie. Die arme het die reg op basiese versorging en sosiale sekuriteit. (Eks. 22:25-27; Lev. 25:35-37; Deut. 23:19-20). Wanneer iemand sy klere verpand, moet dit voor sononder aan hom teruggegee word; anders het hy niks om onder te slaap nie (Eks. 22:26,27). Net so mag die klere van 'n weduwee nie as pand geneem word nie (Deut. 24:17). Hulle het 'n reg op kleding en beskutting.

In Deut. 24:15 word die reg van vergoeding van 'n arm en behoeftige huurling beskerm. Sy loon moet voor sononder betaal word, "want hy is arm en reken op sy loon. As jy dit nie doen nie, sal hy by die Here kla oor jou en sal jy skuldig wees".

Wanneer daar geoes word, moet die dele van die oes wat agterbly vir die weduwees en weeskinders gelos word (Deut. 24:19-22). Net so moet die opbrengste van die land in die Sabbatsjaar vir die afhanklikes gelos word (Eks. 23:11). Een van die mens se basiese behoeftes is kos, en verskeie wette beskerm die reg op kos, selfs vir arm mense en mense sonder grond. Verder moet die weduwees en weeskinders net soos die vreemdeling, in die jaar van die tiendes (elke derde jaar), 'n deel van die tiende kry (Deut. 26:13). Elke sewende jaar moet skuld afgeskryf word (Deut. 15:1,2).

Net soos by vreemdelinge lê die wette wat die regte van armes, weduwees en weeskinders beskerm die grondslag vir die reg op 'n waardige lewenstandaard. Die

feit dat 'n huurling betaal moes word voor sononder lê die grondslag vir die reg op regverdige vergoeding vir 'n waardige bestaan en gelyke betaling vir gelyke werk. In die Israelitiese samelewing moes die weerloses soos weduwees en weeskinders spesiale sorg ontvang. Dit lê die grondslag vir moeders en kinders (mense wat ook in die hedendaagse samelewing weerloos is) se reg op spesiale sorg.

### 2.4.1.2 Die digterlike en wysheidsboeke

In Ps. 82:3,4 beveel God: "Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, 'n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoeftige lewer, [4]julle moet die mens in nood en die arme bevry, hulle uit die mag van die goddelose red." Uit hierdie bevel van God is dit duidelik dat die regte van swakkes, hulpeloses en behoeftiges beskerm moet word. Verder is dit duidelik dat sosio-ekonomiese regte nie in die eerste plek *my* regte is nie, maar *my* verantwoordelikhede teenoor die regte van ander, veral teenoor die hulpeloses en behoeftiges. Dit is in lyn met Spreuke 29:7: "'n Regverdige mens is besorg oor die reg van arm mense."

In die Ou Testament was dit die plig van die koning om regte van swakkes en afhanklikes te beskerm. Psalm 72 vra van God die volgende oor die koning: "Laat die koning die reg van die verdruktes onder die volk beskerm, laat hy armes te hulp kom en verdrukkers verbrysel." Ook die Koragiete sing vir die koning in Ps. 45:5: "Mag u oorwin! Knoop die stryd aan vir die waarheid en vir die reg van die hulpelose! U is geroepe tot magtige dade."

Wanneer Job in Job 29:14 sê dat hy reg en geregtigheid laat geskied het, dan sê hy daarna in vers 15 en 16: "Ek was oë vir die blindes en voete vir die kreupeles,[16]ek was 'n vader vir die armes, ek het selfs onbekendes se regsaak behartig." Op dieselfde manier verbind Job. 36:6; Ps. 12:6; 68:6; 72:2; 112:9; 146:7,9; Spr. 31:9 en Pred. 5:8 reg en geregtigheid met die handhawing van die reg van armes, verdruktes, weeskinders, weduwees en vreemdelinge.

Dit is dus duidelik dat die sosiale en ekonomiese regte van swakkes, behoeftige en hulpeloses beskerm moet word. Alle mense het hierdie regte, maar dit is juis hierdie

mense wie se regte dikwels geskend word – en daarom moet hulle regte op 'n besondere manier beskerm word.

### 2.4.1.3 Die profete

Israel het as verbondsvolk die ernstige fout gemaak om vas te haak by hulle identiteit as verbondsvolk, in plaas daarvan om hulle taak, verantwoordelik en roeping raak te sien. Hulle het vasgehou aan hulle belydenisse oor God, hulle offerandes gebring, godsdienstige feeste gehou en tot God gebid. Maar hulle het God in 'n geïsoleerde middelpunt geplaas. Hulle het Hom nie waarlik gedien as God wat groter is as die erediens nie, God wat oor die alledaagse lewe regeer en omsien na die regte van mense, God wat Skepper is van die hele aarde en koning van alle mense (vgl. Helberg, 1984:7).

Die profete wys daarop dat, ondanks Israel se diens aan God, daar nie reg geskied nie, dat die armes en ander hulpeloses verdruk word. In Jesaja spreek God die volk soos volg aan: "Wat het Ek aan julle baie offers? vra die Here. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van voerbeeste; die bloed van bulle en lammers en bokke staan My nie aan nie. [12]As julle kom om voor My te verskyn, wie het julle gevra om my voorhowe te kom vertrap? [13]Moenie langer julle nuttelose offergawes bring nie: Ek het 'n afsku van julle wierookoffers. Nuwemaansfeeste, Sabbatsvierings, die uitroep van feesdae: Ek verdra nie feesviering met onreg saam nie...[17]Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees" (Jes. 1:11, 12, 13, 17). Die profeet Jeremia stel dit so: "Julle sê: [...] Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel! [5]Maak liewers julle lewe en julle dade reg. Doen aan mekaar wat reg is, [6]moenie vreemdelinge, weeskinders en weduwees onreg aandoen nie, moenie mense onskuldig om die lewe bring in hierdie land nie" (Jer. 7:4-6). Die profeet Amos spreek die mense van Samaria soos volg aan: "Luister na hierdie woord, julle deur wie die swakkes verdruk en die armes mishandel word [...] Kom na Bet-El toe as julle wil sonde doen, na Gilgal toe as julle nog meer sonde wil doen. Bring julle offers vroegmôre, julle tiendes op die derde dag" (Amos 4:1-4). Die aangehaalde gedeeltes wys hoe skerp die profete hulle uitspreek teen 'n verbondsvolk wat God wel dien in die erediens, maar terselfdertyd die sosiale en

ekonomiese regte van mense vertrap (vgl. ook Jes. 10:1,2; Amos 5:23,24; Miga 6:6-8).

Nie net deur wat hulle doen is Israel skuldig aan onreg nie, maar ook deur wat hulle versuim om te doen. Hulle beskerm nie die basiese regte van kos, klere en huisvesting van ellendiges, swerwelinge en naaktes nie en staan hierdie mense nie by nie (Jes. 58:7). Jer. 22:13 waarsku God Jojakim om die reg op regverdige vergoeding te beskerm: "Ellende wag vir hom wat sy huis met onreg bou, sy bokamers met minagting van die reg, vir hom wat sy mense sonder betaling laat werk, wat hulle nie hulle geld gee nie."

Dit is belangrik om daarop te let dat die uitgangspunt van die profete se eis om geregtigheid nie die mens en sy reg is nie, maar God en wat Hom toekom. Geen mens is regverdig voor God nie (Jes. 43:9,26). Geen mens kan dus by God op 'n reg aanspraak maak nie. Teenoor owerhede en ander mense het 'n mens egter wel regte. Wie arm en verdruk is, het aanspraak om sy reg te bekom, om "geregverdig" te wees. Dit kan inhou om gered en gehelp te word (Jes. 50:8). 'n Mens kan dus sê dat mense sekere regte van God ontvang waarop hulle hulle teenoor ander kan beroep. Maar dit is belangrik dat by die profete, net soos by die Tien Gebooie, die aanbieding nie só is dat dit vir mense sê wat hulle regte is nie. Die profete roep nie die verontregtes op om vir hulle regte op te kom nie. God se eis konsentreer op 'n mens se plig en roeping; dit wil sê op jou plig en roeping teenoor ander mense en hulle regte. Die Skrif waarsku teen 'n gesindheid wat daarop ingestel is om jou regte op te eis eerder as om op jou verantwoordelikheid en roeping te konsentreer.

### 2.4.2 Gegewens uit die Nuwe Testament

Vervolgens word daar nou gekyk na gegewens uit die Nuwe Testament wat handel oor sosio-ekonomiese regte. Dit word gedoen deur Christus en sosio-ekonomies minderbevoorregtes in die vier evangelies te ondersoek, daarna die boek Handelinge, en laastens ook die ander Nuwe-Testamentiese geskrifte.

### 2.4.2.1 Christus en sosio-ekonomiese minderbevoorregtes in die vier evangelies

In die moderne teologie word daar soms baie aandag gegee aan sosio-ekonomies minderbevoorregtes. Die verligting van sosio-ekonomiese nood word in 'n groot mate oorbeklemtoon, so asof sosio-ekonomies minderbevoorregtes nie verlossing in Christus nodig het nie (vgl. Van Wyk, 1998:295).

Tog tref ons dwarsdeur die Bybel 'n besondere bewoënheid aan by die Here God teenoor sosio-ekonomies minderbevoorregtes (Van Wyk, 1998:295). Dit het veral duidelik geblyk uit bogenoemde ondersoek van die Ou Testament. Ook uit die optrede van die Here Jesus Christus blyk sy besondere gerigtheid op en hulp aan die armes en ellendiges. Dit is in lyn met sy uitspraak in Matt. 5:17,18: "Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. [18]Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die Wet sal wegval voordat alles voleindig is." Die volle betekenis wat Christus aan die Wet en die profete gegee het oor sosiale en ekonomiese regte blyk uit sy optrede en onderwysing.

Jesus verkondig die koninkryk van God en die geregtigheid daarvan. Volgens Haughey (1977:276) is die hooftema van die bergrede geregtigheid. Reg, of geregtigheid, (δικαιοσύνη) is die sleutelwoord wat deur Matteus gebruik word en is die belangrikste kwaliteit van God se nuwe orde. Dit word gebruik om die uniekheid van die koninkryk wat Jesus verkondig aan te dui. Net 'n paar verwysings is nodig om hierdie feit te beklemtoon: "[6]Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg (δικαιοσύνη) is, want hulle sal versadig word." "[10]Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg (δικαιοσύνη) is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel." "[20]Ek sê vir julle: As julle getrouheid (*geregtigheid* - δικαιοσύνη) aan die Wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie." "[33]Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil (*geregtigheid* - δικαιοσύνη) van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee." (Matt. 5:6, 10, 20; 6:33).

Jesus het weldade aan baie mense gedoen (Matt. 4:23-25; 9:35; 11:5; 15:29-31; Mark. 1:32-39; 3:7-12; 6:53-56; Luk. 6:17-19). Hy het siekes, duiwelbesetenes, geestelik versteurdes en mense met liggaamlike gebreke gesond gemaak. Jesus is egter nie net die groot Gesondmaker nie. Hy is ook die hoogste Profeet want Hy het die mense geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig. Hy het na die liggaamlike sowel as die geestelike nood van die mense omgesien:

- ❖ Hy het saam met tollenaars en sondaars ("sondaars" is mense wat nie die reinheidsvoorskrifte nagekom het nie) geëet (Matt. 9:9-12; Mark. 2:13-17; Luk. 5:27-32). Tollenaars en sondaars was sosiaal uitgeworpenes van die destydse Joodse samelewing (Van Zyl, 1999:1133).

- ❖ Jesus het die menigte mense wat Hom gevolg het innig jammer gekry en twee keer vir hulle kos gegee (Die eerste vermeerdering van die brood – Matt. 14:13-21; Mark. 6:30-44; Luk. 9:10-17; Joh. 6:1-14, en die tweede vermeerdering van die brood – Matt. 15:32-39; Mark. 8:1-10). Op hierdie manier het Hy ook in hulle liggaamlike behoeftes voorsien.

- ● In Matt. 22:37-39 gee Jesus die grootste gebod: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [38]Dit is die grootste en die eerste gebod. [39]En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." (vgl. ook Mark. 12:28-34; Luk. 10:25-28). Hierdie gebod eis dat daar ook in die sosiale en ekonomiese nood van mense voorsien moet word.

- ❖ Jesus leer dat mens sonder om iets terug te verwag jou vyande moet liefhê en goeddoen en uitleen. Die rede daarvoor is omdat God self barmhartig is (Luk. 6:35-36; 7:12a; Matt. 5:38-48).

- ❖ In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:30-37) leer Jesus dat jou naaste enige iemand is met wie 'n mens in aanraking kom, ook dié wat in sosiale en ekonomiese nood is.

- In die gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk. 16:19-31) wys Jesus daarop dat jy, terwyl jy kan, God se wil moet uitvoer, soos om dié wat in nood is nie net jammer te kry nie, maar iets daadwerkliks te doen om hulle nood te verlig.

- In lyn met lone wat regverdig uitgewerk moet word (Lev. 25:50-52) sê Jesus dat die arbeider geregtig is op sy loon (Luk. 19:7; vgl. 1 Tim. 5:18).

- Dwarsdeur die evangelies en veral in Lukas, het Jesus 'n besondere oog vir diegene wat in die destydse samelewing aan die kortste ent getrek het: armes (Luk. 1:53; 6:20 ens.), vroue (bv. Luk. 8:1-3; Joh. 11:17-32; Joh. 20:11-18), kinders (bv. Mark. 10:14; Luk. 2:7), tollenaars (bv. Matt. 9:9-12; Luk. 18:10; 19:2) en Samaritane (bv. Luk. 10:33; 17:16; Joh. 4) (vgl. Du Plessis, 1988:156).

Uit die optrede en onderwysing van Jesus is dit duidelik dat Hy omgesien het na die sosiale en ekonomiese nood van mense. Hierin het Hy die volmaakte voorbeeld gestel hoe mense na mekaar se sosiale en ekonomiese nood moet omsien. Teenoor mekaar het mense sosio-ekonomiese regte en pligte.

#### 2.4.2.2 Die boek Handelinge

Deur die werking van die Heilige Gees het die Jerusalemgemeente in mekaar se behoeftes voorsien deur selfs hulle besittings te verkoop. Die gemeente het mekaar se sosiale en ekonomiese regte erken. God verander mense se harte so dat hulle ander op die hande begin dra (Hand. 2:42-47).

Hand. 10 vertel van 'n man in Sesarea met die naam Kornelius, 'n hoofman oor honderd van die sogenaamde Italiaanse leërafdeling. Hy en sy familie was godsdienstig en godvresend en het die wat in nood was gehelp. Die Griekse woord wat gebruik word om Kornelius se vroomheid uit te druk en wat vertaal word met "godvresend" is φοβούμενος. Hierdie woord word dikwels gebruik om te verwys na mense van nie-Joodse afkoms wat hulle tot die Joodse godsdiens bekeer het. Hierdie mense het die Joodse sinagoges besoek en Joodse godsdienstige gebruike gehoorsaam. "Godvresendes" het hulle egter nie laat besny nie. Diegene wat tot die kategorie van "proseliete" behoort het, het dit wel laat doen (vgl. Joubert, 1999:1398).

Kornelius se godsdienstigheid blyk uit die feit dat hy en sy huisgesin die belangrikste godsdienstige pligte nagekom het wat van die Jode verwag is, naamlik om die armes te help en gereeld te bid. Volgens vers 4 het God gedink aan Kornelius se gebede en wat hy vir die armes doen. God het dit dus goedgevind dat Kornelius mense in nood gehelp het. Daarom laat Hy vir Petrus haal sodat hy die evangelie aan Kornelius kan verkondig en in 'n gesig maak God dit vir Petrus duidelik dat Hy moet gaan.

In Hand. 10:38-43 ken Petrus se verwondering oor God se dade geen perke nie. God trek die Jode nie voor nie, maar behandel alle mense gelyk. Enigeen wat God vereer (letterlik "vrees") en doen wat reg is in sy oë, geniet die guns van God – al is hy, soos Kornelius, nie 'n Jood nie. Dit beteken nie dat 'n mens deur die doen van hierdie twee dinge die saligheid verwerf nie – vergifnis van sondes bly nodig (vgl. Hand. 10:43).

Hand. 10 wys daarop dat dit reg is in God se oë om diegene wat in nood is te help. Mense moet in mekaar se sosiale en ekonomiese nood voorsien sodat alle mense se sosio-ekonomiese regte daardeur erken kan word.

Wanneer Paulus afskeid neem van die ouderlinge van Efese, dan sê hy vir hulle in Hand. 20:35: "Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang." Die Griekse woord wat vir "armes" gebruik word is ἀσθενούντων. Die woord kan egter ook vertaal word met "swakke" of "diegene wat in nood is" (Stählin, 1976:491). Paulus het 'n voorbeeld gestel deur in die sosiale en ekonomiese behoeftes te voorsien van dié wat in nood is.

### 2.4.2.3 Ander geskrifte in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament, met die verkondiging van die koninkryk van God aan alle nasies, verklaar Paulus dat Jood en heiden, slaaf en vryman, man en vrou gelykwaardig is: "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één." En hoewel Paulus die slaaf Onesimus na sy meester Filemon toe terugstuur, stuur hy hom terug "nie langer net as

'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broer." (Fil. 16.) Hierdie hoë siening van menslike slawe is in lyn met Jesus se selfidentifisering met die taak van die koninkryk van God "om die evangelie aan armes te verkondig [...] om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig." (Luk. 4:18.) In kontras met baie bevrydingsteologieë dui Ridderbos (soos aangehaal deur Greidanus, 1984:17) aan dat die verkondiging van vryheid: "is before all things the liberation of the Kingdom of God, the proclamation of grace – to make man free for God, to restore to him the grace and the right to be a child of God, and to set him in the liberty of the children of God." Die evangelie van die koninkryk van God is 'n boodskap van verlossing en vryheid van menslike lewe. Daarom durf die Kerk nie stilbly wanneer mense in gebondenheid en slawerny (of dit nou geestelik, sosiaal of ekonomies van aard is) verkeer nie – deur hulle eie sondes, deur die sondes van ander mense, deur politieke sisteme, deur 'n materialistiese struktuur van 'n gemeenskap; in kort, deur al die sondige en skadelike magte wat die wêreld regeer as gevolg van die werk van Satan en die skuld van die mens.

Die waarde en kwaliteit van menslike lewe moet nie net deur uiterlike wette beskerm word nie, maar ook deur innerlike gesindheid. Paulus sê in Rom. 13:9,10 dat al die gebooie in een sin saamgevat kan word: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." [10]Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet."

In 1 Kor. 9:3-14 argumenteer Paulus vir "die reg op lewensonderhoud", "die reg om 'n vrou saam te neem" en die reg om uit die verkondiging van die evangelie te lewe. In lyn met Deut: 25:4 sê Paulus dan in vers 10: "Hy wat ploeg, moet met verwagting ploeg, en hy wat dors, moet dit doen met die verwagting om sy deel te ontvang." Elke mens het dus die reg op regverdige vergoeding.

Dit is reeds duidelik dat 'n regverdige mens besorg is oor die reg van arm mense (Spr. 29:7). 'n Regverdige mens erken nie net die regte van armes nie, maar sal ook probeer om dit te handhaaf (Jak. 2:4-17). Wat die arme dan ontvang, is nie welwillendheid nie, maar geregtigheid. Wanneer Paulus middele bymekaarmaak vir die armes, doen hy dit nie net "om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal

wees" (2 Kor. 8:13). Alle mense is na die beeld van God gemaak. Daarom het alle mense die gelyke reg op noodsaaklikhede in die lewe soos vryheid en rus, kos en klere, regverdige betaling en geleenthede, sosiale sekuriteit en geregtigheid. Hierdie regte is deur God aan elkeen gegee wat na sy beeld gemaak is, en hierdie regte moet ook in kontemporêre wetgewing beskerm word (Greidanus, 1984:21).

In Openbaring 21:3,4 gee God 'n heerlike belofte: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees en God self sal by hulle wees as hulle God. [4]Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan." Eendag sal die stryd vir menseregte verby wees: nie meer dood, leed, smart, pyn en trane nie, maar die volheid van lewe en geregtigheid in God se koninkryk. Intussen lewe gelowiges in die spanning van die "reeds" van die koninkryk en die "nog nie" van die koninkryk, vasgevang in die stryd tussen die koninkryke van die lig en die duisternis, in die stryd om God se geregtigheid ook op die gebied van menseregte te laat geld.

## 2.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n prinsipiële evaluering van die konsep van sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan gemaak. Dit is gedoen deur bepaalde Bybelse temas en Skrifuitsprake uit Ou en Nuwe Testament te ondersoek. Die Bybelse temas wat ondersoek is, het dit duidelik gemaak dat daar wel iets soos menseregte is wat beskerm moet word. Sosio-ekonomiese regte vorm 'n integrale deel van hierdie menseregte. Uit die gegewens van die Ou Testament wat ondersoek is, het dit duidelik geword dat sosio-ekonomiese regte in die Israelitiese samelewing op 'n besondere manier beskerm is – veral die sosio-ekonomiese regte van diegene wat andersins maklik slagoffers sou kon word, naamlik slawe, vreemdeling, weduwees, weeskinders en armes. Ook uitsprake in die profete en die digterlike en wysheidsboeke wys daarop dat mense se sosio-ekonomiese regte beskerm moet word. In die Nuwe Testament het Christus 'n besondere bewoënheid gehad vir mense en hul sosio-ekonomiese regte en daarom het hy ook in hulle sosiale en ekonomiese nood voorsien. Uit die boek Handelinge is dit ook duidelik hoe God wil hê dat mense in

mekaar se sosio-ekonomiese behoeftes moet voorsien. Hierdie feit word beklemtoon deur die ander geskrifte in die Nuwe Testament.

Sonder twyfel kan dus gesê word dat sosio-ekonomiese regte prinsipieel gefundeer kan word en dat dit beskerm moet word. Suid-Afrika het 'n grondwet wat menseregte beskerm. Dit groot vraag is of sosio-ekonomiese regte deur 'n grondwet beskerm moet word en, indien wel, hoe dit beskerm moet word. Op regsfilosofiese gronde is daar al baie oor die saak geargumenteer en gedebatteer. In die volgende drie hoofstukke gaan hierdie argumente ondersoek en beoordeel word.

# HOOFSTUK 3

# Argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte, en 'n beoordeling daarvan

## 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte ondersoek. Daar word aangevoer dat sosio-ekonomiese regte nie grondwetlik afdwingbaar is nie en dat hulle 'n handves van menseregte in diskrediet bring wanneer hulle as fundamentele regte beskerm word. Kanada is 'n voorbeeld van 'n land waar sosio-ekonomiese regte nie deur 'n grondwet beskerm word nie.

Alhoewel sosio-ekonomiese regte in Kanada nie deur 'n grondwet beskerm word nie, word hulle tog indirek beskerm. Verskeie uitsprake deur die hooggeregshof van Kanada bevestig dit. Sosio-ekonomiese regte geniet indirekte beskerming deur die interpretering en toepassing van sekere burgerlike en politieke regte soos die reg op 'n regverdige verhoor, die reg op gelykheid en die reg teen diskriminasie (vgl. Liebenberg, 2001a).

Aan die einde van die hoofstuk sal 'n prinsipiële evaluering van die argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte gemaak word. Dit is belangrik om te onthou dat die argumente wat gebruik word op regsfilosofiese gronde berus. Dit is hierdie regsfilosofiese argumente wat in hierdie hoofstuk en in die volgende twee hoofstukke beoordeel gaan word.

## 3.2 Argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte

### 3.2.1 Koste

Die eerste argument is dat sosio-ekonomiese regte baie geld kos om af te dwing en dat dit nie die taak van die regters is om te spandeer nie. Die regters het nie 'n begroting nie en hulle is nie gekwalifiseer om te bepaal hoeveel gespandeer moet word nie. Hulle weet ook nie wat die gemeenskap kan bekostig of wat die prioriteite van die gemeenskap is of behoort te wees nie (Mureinik, 1992:465,466). Die implementering van sosio-ekonomiese wette vereis dat die staat welvaart aan die individu moet voorsien (De Vos, 1997:69). As die staat en gemeenskap oor beperkte fondse beskik, kan hulle nie die sosio-ekonomiese wette in 'n grondwet implementeer nie (vgl. Davis, 1992:479; Didcott, 1988:58,60; Cranston, 1973:66,67).

Om sosio-ekonomiese probleme aan te pak, is dit nodig dat die besluitnemer ervaring sowel as politieke aanspreeklikheid moet hê. Dit verduidelik waarom sosio-ekonomiese probleme normaalweg toevertrou word aan die wetgewer en die uitvoerende gesag; dit is die verantwoordelikheid van wetgewers, ministers en burgerlikes. In 'n goed georganiseerde demokrasie het die wetgewers politieke aanspreeklikheid, die burgerlikes het kundigheid, en die ministers integreer die twee deur besluite wat die balans handhaaf tussen kundigheid en beleid (vgl. Didcott, 1988:58; Mureinik, 1992:465,466; Haysom, 1992:455; De Villiers, 1994:606,607).

### 3.2.2 Praktiese uitvoerbaarheid

Die tweede argument is dat sosio-ekonomiese regte nie altyd prakties uitvoerbaar is nie. So is dit byvoorbeeld onmoontlik om vir almal in die wêreld betaalde verlof te gee. Dele van Asië, Afrika en Suid-Amerika het nog glad nie industrialisering ondergaan nie. Om vir die miljoene mense wat daar woon betaalde verlof te gee, is 'n saak van onmoontlikheid (Cranston, 1973:66).

### 3.2.3 Onbepaalbaarheid

Die derde argument is dat sosio-ekonomiese regte inherent vaag en onbepaalbaar is en daarom nie juridies afdwingbaar is nie. Die definisie van sosio-ekonomiese regte is vaag, dubbelsinnig en verskil nie net tussen lande nie, maar ook binne in 'n land. Hierdie probleem kan vererger word deur die verskillende maatskaplike, sosiale en ekonomies programme in 'n land (De Villiers, 1994:607). Sosio-ekonomiese regte het 'n hoë graad van onpresiesheid en howe is nie in staat om sulke abstrakte waardes na afdwingbare bevele in spesifieke sake te vertaal nie (Didcott, 1988:59; De Vos, 1997:69). Die reg op gesondheidsorg is 'n goeie voorbeeld. Dit is onmoontlik om dit sinvolle inhoud te gee sonder 'n nasionale gesondheidsorg sisteem. So 'n sisteem vereis komplekse wetgewing en 'n fyn uitgewerkte administratiewe stelsel. Om sulke wetgewing en administrasie tot stand te bring, moet daar 'n keuse gemaak word tussen honderde soorte beleid. Die regters nie genoegsaam bekwaam of aanspreeklik om sulke keuses te kan maak nie (vgl. Mureinik, 1992:465,466).

### 3.2.4 Toepassing

Die vierde argument handel oor die toepassing van sosio-ekonomiese regte. Hierdie argument is aangevoer deur Fuller (soos aangehaal deur Davis, 1992:478,479). Dié argument word verduidelik aan die hand van 'n voorbeeld. As A daarop aanspraak maak dat hy 'n reg het op X, en B terselfdertyd daarop aanspraak maak dat hy 'n reg het op iets wat die gebruik van X noodsaak, dan beteken dit dat (ten minste) één van hierdie regte nie wetlik erken kan word nie. Indien 'n regter uitspraak moet gee oor 'n dispuut, soos A se reg op 'n huis, sal die besluit nie net op A en die staat 'n impak hê nie. Ook ander burgers se belange sal daardeur geraak word. (Die geld kon byvoorbeeld gebruik word om 'n skool, hospitaal of sportstadion te bou.) Hierdie argument sluit aan by die vyfde argument dat sosio-ekonomiese regte positiewe regte is. Dit is maklik om 'n negatiewe reg te verdedig, maar om 'n positiewe reg te laat realiseer, plaas baie opsies op die tafel.

### 3.2.5 Positiwiteit

Die vyfde argument is dat sosio-ekonomiese regte positiewe regte is – om hulle te laat realiseer, vereis sekere stappe deur die Regering (De Vos, 1997:69; Haysom, 1992:454). Dit maak dat hulle nie juridies afdwingbaar is nie. In hierdie argument word sosio-ekonomiese regte (tweedegenerasieregte) gekontrasteer met eerstegenerasieregte wat volgens die argument op 'n negatiewe manier afgedwing word. Eerstegenerasieregte word afgedwing deur die juridiese beoordeling van regeringsaktiwiteite. Die gevolg is dat indien bevind word dat 'n aktiwiteit van die Regering in konflik is met die reg, dit deur 'n hofbevel afgeskiet word. Hierdie soort afdwingbaarheid word konstitusionele beoordeling genoem. Aangesien eerstegenerasieregte hoofsaaklik vryhede is, kan hulle op hierdie manier afgedwing word. Die handhawing en toepassing van eerstegenerasieregte vereis oor die algemeen niks meer as om die beperkings na te gaan wat hierdie regte op die staat het nie (Mureinik, 1992:465,466). 'n Handves van menseregte moet funksioneer as 'n skild en nie as 'n swaard nie (Didcott, 1988:58; De Vos, 1997:69). Daarenteen kan sosio-ekonomiese regte nie so maklik gerealiseer word nie, want dit is nie maklik vir 'n regter om maniere te bepaal waarop hulle moet realiseer nie (vgl. Mureinik, 1992:465,466). Hierdie argument sluit aan by die koste-argument – dit is nie vir die regters om te bepaal hoe die bronne van die staat aangewend moet word nie (De Waal *et al.,* 2001:433).

Sosio-ekonomiese regte kan op meer as een manier gerealiseer word. As 'n eerstegenerasiereg daarteenoor geskend word, kan die hof amper outomaties reageer deur die skending af te skiet. 'n Eerstegenerasiereg genereer sy eie regstelling en die regstelling is gewoonlik 'n ongeldigverklaring. Sosio-ekonomiese regte kan op meer as een manier toegepas word en 'n oplossing kan nie voorgestel word sonder om die alternatiewe te oorweeg nie. Weereens gaan dit oor die kompleksiteit in die afdwingbaarheid van sosio-ekonomiese regte en die regters wat nie die kundigheid of aanspreeklikheid daarvoor het nie (vgl. Mureinik, 1992:465,466).

### 3.2.6 Keuse-sensitiewe sake

Die sesde argument is dat sosio-ekonomiese regte keuse-sensitiewe sake is. Ronald Dworkin (1987:22) maak die onderskeid tussen keuse-sensitiewe sake en sake wat hoofsaaklik keuse-onsensitief is. Hy argumenteer dat die regte oplossing vir keuse-sensitiewe sake sal afhang van die aard en verspreiding van voorkeure in die gemeenskap. Die besluit om openbare fondse te gebruik vir die bou van 'n hospitaal of 'n rugbystadion is 'n voorbeeld van 'n keuse-sensitiewe saak. Hierteenoor is die besluit om 'n veroordeelde moordenaar tereg te stel of om rassediskriminasie in die werksplek onwettig te verklaar 'n keuse-onsensitiewe saak. Die regte besluit hang nie af van hoeveel mense die doodstraf goedkeur of rassediskriminasie as verkeerd beskou nie. Die verskil tussen 'n keuse-sensitiewe en keuse-onsensitiewe saak lê in die onderskeid tussen beleid en beginsel. Die politieke proses is die beste gerat om keuse-sensitiewe sake te hanteer terwyl 'n handves van menseregte daar is om keuse-onsensitiewe sake te hanteer – omdat dit met basiese waardes en reëls werk.

## 3.3 Beoordeling van die argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte

Vervolgens word bogenoemde argumente prinsipieel beoordeel. Elkeen van bogenoemde argumente sal met ander woorde in die lig van die Skrif ondersoek word.

### 3.3.1 Koste

Kan hoë koste aangevoer word as rede om sosio-ekonomiese regte nie grondwetlik te beskerm nie? Die Skrif is baie duidelik hieroor. Uit die gegewens van die Ou en Nuwe Testament wat in hoofstuk 2 ondersoek is, blyk dit duidelik dat alle mense se sosio-ekonomiese regte beskerm moet word, selfs al sou dit gepaardgaan met hoë koste. In die Ou Testament is die regte van vreemdelinge, weeskinders, weduwees en armes met baie koste beskerm. Hulle het gedeel in die tiendes wat elke drie jaar bymekaargemaak is (Deut. 14:29), hulle het deel gekry aan die opbrengs van die Sabbatsjaar (Lev. 26:5) en die deel van die jaarlikse oeste wat nie afgeoes is nie

(Deut. 24:17-22). In die vyftigste jaar het 'n algehele afskrywing van skuld plaasgevind (Lev. 25:8-13).

In die Nuwe Testament is dit ook duidelik dat sosio-ekonomiese regte met koste beskerm moet word. Die gesindheid van Jesus was om hierdie regte van mense te beskerm, en Hy het selfs wonderwerke gedoen om dit te bereik. Die gemeente in Jerusalem het hulle besittings verkoop en in mekaar se sosio-ekonomiese behoeftes voorsien (Hand. 2:43-47).

Die beginsel wat die Skrif dus gee, is dat sosio-ekonomiese regte ten alle koste beskerm moet word. Sosio-ekonomiese regte behoort dus voorkeur te kry in owerheidsbesteding. Ongelukkig bestee baie owerhede meer aan verdediging as aan sosio-ekonomiese regte. Die beskerming van sosio-ekonomiese regte kan selfs beteken dat hierdie regte in 'n grondwet beskerm moet word. In dié verband moet regters hulle deeglik vergewis van die bronne wat beskikbaar is en in die beskikbaarheid van bronne sosio-ekonomiese regte beskerm.

### 3.3.2 Praktiese uitvoerbaarheid

Die Israelitiese samelewing van die Ou Testament was 'n samelewing wat nog nie industrialisering ondergaan het nie, maar steeds beskerming gebied het aan sosio-ekonomiese regte. Dit is wel waar dat nie alle sosio-ekonomiese regte in alle lande beskerm kan word nie – die kwessie van betaalde verlof is 'n voorbeeld hiervan. Daar kan egter daarna gestreef word om basiese sosio-ekonomiese regte soos arbeid, voeding, huisvesting en klerasie te beskerm. Suid-Afrika het ontwikkeling en industrialisering al in 'n hoë mate ondergaan; daarom kan die meeste sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika met die nodige maatstawwe beskerm word.

### 3.3.3 Onbepaalbaarheid

In die Skrif is sosio-ekonomiese regte nie vaag en onbepaalbaar nie. Uit die bespreking van hoofstuk 2 is dit duidelik dat die sosio-ekonomiese regte in die VN se Universele Verklaring van Menseregte ook in die Skrif gevind kan word. Die

definisie van sosio-ekonomiese regte hoef dus nie te verskil tussen lande en binne 'n land nie. Wat wel kan gebeur, is dat sekere sosio-ekonomiese regte in sekere lande meer geskend word as in ander lande. In Israel was weduwees, weeskinders, vreemdelinge en armes uitgelewer aan sosiale en ekonomiese uitbuiting – juis daarom is hulle regte op 'n besondere manier beskerm. In Suid-Afrika word die wye spektrum van sosio-ekonomiese regte nog in 'n groot mate geskend, en daarom moet hierdie regte beskerm word.

Sosio-ekonomiese regte is nie abstrak nie en dit het ook nie 'n hoë graad van onpresiesheid nie. Die reg op gesondheidsorg beteken eenvoudig dat elke mense se lewenskwaliteit beskerm moet word. Elkeen het dus die reg om behandeling te ontvang wanneer hy siek is. Dit is waar dat hierdie reg op verskillende manier gerealiseer kan word, maar dit beteken nie dat hierdie reg nie beskerm hoef te word nie.

### 3.3.4 Toepassing en positiwiteit

Davis (1992:480,481) toon aan dat nie net sosio-ekonomiese regte (tweedegenerasieregte) positiewe regte is nie, maar ook die sogenaamde politieke regte (eerstegenerasieregte). Maar al sou sosio-ekonomiese regte positiewe regte wees, en al sou dit meer positiewe aksie vereis as politieke regte, geld die Skrifbeginsel nog steeds dat hierdie regte beskerm moet word. As A daarop aanspraak maak dat hy 'n reg het op X, en B daarop aanspraak maak dat hy 'n reg het op iets wat die gebruik van X noodsaak, dan sal die regter 'n uitspraak moet gee wat sosio-ekonomiese regte op die beste wyse moontlik laat realiseer. In die praktyk gebeur dit dikwels dat menseregte met mekaar bots (vgl. Mureinik, 1992:469,470), maar in so 'n geval gaan dit oor die manier waarop menseregte die beste gedien word. In hierdie lewe kry elke gelowige ook te doen met etiese beslissings (die sogenaamde botsing van pligte of morele konflikte) en in elke situasie moet gevra word hoe God en die naaste die beste gedien kan word.

Dit is so dat sosio-ekonomiese regte op meer as een manier gerealiseer kan word, maar prinsipieel moet hierdie regte beskerm word – al is daar meer as een manier

waarop hulle toegepas kan word. Die realisering van sosio-ekonomiese regte moet in elk geval prinsipieel regverdigbaar wees en nie lei tot die skending van ander menseregte nie. Wanneer regters dus te doen kry met die beskerming van sosio-ekonomiese regte (beskerming beteken ook realisering), moet hulle hulself afvra of hierdie regte beskerm is en of die wyse waarop dit beskerm word prinsipieel regverdigbaar is.

### 3.3.5 Keuse-sensitiewe sake

In die lig van die Skrif is sosio-ekonomiese regte nie veronderstel om keuse-sensitief te wees nie. Al sou die voorkeur van 'n gemeenskap wees om beskikbare geld te gebruik vir die bou van 'n rugbystadion, is die bou van 'n hospitaal prinsipieel meer korrek omdat dit mense se reg op gesondheidsorg beskerm. 'n Mens het natuurlik 'n reg op ontspanning, maar deur die bou van 'n hospitaal sal mense se belange beter gedien word. Net soos by eerstegenerasieregte moet die regte besluit by tweedegenerasieregte nie afhang van hoeveel mense dit goedkeur of afkeur nie, maar of 'n besluit prinsipieel korrek is. Dit gaan oor op watter manier menseregte die beste gedien word.

## 3.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte ondersoek en beoordeel. Uit die beoordeling het dit duidelik geword dat die argumente teen die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte nie prinsipieel gefundeer kan word nie. Dit is dus duidelik dat sosio-ekonomiese regte prinsipieel wel deur 'n grondwet beskerm moet word. Dit kan egter op meer as een manier gedoen word. In die volgende hoofstuk word die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels ondersoek.

# HOOFSTUK 4

# Argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels, en 'n beoordeling daarvan

---

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels ondersoek. Aan die einde van die hoofstuk sal 'n prinsipiële evaluering van hierdie argumente gemaak word.

Lande wat sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels erken, het gewoonlik 'n aparte hoofstuk in die grondwet naas die hoofstuk wat fundamentele regte beskerm. Laasgenoemde hoofstuk beskerm burgerlike en politieke regte, hoewel dit ook een of twee sosio-ekonomiese regte kan bevat, soos byvoorbeeld die reg op onderwys, arbeidsregte en die reg van kinders om beskerm te word teen uitbuiting. Voorbeelde van lande met rigtinggewende beginsels is Indië, Namibië, Ghana, Nigerië en Sri Lanka. Hierdie rigtinggewende beginsels word gewoonlik as onafdwingbaar deur die regbank verklaar. Hulle is bedoel om die Regering te begelei in die maak en toepassing van wette en in sommige grondwette gebruik die howe hierdie beginsels om wette te interpreteer wat op daarop gebaseer is (Liebenberg, 2001a).

Die rigtinggewende beginsels beklemtoon die plig wat op die staat rus om sekere sosio-ekonomiese regte te laat realiseer (De Villiers, 1992:30). In die meeste gevalle word ook 'n plig op die betrokke president geplaas om jaarliks aan die parlement te rapporteer oor al die stappe wat gedoen is vir die realisering van beleid – en dan spesifiek wat betref die realisering van basiese menseregte, 'n gesonde ekonomie, die reg om te werk, die reg op goeie gesondheidsorg en die reg op onderwys (Liebenberg, 2001a).

## 4.2 Argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels

Net soos die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte, argumenteer die voorstanders van die grondwetlik beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels dat sosio-ekonomiese regte nie as fundamentele regte in die grondwet beskerm kan word nie. Alhoewel sekere raakpunte bestaan tussen die sienings van bogenoemde twee groeperinge, is hulle argumente nie dieselfde nie. Vir laasgenoemde is sosio-ekonomiese regte wel belangrik: sosio-ekonomiese regte moet beskerm word – nie as fundamentele regte nie, maar as rigtinggewende beginsels.

### 4.2.1 Argumente waarom sosio-ekonomiese regte nie as fundamentele regte beskerm kan word nie

Davis (1992:483-486) gee die volgende argumente waarom sosio-ekonomiese regte nie as fundamentele regte in 'n grondwet beskerm kan word nie.

#### 4.2.1.1 Regterlike prestasie

Die eerste argument gaan oor regtelike prestasie. Daar is nie 'n interpreterende beginsel wat die probleem van die rol van regterlik diskresie in die formulering van die "beste beginsel" aanroer nie. Dit kan verduidelik word aan die hand van 'n voorbeeld. Veronderstel dat 'n grondwet voorsiening maak vir die reg op lewe, behuising en voedsel. Wanneer die hof gekonfronteer word met 'n grondwetlike dispuut waarin die nasionale begroting voorsiening maak vir die bou van duikbote in plaas daarvan om ondervoeding te voorkom en behuising te voorsien, sal die hof daardie aspek van die begroting afskiet as synde in stryd met die staat se plig om behuising en voedsel te voorsien. Maar sal die hof dit regtig doen? Omdat daar nie 'n duidelike interpreterende beginsel is nie, sal die besluit afhang van die regters. 'n Ander groep regters kan argumenteer dat geld wat toegeken word aan die bou van duikbote 'n effek van vermenigvuldiging tot gevolg kan hê. Industrieë kan ontstaan, wat lei tot werksgeleenthede, wat die probleem van ondervoeding en behuising help

verlig. Hiervolgens is regterlike prestasie dus buigsaam, veral wanneer dit kom by spesifieke sosio-ekonomiese regte.

Kritiek kan egter ook gegee word teen die regterlike interpretasie van eerstegenerasieregte. Onbepaalbaarheid is net so van toepassing op eerstegenerasieregte as op tweedegenerasieregte; die afwesigheid van algemene norme maak 'n regterlike proses vaag. Alhoewel daar egter aanspraak gemaak word op die onbepaalbaarheid van die interpretasie van eerstegenerasieregte, is regterlike interpretasie in die meeste gevalle voorspelbaar as gevolg van onbetwisbare bronne. Dit is baie meer die geval met eerstegenerasieregte as met keuses van beleid wat onafwendbaar die basis vorm van dispute oor tweedegenerasieregte. Die hoofoorsaak van die onbepaalbaarheid in tweedegenerasieregte het te doen met keuses van beleid. Dit is hoekom uitsprake oor tweedegenerasieregte onbepaalbaar is.

#### 4.2.1.2 Verwagting

Die tweede argument is dat wanneer sosio-ekonomiese regte ingesluit word in 'n handves van menseregte, die grondwet aan die breë gemeenskap verkondig dat elkeen geregtig is op hierdie regte – of dit nou behuising, werk, mediese sorg of voeding is. Om hierdie regte dieselfde status as eerstegenerasieregte te gee is om verwagtinge te skep dat hierdie regte deur almal geniet kan word. Wanneer lede van die gemeenskap uitvind dat deur hierdie regte 'n proses van negatiewe grondwetlike beoordeling of geleidelike implementering bedoel word (sien 5.2.4 en 5.2.6), word 'n situasie geskep waar verwagtinge nie gerealiseer kan word nie.

#### 4.2.1.3 Verwantskap tussen die generasies van regte

Die derde argument gaan oor die verwantskap tussen generasies van regte. Die Indiese hooggeregshof het die probleem aangepak om fundamentele regte en rigtinggewende beginsels te versoen. In die saak van *Golak Nath vs Staat van Punjab* was die hof gekonfronteer met die fundamentele reg om eiendom te besit en die rigtinggewende beginsel wat van die staat vereis om te verseker dat eienaarskap en die beheer van minerale só bestuur word dat die gemeenskap die beste daardeur gedien

word. Die hof het beslis dat fundamentele regte voorkeur geniet in 'n grondwet en dat dit buite die jurisdiksie van die parlement is.

Meer onlangs het die howe in Indië 'n minder rigiede posisie ingeneem. Hulle het beslis dat alhoewel rigtinggewende beginsels nie wetlik afdwingbaar is nie, dit nog steeds die plig van die howe is om hulle te probeer versoen met fundamentele regte. Nieteenstaande die stappe wat gedoen is, het die ervaring van die Indiese hooggeregshof daarop gewys dat daar botsing kan voorkom tussen die toepassing van fundamentele regte en rigtinggewende beginsels. Die basiese regte wat politieke demokrasie tot gevolg het, moet voorrang geniet. Daarom moet onderskeid gemaak word tussen hierdie regte en sosio-ekonomiese regte. Só 'n onderskeid kan gehandhaaf word deur rigtinggewende beginsels.

### 4.2.2 Argumente waarom sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels beskerm moet word

Die belangrikste argument vir die insluiting van sosio-ekonomiese regte in die grondwet as rigtinggewende beginsels is dat hulle 'n morele kode verskaf waarvolgens 'n land regeer moet word. Alle vlakke van die Regering moet gehoor gee aan die doelwitte wat uiteengesit word in die rigtinggewende beginsels. Rigtinggewende beginsels gee die raamwerk vir 'n vreedsame politieke revolusie. Dat hulle nie as fundamentele regte beskerm word nie, beteken nie dat hulle geïgnoreer kan word deur die howe nie. Die manier waarop die fundamentele regte verstaan en geïnterpreteer word, hang af van die doelwitte wat geformuleer word in die rigtinggewende beginsels (De Villiers, 1992:33).

Rigtinggewende beginsels het twee belangrike eienskappe. In die eerste plek is hulle nie afdwingbaar in enige hof nie, en daarom het die benadeelde geen wetlike aanspraak dat die staat deur positiewe aksie in hierdie regte moet voorsien nie. In die tweede plek is die beginsels fundamenteel vir die regering van 'n land en die wetgewer word verplig om volgens hulle op te tree. Hulle vervul daarom 'n belangrike rol in die interpretering van en toepassing van wette (De Villiers, 1992:34).

Die debat rondom rigtinggewende beginsels is ook in Indië gevoer. Die volgende gevolgtrekkings, wat ook van belang is vir Suid-Afrika, kan uit hierdie debat gemaak word (vgl. De Villiers, 1992:30, 33, 34):

- Rigtinggewende beginsels is nie afdwingbaar nie – weens die ekonomiese, administratiewe, tegnologiese en mannekrag-verpligtinge wat dit op die staat plaas.
- Rigtinggewende beginsels is fundamenteel belangrik vir die regering van 'n land en die staat moet so optree sodat daar gehoor gegee word aan hierdie beginsels. Hulle moet verdiskonteer word in die interpretering van fundamentele regte en wetgewing sodat sosio-ekonomiese vernuwing kan plaasvind.
- Die rigtinggewende beginsel en die aanhef moet die wese, gees en hoop van 'n grondwet uitdruk. Hierdie beginsels moet 'n gemeenskap tot stand bring waar fundamentele regte gerespekteer word, maar wat ook aandag gee aan sosio-ekonomiese probleme.
- Alhoewel Davis (1992:486) alle regte met 'n sosio-ekonomiese aard wil implementeer deur rigtinggewende beginsels, kom die verskil tussen fundamentele regte en rigtinggewende beginsels nie uit in die debat van eerstegenerasieregte teenoor tweedegenerasieregte nie. Verskeie regte wat as sosio-ekonomiese regte beskou kan word, kan ingesluit word in 'n hoofstuk oor fundamentele regte.
- In wese is die rigtinggewende beginsels "aanbevelingsbriewe" van die burgers aan alle staatsdepartemente. Die wetgewer moet dus gehoor gee aan hierdie beginsels wat belangrik is vir die regering van die land.

Davis (1992:489) argumenteer dat die erkenning van sosio-ekonomiese regte gelykheid tot stand sal bring. 'n Handves van menseregte moet ontwerp wees om gelykheid tot stand te bring sodat politieke deelname die hoeksteen word van die Suid-Afrikaanse samelewing. Binne so 'n raamwerk word individuele outonomie – en die strewe van alle burgers om hulle belange te bevorder – moontlik. Waar 'n handves van menseregte meer as dit probeer doen, kan dit outonomie vernietig en politiek die hofsaal binnebring.

## 4.3 Beoordeling van die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels

### 4.3.1 Beoordeling van die argumente waarom sosio-ekonomiese regte nie as fundamentele regte beskerm kan word nie

#### 4.3.1.1 Regterlike prestasie

Dit is inderdaad so dat sosio-ekonomiese regte op meer as een manier beskerm kan word en daarom kan beleid verskil oor die realisering van hierdie regte. Wanneer iemand in ou Israel byvoorbeeld sy klere verpand het, moes dit voor sononder aan hom teruggegee word (Eks. 22:26,27; Deut. 24:17). Op hierdie manier is elkeen se reg op kleding beskerm. Elkeen se reg op voeding is beskerm deurdat die wat honger gely het geregtig was op die deel van die jaarlikse oes wat nie afgeoes is nie (Deut. 24:19-22). Sosio-ekonomiese regte sal nie in Suid-Afrika op dieselfde manier beskerm kan word as in Israel van die Ou Testament nie. Suid-Afrika en ou Israel se politieke samestelling en samestelling van die samelewing verskil radikaal. Die sosiale en ekonomiese wette in die Ou Testament het egter vir ou Israel gewerk en dit was die mees effektiewe manier om sosio-ekonomiese regte te beskerm. Die Skrifbeginsel is dat sosio-ekonomiese regte op die mees effektiewe manier beskerm moet word.

Wanneer beleidskeuses dus ter sprake kom, moet dit gaan oor die mees effektiewe manier waarop sosio-ekonomiese regte beskerm kan word. Prinsipieel moet hierdie regte beskerm word en dit moet op die mees effektiewe manier gedoen word. Regters sal dus moet oordeel of 'n beleid sosio-ekonomiese regte op die mees effektiewe manier beskerm. Wanneer 'n groep regters 'n beleid effektief bewys, sal dit lei tot die beskerming van sosio-ekonomiese regte, selfs al sou 'n ander groep regters 'n ander beleid as effektief bewys.

#### 4.3.1.2 Verwagting

Die prinsipiële beginsel is dat sosio-ekonomiese regte deur almal geniet moet kan word. In hoofstuk 2 is daarop gewys dat elke mens prinsipieel hierdie regte het. Dit is veral die weerloses in die samelewing wie se sosio-ekonomiese regte geskend word en daarom moet hulle regte op 'n besondere manier beskerm word. Die beskerming van hierdie regte beteken nie net konstitusionele beoordeling soos voorgestel deur Mureinik (1992:469-474) nie. Beskerming beteken ook realisering. Die Skrif leer duidelik dat daadwerklike aksie geneem moet word vir die realisering van sosio-ekonomiese regte.

In die ou Israel is sosio-ekonomiese regte nie net negatief beskerm nie, maar daar is veral klem gelê op die positiewe realisering daarvan. So was daar byvoorbeeld die jaar van die tiendes waar weerloses in die samelewing gedeel het in die tiendes wat bymekaargemaak is, die deel van die jaarlikse oes wat nie afgeoes is nie (Deut. 24:17-22), en die opbrengs van die Sabbatsjaar (Lev. 25:6). Ook in Ps. 82:3,4 beveel God dat die arme in nood bevry moet word. In die profete is Israel nie net deur wat hulle doen skuldig aan onreg nie, maar ook deur wat hulle versuim om te doen. Hulle beskerm nie die basiese regte van kos, klere, huisvesting van ellendiges, swerwelinge en naaktes op 'n positiewe manier nie (Jes. 58:7). Tydens sy hele lewe op aarde het Jesus die gesindheid gehad dat Hy mense se sosio-ekonomiese regte op 'n positiewe manier wou beskerm. Daarvoor het Hy selfs wonderwerke gedoen (vgl. bv. Matt. 14:13-21; Matt. 15:32-39). Verder erken 'n Regverdige mens nie net die regte van armes nie, maar probeer ook om dit te handhaaf (Jak. 2:4-17).

Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak nie net voorsiening vir die negatiewe beskerming van sosio-ekonomiese regte nie, maar ook vir die positiewe beskerming daarvan (vgl. hoofstuk 6). Wat verwagtinge betref is dit waar dat hierdie regte nie dadelik beskerm kan word. Die realisering daarvan vereis die gebruik van hulpbronne. Daarom moet dit aan elke landsburger duidelik gemaak word dat sosio-ekonomiese regte nie eensklaps gerealiseer kan word nie, maar dat dit progressief moet gebeur. Wanneer die publiek hieroor ingelig is, sal daar nie verwagtinge geskep word wat later verpletter word nie.

#### 4.3.1.3 Verwantskap tussen die generasies van regte

Die botsing is tussen eerstegenerasieregte en tweedegenerasieregte is in die meeste gevalle 'n oorbeklemtoning van die individu (in die geval van eerstegenerasieregte) of 'n oorbeklemtoning van die gemeenskap (in die geval van tweedegenerasieregte). Die Bybel leer ons dat daar 'n gesonde balans tussen die individu en die gemeenskap moet wees. Die probleem van sekulêre en humanistiese menseregte in die samelewing vandag is dat menseregte gesien word as iets wat die individu toekom, selfs ten koste van sy naaste. Daarteenoor het Jesus Christus die gesindheid van liefde kom leer. Dit gaan nie oor mý regte wat mý alleen toekom nie, maar dit gaan oor hoe ek my naaste se regte die beste kan dien.

Dit beteken egter nie dat die individu geen regte het nie. Die Bybel leer dat die regte van die individu ook beskerm moet word – maar nooit ten koste van die gemeenskap nie. Aan die ander kant moet die gemeenskap ook nie só beskerm word dat die individu geen plek het nie. Jesus Christus het immers gekom om elkeen wat in Hom glo persoonlik te verlos en om hom/haar deel te maak van sy Kerk. Binne die Kerk het elke individu 'n plek en funksie waardeur die hele liggaam opgebou word (1 Kor. 12).

Wanneer dit dus lyk asof daar 'n botsing tussen eerstegenerasieregte en tweedegenerasieregte is, moet regters hulleself afvra of dit nie oorbeklemtoning van die individu of 'n oorbeklemtoning van die gemeenskap is nie. Mureinik (1992:469-471) toon aan dat daar ook binne generasies van regte botsings kan voorkom. Neem byvoorbeeld die reg op vryheid van spraak. Beteken dit dat haatspraak toegelaat kan word? Die antwoord hierop is "nee"; omdat dit die reg op lewe bedreig. Wanneer botsings tussen Bybelse menseregte voorkom moet dit weereens gaan oor hoe God en my naaste die beste gedien kan word in ooreenstemming met sy Woord.

### 4.3.2 Beoordeling van die argumente waarom sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels beskerm moet word

Deur sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels in 'n grondwet in te sluit word hulle gedegradeer tot tweedeklas regte. Uit hoofstuk 2 is dit duidelik dat sosio-ekonomiese regte prinsipieel net so belangrik is as die tradisionele politieke regte. Die reg op 'n menswaardige bestaan deur voeding, kleding en behuising is byvoorbeeld net so belangrik as die reg op lewe. Sosio-ekonomiese regte is dus meer as net 'n morele kode – dit is regte wat beskerm moet word. Hulle is meer as net interpreterende beginsels vir fundamentele regte.

Dat rigtinggewende beginsels geen positiewe verpligting op die staat plaas om in hierdie regte voorsien nie, is in stryd met wat reeds in hierdie hoofstuk aangetoon is, naamlik dat sosio-ekonomiese regte ook op 'n positiewe manier beskerm moet word. Hulle is meer as net regte wat die wese, gees en hoop van 'n grondwet uitdruk. Al kom die verskil tussen fundamentele regte en rigtinggewende beginsels nie uit in die debat van eerstegenerasieregte teenoor tweedegenerasieregte nie, is dit nog steeds sosio-ekonomiese regte wat as rigtinggewende beginsels ingesluit word – selfs al word sommige hiervan as fundamentele regte erken.

In die Ou Testament is sosio-ekonomiese wette net so belangrik beskou om gelykheid tot stand te bring. Deur verskeie wette is daar byvoorbeeld gekeer dat die land in die hande van 'n paar rykes beland (Lev. 25:8-13). Wette wat sosio-ekonomiese regte beskerm is dus net so belangrik soos al die ander wette wat menseregte beskerm. Dit gaan dus nie oor politiek wat die hofsaal binnedring nie, maar oor die beskerming van mense se basiese regte.

## 4.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels ondersoek en beoordeel. Uit die beoordeling van die argumente het dit duidelik geword dat die beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels, sosio-

ekonomiese regte ondergeskik maak aan eerstegenerasieregte. Prinsipieel is sosio-ekonomiese regte net so belangrik soos ander menseregte wat prinsipieel begrond kan word. Prinsipieel kan sosio-ekonomiese regte daarom nie as rigtinggewende beginsels beskerm word nie. In die volgende hoofstuk word die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte ondersoek en beoordeel.

# HOOFSTUK 5

# Argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte, en 'n beoordeling daarvan

## 5.1 Inleiding

Die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte argumenteer dat dit nie van mense verwag kan word om enige grondwet ernstig op te neem as dit nie hulle mees fundamentele belange beskerm nie. As iemand honger ly, is kos belangriker as vryheid van spraak. 'n Handves van menseregte wat net eerstegenerasieregte bevat, skep die indruk dat dit luukshede belangriker ag as noodsaaklikhede. Vir die meerderheid mense is dit dan weinig meer as 'n handves van luukshede (Mureinik, 1992:465). Haysom (1992:452) voer aan dat 'n grondwetlike demokrasie eerste- sowel as tweedegenerasieregte moet bevat as 'n voorwaarde vir bestaan en oorlewing.

Lande (soos Suid-Afrika) wat sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte beskerm, het 'n handves van menseregte waarin die tradisionele politieke en burgerlike regte en sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte beskerm word.

In hierdie hoofstuk word die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte ondersoek. Daar sal ook gekyk word na argumente waarom sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte beskerm moet word – en nie as rigtinggewende beginsels nie. Aan die einde van die hoofstuk sal 'n prinsipiële beoordeling van die argumente gemaak word.

Vervolgens kyk ons eers na die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte.

## 5.2 Argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte

### 5.2.1 Geregtigheid

Die eerste argument gaan oor geregtigheid. Boshoff (1991:448) argumenteer dat die eksklusiewe erkenning van tradisionele "negatiewe" vryheidsregte, ter uitsluiting van "positiewe" sosio-ekonomiese regte, tot gevolg sal hê dat 'n menseregtehandves nie vir die meerderheid van 'n bevolking (spesifiek die Suid-Afrikaanse bevolking) aanvaarbaar sal wees nie. Volgens Van der Westhuizen (soos aangehaal deur Boshoff, 1991:459), moet 'n regsorde bo alle ander oorwegings legitimiteit onder die bevolking geniet. Anders gestel moet dit oor 'n teoretiese basis beskik wat vir die meerderheid van die samelewing moreel aanvaarbaar is.

'n Handves van menseregte behoort geregtigheidsbeginsels te bevat waaraan die wette van die land getoets kan word. Daar word aan die hand gedoen dat die erkenning en beskerming van sosio-ekonomiese regte 'n voorvereiste vir enige toekomstige legitieme staatsbestel moet wees. 'n Eng positivistiese benadering is in Suid-Afrika nie meer vir die breër bevolking moreel aanvaarbaar nie (Boshoff, 1991:460).

### 5.2.2 Die verbintenis tussen politieke en burgerlike regte en sosio-ekonomiese regte

Die tweede argument gaan oor die verbintenis tussen politieke en burgerlike regte (eerstegenerasieregte) en sosio-ekonomiese regte (tweedegenerasieregte). Daar word geargumenteer dat alle menseregte interafhanklik en onskeibaar is. Daar bestaan geen konsepsuele verskil tussen burgerlike en politieke regte en sosio-ekonomiese regte nie. 'n Onderskeid tussen die twee groepe regte is gewoonlik gebaseer op die aard van die belange wat hulle wil beskerm. Alle regte het ten doel om individue 'n lewe van waardigheid en respek te waarborg. Politieke en burgerlike regte is daarmee gemoeid om elke individu die vryheid te waarborg om persoonlike en politieke keuses te maak sonder inmenging van die staat of ander partye. Sosio-ekonomiese regte is daarmee gemoeid om elkeen 'n leefruimte te waarborg waar hy of sy sosio-

ekonomiese welstand kan najaag, en met die toepaslik bystand van die staat, 'n lewe te leef sonder ekonomiese en sosiale tekortkominge (vgl. De Vos, 1997:70; Haysom, 1992:452).

Dit is nie moontlik om 'n definitiewe onderskeid tussen regte te maak op grond van die belange wat hulle beskerm nie. Soms beskerm politieke en burgerlike regte sosio-ekonomiese belange terwyl sosio-ekonomiese regte soms belange beskerm wat te doen het met die persoonlike en politieke keuses van 'n individu. Die verskillende regte ondersteun mekaar omdat die realisering van een reg afhanklik is van die realisering van 'n ander. Vir honger mense is dit moeilik om hulle reg op vryheid van spraak te beoefen terwyl 'n beperking op vryheid van spraak dit vir individue moeilik kan maak om hulle reg op behuising te beoefen. Hieruit vloei die argument dat politieke en burgerlike regte en sosio-ekonomiese regte interafhanklik en onskeibaar is (vgl. De Vos, 1997:71; Haysom, 1992:452).

Volgens Haysom (1997:71) beteken dit egter nie dat daar geen verskil tussen die verskillende regte is nie. Sosio-ekonomiese regte vereis van die staat relatief groter stappe vir hulle realisering as burgerlike en politieke regte. Anders gestel: die realisering van sosio-ekonomiese regte is oor die algemeen meer afhanklik van positiewe aksie deur die staat as burgerlike en politieke regte. Maar hierdie verskil skei die twee groepe regte meer in terme van graad as soort.

### 5.2.3 Positiwiteit en Negatiwiteit

Uit bogenoemde argument oor die verbintenis tussen politieke en burgerlike regte (eerstegenerasieregte) en sosio-ekonomiese regte (tweedegenerasieregte) vloei die derde argument dat beide groepe regte negatiewe en positiewe regte is. Dit is nie net sosio-ekonomiese regte wat positiewe aksie deur die staat vereis nie, maar ook politieke en burgerlike regte (De Villiers, 1994:606).

Neem byvoorbeeld die reg op 'n regverdige verhoor. Hierdie reg plaas finansiële verpligtinge op die staat. Hierdie reg vereis van die staat om howe daar te stel, onafhanklike regters, 'n polisiemag en gevangenisse. Die reg op 'n regverdige

verhoor is 'n eerstegenerasiereg wat positiewe verpligtinge op die staat plaas en wat geld kos. Volgens hierdie argument kan eerstegenerasieregte ook positiewe regte wees en geld kos, net soos tweedegenerasieregte.

Net soos eerstegenerasieregte is tweedegenerasieregte ook negatiewe regte wat ook op 'n negatiewe manier afgedwing moet word. Deur negatiewe beskerming kan die hof die staat verhoed om op maniere op te tree wat sosio-ekonomiese regte skend. Die reg op behuising, gesondheidsorg, voldoende voeding en water, sosiale sekuriteit en basiese onderwys kan onderwerp word aan wat genoem word "doelbewuste verslegtende maatstawwe". 'n Doelbewuste verslegtende maatstaf verwerp individue se huidige toegang tot water, voedsel, behuising en ander bronne wat hulle toegang gee tot hierdie regte. 'n Wet wat 'n verslegting eerder as 'n verbetering in sosio-ekonomiese regte veroorsaak, kan ongeldig verklaar word. Die staat moet nie net homself weerhou van inmenging in sosio-ekonomiese regte wat geniet word nie, maar ook inmenging deur privaat individue verhoed (De Waal *et al.*, 2001:434).

### 5.2.4 Negatiewe konstitusionele beoordeling

Mureinik (1992:469-474) argumenteer dat beide groepe regte (burgerlike en politieke regte en sosio-ekonomiese regte) op dieselfde manier toegepas kan word, en dit is deur negatiewe konstitusionele beoordeling. Hiervolgens kan die hof nie aan die Regering voorskryf watter beleid hy moet volg vir die realisering van sosio-ekonomiese regte nie, maar die hof kan wel die beleid van die Regering beoordeel om te bepaal of hy suksesvol was in die realisering van sosio-ekonomiese regte. Neem byvoorbeeld die reg op voeding. Dit impliseer 'n verbintenis om ondervoeding uit te wis. Net soos in die geval van burgerlike en politieke regte sal die hof die volgende vraag vra: Gegee die grondwetlike verbintenis om ondervoeding uit te wis, is hierdie beleid, program, of selfs die jaarlikse begroting, geregverdig? Die hof kan van die Regering 'n verduideliking eis oor wat hy gedoen het om ondervoeding uit te wis. Wanneer die Regering nie 'n verduideliking kan gee nie, sal die Regering se program afgeskiet word.

### 5.2.5 Onbepaalbaarheid

Teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte argumenteer dat sosio-ekonomiese regte vaag en onbepaalbaar is. Voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte argumenteer dat alle regte, ook eerstegenerasieregte vaag en onbepaalbaar is. Daar word geargumenteer dat burgerlike en politieke regte ook onderworpe is aan 'n veranderde materiële, kulturele en historiese konteks waarin hulle funksioneer. Neem byvoorbeeld die reg op vryheid van spraak: howe plaas beperkings op hierdie reg in die lig van heersende houdings en kontekstuele omstandighede. Net so kan dieselfde gesê word van ander eerstegenerasieregte, soos byvoorbeeld die reg op vryheid van diskriminasie of die reg om te stem (Haysom, 1992:457).

### 5.2.6 Geleidelike implementering

Die sesde argument gaan oor die geleidelike implementering van sosio-ekonomiese regte. Die implementering van sosio-ekonomiese regte kan a.g.v. beperkte bronne geleidelike geïmplementeer word sonder om hulle fundamentele aard te ontken. Die Internasionale Konvensie oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (IKESKR) sê die volgende oor die implementering van sosio-ekonomiese regte (vgl. UN, 1995:230):

> Each state party to the present Covenant undertakes to take steps, individually and through international assistance and co-operation, especially economic and technically, to the maximum of its available resources, with a view to achieving progressively the full realization of the rights in the present Covenant by all appropriate means, including particularly the adoption of legislative measures.

## 5.3 Argumente waarom sosio-ekonomiese regte nie as rigtinggewende beginsels beskerm kan word nie

Voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte, argumenteer dat rigtinggewende beginsels hierdie regte verban tot 'n bylaag tot die grondwet met die status van tweedeklasregte. Om sosio-ekonomiese regte voorvereistes te maak vir die interpretering van

eerstegenerasieregte, is om hulle nutteloos te verklaar teenoor eerstegenerasieregte. Die gevolg is dat die regering immuun gemaak word teen enige wetlike aksie wat in stryd is met eerstegenerasieregte, selfs al is dit 'n doel wat een van die sosio-ekonomiese regte najaag (vgl. Haysom, 1992:462; Mureinik, 1992:468).

In Indië het rigtinggewende beginsels 'n stryd veroorsaak tussen fundamentele regte en hierdie beginsels. De Villiers (1992:39-49) beskryf die stryd wat in Indië geheers het tussen fundamentele regte en rigtinggewende beginsel. Oor 'n verloop van tyd het laasgenoemde ontwikkel sodat dit mettertyd eersgenoemde beperk en gekwalifiseer het. Op grond hiervan argumenteer Haysom (1992:462) dat sosio-ekonomies regte nie as rigtinggewende beginsels beskerm moet word nie, maar as fundamentele regte.

## 5.4 Beoordeling van die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte

Op regsfilosofiese gronde het navorsers in Suid-Afrika inderdaad oortuigend aangetoon dat sosio-ekonomiese regte wel as fundamentele regte in die grondwet beskerm kan en moet word (Boshoff, 1991:446-461; De Vos, 1997:67-101; Haysom, 1992:451-463; Liebenberg, 2002; Mureinik, 1992:464-474). Die vraag is egter of die argumente wat aangevoer word prinsipieel begrond kan word. Daarom word hierdie argumente nou prinsipieel beoordeel.

### 5.4.1 Geregtigheid

Dit is waar dat 'n handves van menseregte geregtigheid moet laat geskied. Prinsipieel kan hierdie geregtigheid egter nie gevind word in dit wat vir die meerderheid van die bevolking moreel aanvaarbaar is nie. Prinsipieel moet die geregtigheidsbeginsels van 'n handves van menseregte in die Skrif gevind word. In hoofstuk 2 is aangetoon dat geregtigheid God se wil vir die menslike werklikheid is. In al die verhoudinge waarin die mens staan, vereis God geregtigheid. God wil reg laat geskied aan mense wat uitgelewer is aan armoede, ellende en verdrukking. God se geregtigheid eis dat mense se sosio-ekonomiese regte beskerm moet word.

### 5.4.2 Die verbintenis tussen politieke en burgerlike regte en sosio-ekonomiese regte

Die Skrif maak geen onderskeid tussen politieke en burgerlike regte (eerstegenerasieregte) en sosio-ekonomiese regte (tweedegenerasieregte) nie. Prinsipieel kan politieke en burgerlike regte nie geskei word van sosio-ekonomiese regte nie. Uit hoofstuk 2 is dit duidelik dat God se geregtigheid eis dat eerstegenerasieregte en tweedegenerasieregte beskerm moet word. Wanneer die sesde gebod byvoorbeeld doodslag verbied, verbied dit nie net die wederregtelike doodmaak van 'n mens nie, maar die sinekdogeekarakter van die Wet eis ook dat die menslike lewe beskerm moet word en dat dit tot volle ontplooiing gebring moet word. Alles wat 'n ander mens kan benadeel of skade kan berokken moet, sover moontlik, voorkom word (Eks. 23:5) en elke mens se belange moet positief bevorder word (De Bruyn, 1993:140). Uit die sesde gebod is dit dus duidelik dat elke mens die reg op lewe het ('n eerstegenerasiereg) en dat elke mens die reg het op voeding, behuising, kleding, gesondheidsorg, maatskaplike dienste en sekuriteit (tweedegenerasieregte) om sy/haar lewe te beskerm en tot volle ontplooiing te bring.

Wanneer God se wette vir Israel in die Ou Testament ondersoek word, word dit duidelik dat hierdie wette nie net eerstegenerasieregte wil beskerm nie, maar ook tweede- en selfs derdegenerasieregte. In hoofstuk 2 is aangetoon dat die mens na die beeld van God geskep is en dat dit hom menswaardig maak. Om die menswaardigheid van die mens te beskerm, moet eerstegenerasieregte sowel as tweede- en derdegenerasieregte beskerm word.

### 5.4.3 Positiwiteit en Negatiwiteit

Die prinsipiële beginsel is dat sosio-ekonomiese regte op 'n positiewe én 'n negatiewe manier beskerm moet word. Al sou sosio-ekonomiese regte net positiewe regte wees en politieke en burgerlike regte net negatiewe regte (wat nie die geval is nie), moet sosio-ekonomiese regte nog steeds beskerm word (vgl. 3.3.4).

### 5.4.4 Negatiewe konstitusionele beoordeling

Mureinik (1992:469-474) se argument gaan oor die praktiese beskerming van sosio-ekonomiese regte. Volgens hierdie argument is die Regering verantwoordelik vir die positiewe realisering van sosio-ekonomiese regte. Die hof het die verantwoordelikheid om te beslis of die Regering suksesvol was met die realisering van sosio-ekonomiese regte. Hierdie argument toon aan dat sosio-ekonomiese regte wel as fundamentele regte in Suid-Afrika beskerm kan word.

Die vraag is egter of die hof sosio-ekonomiese regte net op 'n negatiewe manier moet beskerm (deur negatiewe konstitusionele beoordeling). Die hof moet ook 'n positiewe verpligting op die staat kan plaas om 'n beleid uit te werk vir die realisering van sosio-ekonomiese regte. Hierdie feit is aangetoon deurdat die Grondwetlike Hof in Suid-Afrika op 5 Julie 2002 uitspraak gegee het dat die staat daarvoor verantwoordelik is om nevirapien aan swanger, MIV-positiewe vroue te verskaf by staatshospitale en klinieke. Die Regering is gelas om redelike stappe te doen vir die uitbreiding van toets- en beradingsgeriewe by hospitale en klinieke in die openbare gesondheidsektor. Verder is die Regering gelas om die gebruik van nevirapien te fasiliteer en te bevorder ten einde moeder-na-kind-oordrag van die MI-virus te voorkom.

Dit is dus duidelik dat sosio-ekonomiese regte op die beste manier moontlik gerealiseer moet word. Die proses van negatiewe konstitusionele beoordeling is nie 'n baie effektiewe manier nie.

### 5.4.5 Onbepaalbaarheid

In hoofstuk 3 is die argument van onbepaalbaarheid bespreek. Daar is aangetoon dat menseregte (spesifieke sosio-ekonomiese regte) nie vaag en onbepaalbaar is nie. Teenoor die onbepaalbaarheid van menseregte, kan daar gewys word op die feit dat die pligte wat God oplê, regte meebring, soos aangetoon in hoofstuk 2. Pligte en regte is korrelate begrippe, as't ware twee kante van dieselfde munt. Wanneer regte sonder pligte beoefen word, word dit misbruik. Menseregte kan prinsipieel uit die Skrif

gefundeer word, maar nie só dat dit jou naaste benadeel nie. In 'n land kan dit gebeur dat daar beperkings op sekere menseregte geplaas moet word sodat die breër bevolking daardeur gedien kan word. Neem byvoorbeeld die reg op vryheid van spraak: 'n sinvolle beperking op hierdie reg is die verbod op haatspraak aangesien haatspraak nie die goeie naam van my naaste bevorder nie.

Wanneer daar dus 'n beperking geplaas word op 'n mensereg, beteken dit nie dat hierdie reg vaag en onbepaalbaar is nie. Die reg geld nog steeds, maar op so 'n manier dat elkeen die plig het om sy naaste daardeur te dien.

### 5.4.6 Geleidelike implementering

Dit is so dat alle sosio-ekonomiese regte nie dadelik geïmplementeer kan word nie. Neem byvoorbeeld die reg op voeding: 'n arm land soos Etiopië kan nie dadelik aan almal wat ondervoed is, voedsel voorsien nie. Tog kan die land begin stappe doen vir die geleidelike implementering van hierdie reg. Prinsipieel is dit ook die verantwoordelikheid van elke land om soveel stappe as moontlik te doen vir die implementering van sosio-ekonomiese regte.

## 5.5 Beoordeling van die argumente waarom sosio-ekonomiese regte nie as rigtinggewende beginsels beskerm kan word nie

Sosio-ekonomiese regte is prinsipieel nie ondergeskik aan eerstegenerasieregte nie. Sosio-ekonomiese regte kan daarom nie net vir die interpretering van eerstegenerasieregte gebruik word nie. In die vorige hoofstuk is die argumente vir die beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels prinsipieel beoordeel.

## 5.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte ondersoek en beoordeel. Alhoewel die motivering van die argumente nie altyd prinsipieel korrek is

nie, is dit uit die beoordeling van hierdie en die vorige twee hoofstukke se argumente duidelik dat die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte die mees effektiewe manier is waarop sosio-ekonomiese regte beskerm kan word. Dit is ook in lyn met die ondersoek in hoofstuk 2 waar bevind is dat sosio-ekonomiese regte op die mees effektiewe manier beskerm moet word.

In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die huidige stand van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika. Ondersoek sal ingestel word om te bepaal of sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika inderdaad op die mees effektiewe manier beskerm word.

# HOOFSTUK 6

# Die huidige stand van sake met betrekking tot sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika, en 'n beoordeling daarvan

---

## 6.1 Inleiding

Tot dusver is die argumente waarom sosio-ekonomiese in 'n grondwet beskerm moet word al dan nie, ondersoek en beoordeel. Die argumente oor die manier waarop sosio-ekonomiese regte beskerm moet word (hetsy as rigtinggewende beginsels of as fundamentele regte) is ook ondersoek en beoordeel. Uit die ondersoek het dit geblyk dat die beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte in 'n grondwet prinsipieel die mees effektiewe manier is waarop hierdie regte beskerm kan word.

Omdat hierdie studie ook spesifiek die huidige stand van sake van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika wil beoordeel, is dit nodig dat die posisie van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika ondersoek en beoordeel word. Dit sal in hierdie hoofstuk gedoen word. Uit hierdie hoofstuk sal dit ook duidelik word dat nie net die insluiting van sosio-ekonomiese regte in 'n grondwet belangrik is nie, maar ook die bewoording daarvan.

Daarom sal daar in die eerste plek aandag gegee word aan die huidige stand van sake met betrekking tot die sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika. Daarna sal aandag gegee word aan die realisering van hierdie regte en in die laaste plek sal sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika prinsipieel beoordeel word.

## 6.2 Die huidige stand van sake met betrekking tot sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika

Die eerste vraag is natuurlik of sosio-ekonomiese regte enigsins in die Grondwet van Suid-Afrika voorkom. Dit is wel die geval. Suid-Afrika se Grondwet bevat 'n hoofstuk wat spesifiek gaan oor menseregte. Hierdie hoofstuk (hoofstuk 2) word genoem "Die Handves van Regte" en dit sluit sosio-ekonomiese regte in (Konstitusie, 1996:6-22). Hierdie Handves van Regte kan in bylaag B gevind word.

Volgens De Waal *et al.* (2001:433) is artikels 26 en 27 van die Handves van Regte die belangrikste sosio-ekonomiese regte. Hierby kan dan ander regte gevoeg word wat ook as sosio-ekonomiese regte gekwalifiseer kan word, naamlik die herverdeling van grond, die regte van kinders, onderwys, die reg op 'n regsverteenwoordiger en die regte van aangehoudenes. Hierdie indeling is gegrond op 'n beskrywing van De Waal *et al.* (2001:434) waarvolgens sosio-ekonomiese regte as positiewe regte en politieke en burgerlike regte as negatiewe regte beskou word.

Uit die studie tot dusver is dit duidelik dat positiwiteit nie as 'n definisie vir sosio-ekonomiese regte gebruik kan word nie (vgl. 3.3.4, 5.2.3 en 5.3.3). In hoofstuk 2 is aangedui dat sosio-ekonomiese gekwalifiseer word as dié regte wat noodsaaklik is vir die individu se behoorlike inskakeling by, en deelname aan, die georganiseerde gemeenskapslewe. Omdat die Skrif geen onderskeid ken tussen generasies van regte nie, is so 'n indeling egter ook kunsmatig. Daarom word daar volstaan met die Verenigde Nasies se indeling van sosio-ekonomiese regte (vgl. UN, 1995:153-156, 229-234). Dit is dan ook hierdie regte wat in hoofstuk 2 prinsipieel beoordeel is (vgl. 2.4).

Hoofstuk 2 (die Handves van Regte) van die Grondwet van Suid-Afrika bevat die volgende bepalings oor sosio-ekonomiese regte:

### 6.2.1 Arbeidsverhoudinge

Artikel 23 van die Handves van Regte bevat bepalings oor arbeidsverhoudinge (Konstitusie, 1996:11). Dit sluit in die reg op billike arbeidspraktyke, regte oor vakbonde en werkgewersorganisasies, die reg om te staak, en die reg op kollektiewe bedinging (Devenish, 1998:66).

Op 11 November 1996 het die *Wet op Arbeidsverhoudinge* (66/1995) van krag geword. Een van die doelwitte van hierdie wet is om seker te maak dat wetgewing oor arbeidsverhoudinge in ooreenstemming is met die Handves van Regte (De Waal *et al.*, 2001:389).

Die regte wat vervat is in subartikels 23(2)-(4) van die Handves van Regte vorm die basis van 'n stelsel van arbeidsverhoudinge wat gekenmerk word deur 'n proses van kollektiewe bedinging. Daarom het elke werkgewer die reg om gebruik te maak van werkgewersorganisasies en elke werknemer het die reg om gebruik te maak van vakbonde (vgl. De Waal *et al.*, 2001:393; Cheadle, 1997:215,216). Sake soos lone, voorwaardes vir indiensneming en billike arbeidspraktyke moet bepaal word deur kollektiewe bedinging. Hierdie kollektiewe bediening word verder ondersteun deur wetgewing oor billike arbeidspraktyke soos *Die Wet op Lone* (5/1957), *Die Wet op Publieke Diens* (1994), *Die Wet op Basiese Vereistes vir Indiensneming* (3/1983) en *Die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid* (85/1993).

In die Handves van Regte word nie net stakings vir kollektiewe bedinging beskerm nie, maar ook stakings vir die bevordering van sosio-ekonomiese belange van werkers (De Waal *et al.*, 2001:397-398).

### 6.2.2 Omgewing

Volgens artikel 24 van die Handves van Regte het elkeen die reg op 'n omgewing wat nie skadelik is vir sy/haar gesondheid en welstand nie. Dit beteken ook 'n reg teen besoedeling en ekologiese agteruitgang (Konstitusie, 1996:11,12). In die bevordering van sosio-ekonomiese regte moet die ekologie nie beskadig word nie en bewaring

moet bevorder word (Seleoane, 2001:37). Daarom word daar in subartikel 24(*b*) 'n positiewe plig op die staat geplaas om deur middel van wetgewende en ander administratiewe maatreëls die omgewing te beskerm (Konstitusie, 1996:12, vgl. Devenish, 1998:68; De Waal *et al.*, 2001:402,403). Die verwysing na huidige en toekomstige geslagte in artikel 24 plaas die klem op volhoubare ontwikkeling (Devenish, 1998:68).

### 6.2.3 Grondhervorming en toegang tot grond

Artikel 25 van die Handves van Regte beskerm privaat eiendom teen konfiskering deur die Regering en vereis dat die inbeslagneming van eiendom vergoed moet word. Terselfdertyd vereis hierdie artikel dat die Regering die doelwit van grondhervorming en die herverdeling van grond moet bereik (Konstitusie, 1996:12,13).

Hierdie studie wil nie ingaan op die reg op eiendom in die breë sin van die woord nie. Daar sal meer spesifiek ingegaan word op die reg op grondhervorming en toegang tot grond – synde van sosio-ekonomiese belang. Subartikels 25(5) tot 25(9) van die Handves van Regte bevat bepalings daaroor (Konstitusie, 1996:13).

Artikel 25 bepaal dat 'n persoon of gemeenskap wat na 19 Junie 1913 die besit van eiendom ontneem is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, geregtig is, in die mate wat deur 'n Parlementswet bepaal word, op óf teruggawe van daardie eiendom óf billike vergoeding (Konstitusie, 1996:13; Devenish, 1998:71).

Artikel 25 plaas 'n verpligting op die Regering om wetgewing daar te stel vir grondhervorming en die herverdeling van grond. Volgens subartikel 25(8) mag die grondwetlike beskerming van eiendom nie die staat belemmer in die hervorming van grond en water met die doel om sosio-ekonomiese gelykheid te bewerkstellig nie. Dit beteken egter nie dat vergoeding nie gegee hoef te word waar die hervorming van grond en water die inbeslagneming van eiendom noodsaak nie. Verder bepaal subartikel 28(8) dat enige afwyking van artikel 25 moet ooreenstem met die bepalings

van subartikel 36(1), die klousule oor die beperking van regte. (vgl. De Waal *et al.*, 2001:429; Davis *et al.*, 1997:254,255).

### 6.2.4 Behuising

Artikel 26 van die Handves van Regte gaan oor die reg op behuising (Konstitusie, 1996:13,14).

Subartikel 26(1) beteken nie dat die Regering 'n ongekwalifiseerde plig het om behuising op aanvraag te voorsien nie (vgl. Devenish, 1998:73; De Waal *et al.*, 2001:445; Liebenberg, 1997c:345). Die grondwetlike hof het hierdie feit duidelik aangetoon in die saak van *Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika versus Grootboom.* Hiervolgens is die Regering se plig om behuising te voorsien afhanklik van die ekonomiese middele van die verskillende sektore in die samelewing. Diegene met voldoende ekonomiese middele het reeds toegang tot geskikte behuising. Daarom moet die Regering aandag gee aan diegene wat nie voldoende ekonomiese middele het om behuising te verkry nie (vgl. Liebenberg, 1997c:345).

In die saak van *Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika versus Grootboom* is ook aangedui dat die reg op toegang tot geskikte behuising meer inhou as stene en sement. Hierdie reg vereis ook grond, noodsaaklike dienste soos die voorsiening van water en die verwydering van riool, en die bou van die huis self (vgl. Liebenberg, 1997c:347).

Subartikel 26(3) bepaal dat niemand willekeurig uit sy huis gesit mag word nie. Die reg verbied uitsetting sonder 'n hofbevel en vereis dat 'n hof alle tersaaklike omstandighede in ag moet neem by die oorweging van 'n uitsetting (vgl. De Waal *et al.*, 2001:445,446; Liebenberg, 1997c:345,346).

### 6.2.5 Gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid

Artikel 27 van die Handves van Regte bevat bepalings oor gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid (Konstitusie, 1996:14).

Onder "gesondheidsorg" moet verstaan word voldoende mediese sorg, inenting, en die voorkoming en diagnose van epidemies. Voldoende voedsel en water is basiese komponente van 'n voldoende lewenstandaard. Streng gesproke is daar 'n verskil tussen sosiale sekuriteit en sosiale bystand. Eersgenoemde verwys na versekeringskemas waarby werkgewers en werknemers bydra vir die doel van aftrede, mediese sorg en werkloosheidsversekering. Laasgenoemde verwys na behoefte bepalende bystand wat gefinansier word uit openbare fondse. Subartikel 27(1) verwys na beide hierdie aspekte, maar mense het alleen die reg op toegang tot sosiale bystand wanneer hulle nie in staat is om hulleself te onderhou nie. Die reg op "gepaste" sosiale bystand sal afhang van die meriete van elke geval (De Waal *et al.*, 2001:449; Liebenberg, 1997b:355-357).

Subartikel 27(3) bepaal dat behandeling gegee moet word in 'n noodtoestand sodat dit nie belemmer word deur burokratiese vereistes of ander formaliteite nie. Subartikel 27(3) plaas egter nie 'n grondwetlike plig op die staat om te verseker dat mediese nooddienste oral beskikbaar is nie. Subartikel 27(3) is die reg om nie weggewys te word van bestaande dienste nie. In die geval van privaathospitale is dit ook nie 'n waarborg vir gratis dienste nie. Noodbehandeling mag nie geweier word as gevolg van beperkte fondse nie, maar betaling vir behandeling mag wel opgeëis word nadat behandeling gegee is (De Waal *et al.*, 2001:449,450).

### 6.2.6 Kinders

Artikel 28 van die Handves van Regte beskerm sekere sosio-ekonomiese regte van kinders (Konstitusie, 1996:14,15). Dit is nodig dat kinders op 'n spesiale manier beskerm word omdat hulle maklik blootgestel word aan uitbuiting en mishandeling. Hierdie regte van kinders is 'n toevoeging tot die ander sosio-ekonomiese regte in die Handves van Regte (Devenish, 1998:74). Hierdie artikel gee aan kinders die reg op basiese voeding, skuiling, gesondheidsorg en maatskaplike dienste. Terselfdertyd gee dit aan kinders die reg op 'n familie en ouerlike sorg. Artikel 28 plaas daarom 'n plig op die Regering om te verseker dat hierdie basiese regte van die kind beskerm word en dat die gesin van die kind ook aan hierdie regte voldoen. Die regte in artikel 28 het

dus ook 'n horisontale toepassing. 'n Grondwetlike plig word ook op ouers geplaas om in 'n kind se basiese regte te voorsien en om nie die kind te mishandel, verwaarloos of van die kind te vereis om ongeoorloofde of ongesonde werk te doen nie (vgl. Devenish, 1998:74; De Waal *et al.,* 2001:457,458; Haysom, 1997:269, 270).

In die uitspraak *Grootboom versus Oostenberg Munisipaliteit* het die Grondwetlike Hof beslis dat daar nie 'n onderskeid gemaak kan word tussen die reg op behuising in artikel 26 en die reg op behuising in subartikel 28(1)*(c)* van die Grondwet nie. So 'n onderskeid sal tot gevolg hê dat mense met kinders 'n direkte en afdwingbare reg op behuising het in terme van artikel 28, terwyl mense wat nie kinders het nie, of wie se kinders reeds volwassenes is, nie geregtig is op behuising in terme van artikel 28 nie – selfs al sou hulle oud en gestremd wees. Artikel 28(1)*(c)* plaas nie 'n direkte verpligting op die staat om skuiling op aanvraag aan kinders te voorsien nie, en ook nie as gevolg van hulle aan hulle ouers nie. Artikel 28 reël dat daar in die belang van kinders opgetree word, veral daar waar hulle weerloos is en maklik uitgebuit kan word (Devenish, 1998:76; De Waal *et al.,* 2001:468,467).

### 6.2.7 Onderwys

Artikel 29 van die Handves van Regte bepaal dat elkeen die reg het op onderwys, onderwys in die taal van eie keuse waar dit redelikerwys doenlik is en die reg om op eie koste onafhanklike onderwysinstellings tot stand te bring (Konstitusie, 1996:15,16).

Die Grondwet verdeel die taak van onderwys tussen die Regering aan die een kant en privaat individue en instellings aan die ander kant. Die Regering is verplig om basiese onderwys in 'n amptelike taal van eie keuse te voorsien waar dit redelikerwys uitvoerbaar is. Verder is hy ook verplig om toegang tot verdere onderwys te voorsien in 'n amptelike taal van eie keuse, waar dit ook redelikerwys uitvoerbaar is (De Waal *et al.,* 2001:484; Liebenberg, 1997a:295,296).

Omdat Suid-Afrika elf amptelike tale het, is dit nie altyd prakties haalbaar om vir elkeen moedertaalonderrig (in 'n moedertaal wat 'n amptelike taal is) te gee nie.

Subartikel 29(2) het daarom 'n interne beperking. Daar kan alleen aanspraak gemaak word op hierdie reg waar onderwys in 'n amptelike taal van eie keuse redelikerwys uitvoerbaar is (De Waal *et al.,* 2001:484).

Subartikel 29(3) plaas 'n negatiewe plig op die staat om nie in te meng in die totstandkoming van privaatskole vir kulturele, taalkundige en godsdienstige gemeenskappe nie. Die reg bepaal egter dat hierdie skole by die Regering geregistreer moet wees en dat hulle nie minderwaardige standaarde mag handhaaf nie. Verder mag sulke skole nooit op grond van ras diskrimineer nie (Devenish, 1998:76,77).

### 6.2.8 Taal, kultuur en godsdiens

Artikel 30 van die Handves van Regte beskerm elke individu se reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem (Konstitusie, 1996:16). Artikel 31 (Konstitusie, 1996:16,17) beskerm die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe. Hierdie regte mag egter nie uitgeoefen word op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie (Konstitusie, 1996:16; vgl. De Waal *et al.,* 2001:483).

## 6.3 Die realisering van sosio-ekonomiese regte

Die groot vraag is natuurlik hoe sosio-ekonomiese regte in die Grondwet gerealiseer moet word. In hierdie verband is die kwalifisering van artikels 25-27 in die Handves van Regte en die rol van die Menseregtekommissie baie belangrik. Suid-Afrika se verbintenis met die IKESKR sal ook onder die loep geneem word.

### 6.3.1 Kwalifisering van artikels 25-27 in die Handves van Regte

Artikels 25-27 van die Handves van Regte bevat almal die kwalifisering dat die staat redelike wetgewende en ander maatreëls moet tref om met sy beskikbare middele die regte in die onderskeie artikels in toenemende mate te verwesenlik (Konstitusie,

1996:12-14). Die betekenis van hierdie bewoording word vervolgens krities ondersoek aan die hand van die drie dele:

- redelike wetgewende en ander maatreëls;
- met beskikbare middele; en
- toenemende mate te verwesenlik.

#### 6.3.1.1 Redelike wetgewende en ander maatreëls

Die wetgewer en uitvoerende gesag is vry (hoewel nie onbeperk nie) om wetgewing en beleid daar te stel vir realisering van die spesifieke sosio-ekonomiese regte. Volgens die Grondwet moet die hof dan bepaal of hierdie stappe redelik is vir die realisering van hierdie regte. Die staat moet dan kan bewys dat hy doelbewuste, konkrete en doelgerigte stappe gedoen het om die spesifiek doelwitte te bereik (Liebenberg, 1997c:347). Dit beteken nie net dat die staat sy wetgewing en beleid as redelik moet bewys nie, maar ook die implementering daarvan (De Vos, 1997:95; De Waal *et al.*, 2001:439).

Die standaard vir redelikheid is konteksensitief. Redelikheid moet bepaal word met inagneming van die feite van elke geval. Met verloop van tyd word standaarde meer reëlgebonde soos wat howe riglyne daarstel vir toekomstige toepassings (De Vos, 1997:95,96; De Waal *et al.*, 2001:440). Sake van die hede stel dus standaarde vir sake van die toekoms.

#### 6.3.1.2 Met beskikbare middele

Wanneer die staat as gevolg van 'n gebrek aan middele nie daarin slaag om 'n oplossing te bied vir sosio-ekonomiese probleme nie, oortree hy nie bogenoemde grondwetlike bepaling nie. As middele egter wel beskikbaar is, sal dit vir die staat moeilik wees om sy mislukking te regverdig. Daar rus 'n verpligting op die staat om hierdie regte te laat realiseer soos wat middele beskikbaar word (vgl. De Waal *et al.*, 2001:442; Liebenberg, 1997c:349).

Wanneer middele skaars is, word die staat nie vrygestel daarvan om sy minimum verpligtinge na te kom nie. Hierdie minimum verpligtinge moet steeds nagekom word, tensy die staat kan bewys dat beskikbare middele heeltemal onvoldoende is. Tog moet die staat altyd daarna streef om selfs met minimum middele hierdie regte soveel as moontlik te laat realiseer (De Vos, 1997:96,97; De Waal *et al.*, 2001:443).

#### 6.3.1.3 Toenemende mate te verwesenlik

Die spesifieke sosio-ekonomiese regte kan nie oornag gerealiseer word nie. Dit beteken egter nie dat die staat onbeperkte tyd het nie. Die staat moet binne sy onmiddellike vermoë stappe doen om hierdie regte te laat realiseer. Daar rus 'n verpligting op die staat om die gestelde doelwitte so effektief en vinnig moontlik te bereik. Enige onredelike vertraging voldoen nie aan die vereistes van hierdie bepaling in die Grondwet nie. Die staat moet dus kan bewys dat hy vordering maak met die realisering van hierdie regte (vgl. De Vos, 1997:97,98; De Waal *et al.*, 2001:442; Liebenberg, 1997c:348).

### 6.3.2 Die rol van die Menseregtekommissie

Die Grondwet het 'n Menseregtekommissie op die been gebring om onder andere die realisering van sosio-ekonomiese regte te monitor. Ingevolge die Grondwet is die Menseregtekommissie by magte om jaarliks van staatsorgane te vereis om inligting te verskaf oor die stappe wat hulle gedoen het vir die realisering van die regte vir behuising, gesondheidsorg, voedsel, water, sosiale sekuriteit, onderwys en die omgewing (Konstitusie, 1996:112,113). Op grond van hierdie inligting moet die Kommissie die implementering van sosio-ekonomiese regte monitor en jaarliks 'n verslag saamstel oor die vordering wat die land maak met die realisering van sosio-ekonomiese regte (Nthai, 2003; Seleoane, 2001:61,62).

In *Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika versus Grootboom* is die Kommissie deur die Grondwetlike Hof aangestel om die implementering van 'n behuisingsprogram vir dakloses te monitor.

### 6.3.3 Suid-Afrika se verbintenis met die IKESKR

In 1966 het die Algemene Vergadering van die VN die IKBPR en die IKESKR aanvaar. Tien jaar later (1976) het hierdie twee konvensies van krag geword met die minimum aantal stemme vir ratifikasie (Liebenberg, 1995:361; Seleoane, 2001:33,34; UN, 1995:229; Vorster, 2000b:127). Die IKESKR is die grootste internasionale konvensie vir die beskerming van sosio-ekonomiese regte. Vandag is hierdie konvensie al deur 130 state bekragtig (Alston, 1998).

In artikel 2 van die IKESKR word die verpligting genoem wat op elke staat rus wat hierdie konvensie bekragtig het. Subartikel 2(1) lui soos volg:

> Each State Party to the present Covenant undertakes to take steps, individually and through international assistance and co-operation, especially economic and technically, tot the maximum of its available resources, with a view to achieving progressively the full realization of the rights recognised in the present Covenant by all appropriate means, including particularly the adoption of legislative measures (UN, 1995:230).

Dit is opmerklik dat die bewoording van subartikels 25(5), 26(2) en 27(2) van die Grondwet van Suid-Afrika (vgl. Konstitusie, 1996:2-14) in 'n groot mate ooreenstem met bogenoemde subartikel in die IKESKR. Die opstellers van die Grondwet van Suid-Afrika het hierdie bewoording van die IKESKR gebruik met die opstel van artikels 25-27 (De Waal *et al.*, 2001:444).

Elke staat wat die IKESKR bekragtig het, is verplig om dadelik stappe te implementeer vir die volle realisering van die regte uiteengesit in die IKESKR. Sulke stappe moet doelbewus, konkreet en so doelgerig as moontlik wees om die verpligtinge in die IKESKR na te kom. Artikel 2 lê spesifiek klem op die instelling van wetgewing vir die realisering van die regte in die IKESKR (Chirwa, 2003:2-5; Liebenberg, 1995:365; Seleoane, 2001:36; UN, 1995:230).

Tydens sy historiese besoek aan die VN se Algemene Vergadering op 3 Oktober 1994 het oudpresident Nelson Mandela die IKESKR en die IKBPR onderteken. Daardeur is aangedui dat Suid-Afrika van plan is om lidland te word en om wetlik gebonde te wees aan hierdie twee Konvensies (Liebenberg, 1995:359).

Alhoewel Suid-Afrika die IKESKR en die IKBPR onderteken het, het hy dit nog nie bekragtig nie. Die periode tussen die ondertekening en bekragtiging is 'n periode waartydens state hul wetgewing en beleid kan hersien om in pas te kom met die bepalings van die twee Konvensies. Na verwagting sal Suid-Afrika dus die IKESKR en die IKBPR in die nabye toekoms bekragtig (Liebenberg, 1995:371; Chirwa, 2003:3-5).

## 6.4 Beoordeling van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika

Om sosio-ekonomiese regte in die Grondwet te beoordeel gaan die voorkoms van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet ondersoek word. Daar gaan met ander woorde gekyk word na watter van hierdie regte in die Grondwet voorkom en watter nie. Daarna sal die manier waarop hierdie regte gerealiseer moet word, beoordeel word deur te kyk na wat die Grondwet daaroor te sê het en in watter mate dit al in die praktyk gerealiseer het.

### 6.4.1 Die voorkoms van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika

Uit bogenoemde ondersoek is dit duidelik dat die volgende sosio-ekonomiese regte in die Grondwet voorkom (vgl. Konstitusie, 1996:2-26):

- Regte in verband met arbeidsverhoudinge, naamlik billike arbeidspraktyke, vakbonde en werkgewersorganisasies, stakings en kollektiewe bedinging.
- Die reg op 'n skoon omgewing.
- Die reg op grondhervorming en toegang tot grond.
- Die reg op behuising.
- Die reg op gesondheidsorg, voldoende voedsel en water, en maatskaplike sekerheid.
- Regte vir kinders op spesiale sorg, naamlik ouerlike sorg, sekuriteit, basiese gesondheids- en maatskaplike dienste, en spesiale sorg tydens aanhouding.

Die reg op rus, vrye keuse van indiensneming, gunstige werksomstandighede, gelyke betaling vir gelyke werk en regverdige vergoeding word nie spesifiek in die Handves van Regte genoem nie, maar hierdie regte word beskerm deur bg. reg op billike arbeidspraktyke, vakbonde, werkgewersorganisasies, stakings en kollektiewe bedinging. Daar is ook wetgewing in plek om billike arbeidspraktyke te reël (vgl. 6.2.1). Hierdie regte in die Grondwet beskerm die regte van werkgewers en werknemers sodat die een nie deur die ander uitgebuit kan word nie. Prinsipieel kan dit positief waardeer word.

Alhoewel die reg op voeding, gesondheidsorg, huisvesting en maatskaplike sekuriteit in die Grondwet voorkom, kom die basiese reg op kleding nie in die Grondwet voor nie. Prinsipieel is dit egter 'n baie belangrike reg omdat dit die mens teen die elemente van die natuur beskerm en omdat dit die mens se skaamte bedek. Die Here beveel Israel in Eks. 22:26,27 dat wanneer iemand sy klere verpand dit voor sononder vir hom teruggegee moet word. Anders het hy niks om onder te slaap nie. Net so mag die klere van 'n weduwee nie as pand geneem word nie (Deut. 24:17). Hulle het 'n reg op kleding en beskutting. Wanneer die mens in Gen. 3:10 agterkom dat hy kaal is vanweë die sonde wat hy gedoen het, maak die Here God vir hom klere om sy skaamte te bedek (Eks. 3:21).

Die reg op wetenskaplike vooruitgang word ook nie deur die Grondwet beskerm nie. Om op 'n verantwoordelike wyse te kan werk, is dit nodig dat elke mens in wetenskaplike vooruitgang moet deel. Tog is dit nie 'n basiese reg wat onmiddellik van belang is nie. Iemand wie se reg op kos, klere en huisvesting nie beskerm word nie, is nie bekommerd oor wetenskaplike vooruitgang, maar oor sy onmiddellike behoeftes. Wetenskaplike vooruitgang moet egter aangewend word om op 'n effektiewe manier mense se sosio-ekonomiese regte te beskerm. Dit is byvoorbeeld beter om elektrisiteit te voorsien as om aan almal brandhout uit te deel om kos te maak.

### 6.4.2 Die realisering van sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika

Dit is inderdaad so dat alle mense se sosio-ekonomiese regte nie oornag beskerm kan word nie. Daar kan nie oornag aan almal kos, klere, huisvesting, gesondheidsorg, ens. gegee word nie. Prinsipieel moet sosio-ekonomiese regte so vinnig en effektief as moontlik beskerm word. Daarom moet die bewoording in subartikels 25(5), 26(2) en 27(2), naamlik dat die staat redelike wetgewende en ander maatreëls moet tref om binne sy beskikbare middele die regte in die artikels moet realiseer, verwelkom word. Hierdie bewoording plaas 'n verpligting op die staat om so effektief en doelgerig as moontlik stappe te doen vir die beskerming van die sosio-ekonomiese regte in hierdie artikels (vgl. 6.3.1). Die vraag kan egter gevra word waarom hierdie bewoording nie ander sosio-ekonomiese regte in die Grondwet kwalifiseer nie (artikels 24, 28-30). Dit skep die indruk dat sommige sosio-ekonomiese regte in die Grondwet belangriker is as ander – of dit nou die regte is waarin hierdie bewoording voorkom of nie.

Die daarstelling van die Menseregtekommissie om die beskerming van sosio-ekonomiese regte te monitor moet prinsipieel verwelkom word. Dit wys op die feit dat die beskerming van sosio-ekonomiese regte vir die Grondwet 'n saak van erns is. Die effektiwiteit van die Menseregtekommissie sal egter nog in die praktyk bewys moet word. Nthai (1999) kritiseer byvoorbeeld die Menseregtekommissie omdat hy nie genoeg doen om die realisering van sosio-ekonomiese regte te verseker nie.

Wanneer die bepalings van die Grondwet oor die realisering van sosio-ekonomiese regte beoordeel word, is dit ook nodig dat die mate waarop hierdie regte in die praktyk gerealiseer het, ondersoek word. Dit bepaal die mate waarin die Grondwet al in sy doel geslaag het en of die Grondwet ernstig opgeneem word.

Volgens 'n verslag van die Menseregtekommissie (vgl. Menseregtekommissie, 2003), is die grootste probleem met die realisering van sosio-ekonomiese regte die gaping tussen beleid en implementering. Regeringsdepartemente is nog baie traag met die implementering van sosio-ekonomiese regte.

In sy studie toon Terreblanche (2002) aan dat sosio-ekonomiese transformasie in Suid-Afrika nog nie plaasgevind het nie en dat baie van die diepgewortelde ongelykhede wat ontwikkel het onder kolonialisme en apartheid nog voortbestaan in die nuwe Suid-Afrika. Daar is nog steeds oorblyfsels van uitbuiting en diskriminasie, en die sosio-ekonomiese situasie waarin baie Afrikane en gekleurdes hulle bevind, het nie verbeter nie, maar versleg (Terreblanche, 2002:27).

Terreblanche (2002:28,29) toon aan dat die helfte van die bevolking nog steeds in swak sosio-ekonomiese toestande leef – ten spyte van die Regering se behuisingsprogramme, voedselprogramme, gesondheidsorg, onderwys en ontwikkeling van infrastruktuur. Verder is Suid-Afrika bekend vir die groot kontras tussen ryk en arm (Terreblanche, 2002:29,445). 16,6% van die bevolking verdien 72,2% van die inkomste in die land terwyl die oorblywende 27,8 oor die res van die bevolking versprei is. Die armste 50% van die bevolking verdien slegs 3,3% van die inkomste van die land (Terreblance, 2002:31-34, 419, 440).

Daar sal dus nog baie gedoen moet word vir die beskerming van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika. Chirwa (2002) toon aan dat volgens artikel 8 van die Handves van Regte, die Handves van Regte nie net 'n vertikale toepassing het nie, maar ook 'n horisontale toepassing. Daarom wys hy op die belangrike rol wat die privaatsektor moet speel in die beskerming van sosio-ekonomiese regte. Prinsipieel is dit ook nie net die staat se plig om sosio-ekonomiese regte te beskerm nie, maar ook die plig van die privaatsektor, die Kerk en elke individu. Daarom moet daar gewaak word teen 'n siening dat sosio-ekonomiese regte regte is wat *my* toekom sonder dat ek enigsins 'n plig het teenoor die sosio-ekonomiese regte van ander. Dit is ongelukkig so dat die Grondwet hierdie indruk baie maklik skep. God se eis konsentreer op 'n mense se plig en roeping; dit is jou plig en roeping teenoor ander mense en hulle regte. Die Skrif waarsku teen 'n gesindheid wat daarop ingestel is om jou regte op te eis eerder as om op jou verantwoordelikheid en roeping te konsentreer.

## 6.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die huidige stand van sake met betrekking tot sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika ondersoek en beoordeel. Dit is gedoen deur die voorkoms van sosio-ekonomiese regte, en bepalings oor die beskerming daarvan, in die Grondwet te ondersoek.

Die sosio-ekonomiese regte in die Grondwet, en die beskerming daarvan, kan positief waardeer word. Dit is egter jammer dat die reg op arbeid en kleding nie in die Grondwet voorkom nie. Baie sal ook nog gedoen moet word vir die realisering van sosio-ekonomiese regte. Dit help nie om hierdie regte op papier te hê as dit in die praktyk niks beteken nie. Die Regering, die privaatsektor en elke individu sal daadwerklike stappe moet begin doen om sosio-ekonomiese regte te beskerm.

# HOOFSTUK 7

## Samevatting en gevolgtrekking: 'n beoordeling van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika

---

In hierdie studie is 'n teologies-etiese beoordeling van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika gemaak. Die groot vraag was of sosio-ekonomiese regte deel moet wees van 'n grondwet en, indien wel, in watter mate. In die lig hiervan is die huidige stand van sake met betrekking tot die Grondwet van Suid-Afrika prinsipieel beoordeel.

In hoofstuk 2 is ondersoek ingestel oor wat die Skrif ons leer van sosio-ekonomiese regte en die beskerming daarvan. Verskeie Bybelse temas en Skrifgedeeltes uit die Ou en Nuwe Testament is ondersoek. Uit hierdie ondersoek het dit geblyk dat sosio-ekonomiese regte baie belangrike menseregte is wat beskerm moet word. Daarom moet hierdie regte so effektief as moontlik in 'n land beskerm word.

In hoofstukke 3 tot 5 is (a) die argumente van die teenstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte, (b) die argumente van die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as rigtinggewende beginsels, en (c) die voorstanders van die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte onderskeidelik ondersoek en beoordeel. In hoofstuk 1 is aangetoon dat daar nog nie 'n teologies-etiese studie oor die beskerming van sosio-ekonomiese regte gemaak is nie. Die argumente wat tot dusver ondersoek en beoordeel is, berus op regsfilosofiese gronde. Nietemin het dit uit die beoordeling van bogenoemde argumente geblyk dat die grondwetlike beskerming van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte die mees effektiewe (en daarom prinsipieel die korrekte) manier is vir die beskerming van sosio-ekonomiese regte.

In hoofstuk 6 is die huidige stand van sake met betrekking tot sosio-ekonomiese regte in die Grondwet van Suid-Afrika ondersoek en beoordeel. Uit hierdie ondersoek het dit geblyk dat sosio-ekonomiese regte wel in die Grondwet voorkom en dat die Grondwet verskeie maatreëls daarstel om te verseker dat sosio-ekonomiese regte

gerealiseer word. Dit is egter jammer dat die reg op arbeid en kleding nie deur die Grondwet beskerm word nie. Dit is ook jammer dat die sosio-ekonomiese regte in die Grondwet in 'n groot mate weinig meer as regte op papier is. Daar sal nog baie gedoen moet word om die beskerming van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika te verseker.

Wanneer dit kom by dit toepassings van sosio-ekonomiese regte is dit belangrik om nie 'n tipe "afhanklikheidsindroom" tot stand te bring nie. Daar moet met ander woorde nie op só 'n manier in mense se sosio-ekonomiese behoeftes voorsien word dat hulle verleer om hulleself te help nie. Om net kospakkies orals uit te deel is byvoorbeeld nie 'n effektiewe manier om die reg op voedsel te beskerm nie. Prinsipieel is dit reg om aan mense kospakkies te gee, maar hulle moet ook geleer word om self voedsel te voorsien deur byvoorbeeld 'n groentetuin te begin. In hierdie verband kan die reg op arbeid moeilik oorbeklemtoon word. Prinsipieel is arbeid 'n baie belangrike aspek in die Skrif (vgl. 2.3.1.9). Wanneer mens werk, kan hulle self in hul eie sosio-ekonomiese behoeftes voorsien en word hulle nie 'n "las" vir die samelewing nie. Dit is in lyn met die Bybelse uitgangspunt, naamlik dat dit gaan oor *my* verpligting teenoor ander se sosio-ekonomiese belange.

Arbeid en onderwys is dus die mees effektiewe manier waarop sosio-ekonomiese regte gerealiseer kan word. Dit gaan natuurlik saam met die negatiewe beskerming van sosio-ekonomiese regte, naamlik dat dit wat 'n persoon besit juridies beskerm moet word. Deur arbeid voorsien mense in hul eie sosio-ekonomiese behoeftes sowel as dié van ander wat nie (meer) kan werk nie. Deur onderrig word hulle geleer om dit wat hulle het op 'n verantwoordelik wyse te gebruik sodat hulle nie in sosio-ekonomiese nood beland nie. Die staat, privaatsektor, Kerk en individu moet dus aandag gee aan al die sosio-ekonomiese probleme in Suid-Afrika, soos dit ook aangetoon is in hierdie studie. Daar sal ook daadwerklik gekyk moet word na die werkloosheidskwessie in Suid-Afrika.

# BYLAAG A

## The Universal Declaration of Human Rights of the United Nations - 1948

---

PREAMBLE

*Whereas* recognition of the inherent dignity and of the equal and inalienable rights of all members of the human family is the foundation of freedom, justice and peace in the world,

*Whereas* disregard and contempt for human rights have resulted in barbarous acts which have outraged the conscience of mankind, and the advent of a world in which human beings shall enjoy freedom of speech and belief and freedom from fear and want has been proclaimed as the highest aspiration of the common people,

*Whereas* it is essential, if man is not to be compelled to have recourse, as a last resort, to rebellion against tyranny and oppression, that human rights should be protected by the rule of law,

*Whereas* it is essential to promote the development of friendly relations between nations,

*Whereas* the peoples of the United Nations have in the Charter reaffirmed their faith in fundamental human rights, in the dignity and worth of the human person and in the equal rights of men and women and have determined to promote social progress and better standards of life in larger freedom,

*Whereas* Member States have pledged themselves to achieve, in cooperation with the United Nations, the promotion of universal respect for and observance of human rights and fundamental freedoms,

*Whereas* a common understanding of these rights and freedoms is of the greatest importance for the full realization of this pledge,

*Now, therefore,*

*The General Assembly,*

*Proclaims* this Universal Declaration of Human Rights as a common standard of achievement for all peoples and all nations, to the end that every individual and every organ of society, keeping this Declaration constantly in mind, shall strive by teaching and education to promote respect for these rights and freedoms and by progressive

measures, national and international, to secure their universal and effective recognition and observance, both among the peoples of Member States themselves and among the peoples of territories under their jurisdiction.

*Article 1*

All human beings are born free and equal in dignity and rights. They are endowed with reason and conscience and should act towards one another in a spirit of brotherhood.

*Article 2*

1. Everyone is entitled to all the rights and freedoms set forth in this Declaration, without distinction of any kind, such as race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national or social origin, property, birth or other status.

2. Furthermore, no distinction shall be made on the basis of the political, jurisdictional or international status of the country or territory to which a person belongs, whether it be independent, trust, non-self-governing or under any other limitation of sovereignty.

*Article 3*

Everyone has the right to life, liberty and security of person.

*Article 4*

No one shall be held in slavery or servitude; slavery and the slave trade shall be prohibited in all their forms.

*Article 5*

No one shall be subjected to torture or to cruel, inhuman or degrading treatment or punishment.

*Article 6*

Everyone has the right to recognition everywhere as a person before the law.

*Article 7*

All are equal before the law and are entitled without any discrimination to equal protection of the law. All are entitled to equal protection against any discrimination in violation of this Declaration and against any incitement to such discrimination.

*Article 8*

Everyone has the right to an effective remedy by the competent national tribunals for acts violating the fundamental rights granted him by the constitution or by law.

*Article 9*

No one shall be subjected to arbitrary arrest, detention or exile.

*Article 10*

Everyone is entitled in full equality to a fair and public hearing by an independent and impartial tribunal, in the determination of his rights and obligations and of any criminal charge against him.

*Article 11*

1. Everyone charged with a penal offence has the right to be presumed innocent until proved guilty according to law in a public trial at which he has had all the guarantees necessary for his defence.
2. No one shall be held guilty of any penal offence on account of any act or omission which did not constitute a penal offence, under national or international law, at the time when it was committed. Nor shall a heavier penalty be imposed than the one that was applicable at the time the penal offence was committed.

*Article 12*

No one shall be subjected to arbitrary interference with his privacy, family, home or correspondence, nor to attacks upon his honour and reputation. Everyone has the right to the protection of the law against such interference or attacks.

*Article 13*

*Article 18*

Everyone has the right to freedom of thought, conscience and religion; this right includes freedom to change his religion or belief, and freedom, either alone or in community with others and in public or private, to manifest his religion or belief in teaching, practice, worship and observance.

*Article 19*

Everyone has the right to freedom of opinion and expression; this right includes freedom to hold opinions without interference and to seek, receive and impart information and ideas through any media and regardless of frontiers.

*Article 20*

1. Everyone has the right to freedom of peaceful assembly and association.
2. No one may be compelled to belong to an association.

*Article 21*

1. Everyone has the right to take part in the government of his country, directly or through freely chosen representatives.
2. Everyone has the right to equal access to public service in his country.
3. The will of the people shall be the basis of the authority of government; this will shall be expressed in periodic and genuine elections which shall be by universal and equal suffrage and shall be held by secret vote or by equivalent free voting procedures.

*Article 22*

Everyone, as a member of society, has the right to social security and is entitled to realization, through national effort and international cooperation and in accordance with the organization and resources of each State, of the economic, social and cultural rights indispensable for his dignity and the free development of his personality.

*Article 23*

1. Everyone has the right to work, to free choice of employment, to just and favourable conditions of work and to protection against unemployment.

2. Everyone, without any discrimination, has the right to equal pay for equal work.

3. Everyone who works has the right to just and favourable remuneration ensuring for himself and his family an existence worthy of human dignity, and supplemented, if necessary, by other means of social protection.

4. Everyone has the right to form and to join trade unions for the protection of his interests.

*Article 24*

Everyone has the right to rest and leisure, including reasonable limitation of working hours and periodic holidays with pay.

*Article 25*

1. Everyone has the right to a standard of living adequate for the health and well-being of himself and of his family, including food, clothing, housing and medical care and necessary social services, and the right to security in the event of unemployment, sickness, disability, widowhood, old age or other lack of livelihood in circumstances beyond his control.

2. Motherhood and childhood are entitled to special care and assistance. All children, whether born in or out of wedlock, shall enjoy the same social protection.

*Article 26*

1. Everyone has the right to education. Education shall be free, at least in the elementary and fundamental stages. Elementary education shall be compulsory. Technical and professional education shall be made generally available and higher education shall be equally accessible to all on the basis of merit.

2. Education shall be directed to the full development of the human personality and to the strengthening of respect for human rights and fundamental freedoms. It shall promote understanding, tolerance and friendship among all nations, racial or religious groups, and shall further the activities of the United Nations for the maintenance of peace.

3. Parents have a prior right to choose the kind of education that shall be given to their children.

*Article 27*

1. Everyone has the right freely to participate in the cultural life of the community, to enjoy the arts and to share in scientific advancement and its benefits.

2. Everyone has the right to the protection of the moral and material interests resulting from any scientific, literary or artistic production of which he is the author.

*Article 28*

Everyone is entitled to a social and international order in which the rights and freedoms set forth in this Declaration can be fully realized.

*Article 29*

1. Everyone has duties to the community in which alone the free and full development of his personality is possible.

2. In the exercise of his rights and freedoms, everyone shall be subject only to such limitations as are determined by law solely for the purpose of securing due recognition and respect for the rights and freedoms of others and of meeting the just requirements of morality, public order and the general welfare in a democratic society.

3. These rights and freedoms may in no case be exercised contrary to the purposes and principles of the United Nations.

*Article 30*

Nothing in this Declaration may be interpreted as implying for any State, group or person any right to engage in any activity or to perform any act aimed at the destruction of any of the rights and freedoms set forth herein.

# BYLAAG B

## Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

## Hoofstuk 2: Handves van Regte

---

**Regte**

7. (1) Hierdie Handves van Regte is 'n hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika. Dit verskans die regte van alle mense in ons land en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

(2) Die staat moet die regte in die Handves van Regte eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.

(3) Die regte in die Handves van Regte is onderworpe aan die beperkings in artikel 36 of elders in die Handves vervat of genoem.

**Toepassing**

8. (1) Die Handves van Regte is van toepassing op die totale reg en bind die wetgewende, die uitvoerende en die regsprekende gesag en alle staatsorgane.

(2) 'n Bepaling van die Handves van Regte bind 'n natuurlike of 'n regspersoon indien, en in die mate waarin, dit toepasbaar is met inagneming van die aard van die reg en die aard van enige plig deur die reg opgelê.

(3) By die toepassing van 'n bepaling van die Handves van Regte op 'n natuurlike of regspersoon ingevolge subartikel (2) –

(a) moet 'n hof, ten einde gevolg te gee aan 'n reg in die Handves, die gemene reg toepas, of indien nodig ontwikkel, in die mate waarin wetgewing nie aan daardie reg gevolg gee nie; en

(b) kan 'n hof reëls van die gemene reg ontwikkel om die reg te beperk, mits die beperking in ooreenstemming met artikel 36(1) is.

(4) 'n Regspersoon is geregtig op die regte in die Handves van Regte in die mate waarin die aard van die regte en die aard van daardie regspersoon dit vereis.

**Gelykheid**

9. (1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van

die reg.

(2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.

(3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

(4) Niemand mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) diskrimineer nie. Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.

(5) Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.

**Menswaardigheid**

10. Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.

**Lewe**

11. Elkeen het die reg op lewe.

**Vryheid en sekerheid van die persoon**

12. (1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is

die reg om –

(a) nie arbitrêr of sonder gegronde rede vryheid ontneem te word nie;

(b) nie sonder verhoor aangehou te word nie;

(c) vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare hetsy private

oorsprong;

(d) op geen wyse gemartel te word nie; en

(e) nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te

word nie.

(2) Elkeen het die reg op liggaamlike en psigiese integriteit, waarby inbegrepe is die reg –

(a) om besluite oor voortplanting te neem;

(b) op sekerheid van en beheer oor die eie liggaam; en

(c) om nie sonder hul ingeligte toestemming aan mediese of wetenskaplike eksperimente onderwerp te word nie.

**Slawerny, knegskap en dwangarbeid**

13. Niemand mag aan slawerny, knegskap of dwangarbeid onderwerp word nie.

**Privaatheid**

14. Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat –

(a) hul persoon of woning nie deursoek word nie;

(b) hul eiendom nie deursoek word nie;

(c) daar nie op hul besittings beslag gelê word nie; of

(d) daar nie op die privaatheid van hul kommunikasies inbreuk gemaak word nie.

**Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening**

15. (1) Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.

(2) Godsdiensbeoefening kan by staats- of staatsondersteunde instellings geskied, mits

(a) daardie beoefening reëls nakom wat deur die tersaaklike openbare gesag gemaak is;

(b) dit op billike grondslag geskied; en

(c) bywoning daarvan vry en vrywillig is

(3) (a) Hierdie artikel belet nie wetgewing wat erkenning verleen aan –

(i) huwelike wat aangegaan is kragtens enige tradisie, of 'n stelsel van godsdiens-, persone- of familiereg nie; of

(ii) stelsels van persone- en familiereg kragtens enige tradisie, of wat nagevolg word deur persone wat 'n besondere godsdiens aanhang nie.

(b) Erkenning ingevolge paragraaf (a) moet met hierdie artikel en die ander bepalings van die Grondwet bestaanbaar wees.

**Vryheid van uitdrukking**

16. (1) Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is –

(a) die vryheid van die pers en ander media;

(b) die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;

(c) die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en

(d) akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.

(2) Die reg in subartikel (1) omvat nie –

(a) propaganda vir oorlog nie;

(b) die aanstigting van dreigende geweld nie; of

(c) die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak nie.

**Vergadering, betoging, linievorming en petisie**

17. Elkeen het die reg om vreedsaam en ongewapen te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê.

**Vryheid van assosiasie**

18. Elkeen het die reg op vryheid van assosiasie.

**Politieke regte**

19. (1) Dit staan elke burger vry om politieke keuses te doen, waarby inbegrepe is die reg

om –

(a) 'n politieke party te stig;

(b) deel te neem aan die bedrywighede van, of lede te werf vir, 'n politieke party; en

(c) hulle vir 'n politieke party of saak te beywer.

(2) Elke burger het die reg op vrye, regverdige en gereelde verkiesings vir enige wetgewende liggaam wat ingevolge die Grondwet ingestel is.

(3) Elke volwasse burger het die reg om –

(a) te stem in verkiesings vir enige wetgewende liggaam wat ingevolge die Grondwet ingestel is, en om dit in die geheim te doen; en

(b) 'n kandidaat vir 'n openbare amp te wees en, indien verkies, die amp te beklee.

**Burgerskap**

20. Geen burger mag burgerskap ontneem word nie.

**Vryheid van beweging en verblyf**

21. (1) Elkeen het die reg op vryheid van beweging.

(2) Elkeen het die reg om die Republiek te verlaat.

(3) Elke burger het die reg om die Republiek binne te kom, daarin aan te bly, en op enige plek daarin verblyf te neem.

(4) Elke burger het die reg op 'n paspoort.

**Vryheid van bedryf, beroep en professie**

21. Elke burger het die reg om vrylik 'n bedryf, beroep of professie te kies. Die beoefening van 'n bedryf, beroep of professie kan deur die reg gereguleer word.

**Arbeidsverhoudinge**

23. (1) Elkeen het die reg op billike arbeidspraktyke.

(2) Elke werker het die reg om –

(a) 'n vakbond te stig en daarby aan te sluit;

(b) aan die bedrywighede en programme van 'n vakbond deel te neem; en

(c) te staak.

(3) Elke werkgewer het die reg om –

(a) 'n werkgewersorganisasie te stig en daarby aan te sluit; en

(b) aan die bedrywighede en programme van 'n werkgewersorganisasie deel te neem.

(4) Elke vakbond en elke werkgewersorganisasie het die reg om –

(a) sy eie administrasie, programme en bedrywighede te bepaal;

(b) te organiseer; en

(c) 'n federasie te stig en daarby aan te sluit.

(5) Elke vakbond, werkgewersorganisasie en werkgewer het die reg om aan kollektiewe bedinging mee te doen. Nasionale wetgewing kan verorden word om kollektiewe bedinging te reguleer. In die mate waarin die wetgewing 'n reg in hierdie Hoofstuk beperk, moet die beperking aan artikel 36(1) voldoen.

(6) Nasionale wetgewing kan erkenning verleen aan vakbondsekerheidsreëlings wat in kollektiewe ooreenkomste vervat is. In die mate waarin die wetgewing 'n reg in hierdie Hoofstuk beperk, moet die beperking aan artikel 36(1) voldoen.

**Omgewing**

24. Elkeen het die reg –

(a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en

(b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat –

(i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;

(ii) bewaring bevorder; en

(iii) die ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker, terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder.

**Eiendom**

25. (1) Niemand mag eiendom ontneem word nie behalwe ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif, en geen regsvoorskrif mag arbitrêre ontneming van eiendom veroorloof nie.

(2) Eiendom mag slegs ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif onteien word –

(a) vir 'n openbare doel of in die openbare belang; en

(b) onderworpe aan vergoeding waarvan die bedrag en die tyd en wyse van betaling óf deur diegene wat geraak word, aanvaar is óf deur 'n hof bepaal of goedgekeur is.

(3) Die bedrag van die vergoeding en die tyd en wyse van betaling moet regverdig en billik wees, en moet 'n billike ewewig toon tussen die openbare belang en

die belange van diegene wat geraak word, met inagneming van alle tersaaklike omstandighede, met inbegrip van –

(a) die huidige gebruik van die eiendom;

(b) die geskiedenis van die verkryging en gebruik van die eiendom;

(c) die markwaarde van die eiendom;

(d) die omvang van regstreekse belegging en subsidie deur die staat ten opsigte van die verkryging en voordelige kapitale verbetering van die eiendom; en

(e) die doel van die onteiening.

(4) By die toepassing van hierdie artikel –

(a) beteken die openbare belang ook die nasie se verbintenis tot grondhervorming, en tot hervormings om billike toegang tot al Suid–Afrika se natuurlike hulpbronne te bewerkstellig; en

(b) is eiendom nie tot grond beperk nie.

(5) Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref om, binne sy beskikbare middele, toestande te skep wat burgers in staat stel om op 'n billike grondslag toegang tot grond te verkry.

(6) 'n Persoon of gemeenskap wie se besitreg van grond regsonseker is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, is geregtig, in die mate wat deur 'n Parlementswet bepaal word, op óf besitreg wat regseker is óf gelykwaardige vergoeding.

(7) 'n Persoon of gemeenskap wat na 19 Junie 1913 die besit van eiendom ontneem is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, is geregtig, in die mate wat deur 'n Parlementswet bepaal word, op óf teruggawe van daardie eiendom óf billike vergoeding.

(8) Geen bepaling van hierdie artikel verhinder die staat om wetgewende en ander maatreëls te tref om grond–, water– en verbandhoudende hervorming te bewerkstellig ten einde die gevolge van rassediskriminasie van die verlede reg te stel nie, op voorwaarde dat enige afwyking van die bepalings van hierdie artikel in ooreenstemming met die bepalings van artikel 36(1) is.

(9) Die Parlement moet die wetgewing genoem in subartikel (6) aanneem.

**Behuising**

26. (1) Elkeen het die reg op toegang tot geskikte behuising.

(2) Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref om binne sy beskikbare middele hierdie reg in toenemende mate te verwesenlik.

(3) Sonder 'n hofbevel wat na oorweging van al die tersaaklike omstandighede toegestaan is, mag niemand uit hul woning gesit word en mag niemand se woning gesloop word nie. Geen wetgewing mag arbitrêre uitsettings veroorloof nie.

**Gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid**

27. (1) Elkeen het die reg op toegang tot –

(a) gesondheidsorgdienste, met inbegrip van reproduktiewe gesondheidsorg;

(b) voldoende voedsel en water; en

(c) maatskaplike sekerheid, met inbegrip van gepaste maatskaplike bystand indien hulle nie in staat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie.

(2) Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref om binne sy beskikbare middele elk van hierdie regte in toenemende mate te verwesenlik.

(3) Niemand mag mediese noodbehandeling geweier word nie.

**Kinders**

28. (1) Elke kind het die reg –

(a) op 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte;

(b) op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;

(c) op basiese voeding, skuiling, basiese gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste;

(d) om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word;

(e) om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word;

(f) om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer nie wat –

(i) onvanpas is vir 'n persoon van daardie kind se ouderdom; of

(ii) 'n risiko vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling inhou;

(g) om nie aangehou te word nie, behalwe as laaste uitweg, in watter geval, benewens die regte wat 'n kind kragtens artikels 12 en 35 geniet, die kind slegs vir die kortste gepaste tydperk aangehou mag word, en die reg het om –

(i) afsonderlik van aangehoudenes bo die ouderdom van 18 jaar aangehou te word; en

(ii) op 'n wyse behandel te word, en in omstandighede aangehou te word, wat met die kind se ouderdom rekening hou;

(h) om, in siviele verrigtinge wat die kind raak, deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei; en

(i) om nie regstreeks in gewapende stryd gebruik te word nie, en om in tye van gewapende stryd beskerm te word.

(2) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

(3) In hierdie artikel beteken "kind" iemand onder die ouderdom van 18 jaar.

**Onderwys**

29. (1) Elkeen het die reg –

(a) op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes; en

(b) op verdere onderwys, wat die staat, deur middel van redelike maatreëls, in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak.

(2) Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming van –

(a) billikheid;

(b) doenlikheid; en

(c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.

(3) Elkeen het die reg om op eie koste onafhanklike onderwysinstellings tot stand te bring en in stand te hou wat –

(a) nie op grond van ras diskrimineer nie;

(b) by die staat geregistreer is; en

(c) standaarde handhaaf wat nie minderwaardig is vergeleke met standaarde by vergelykbare openbare onderwysinstellings nie.

(4) Subartikel (3) sluit nie staatsubsidies aan onafhanklike onderwysinstellings uit nie.

**Taal en kultuur**

30. Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem, maar niemand wat hierdie regte uitoefen, mag dit doen op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

**Kultuur–, godsdiens– en taalgemeenskappe**

31. (1) Persone wat aan 'n kultuur–, godsdiens– of taalgemeenskap behoort, mag nie die

reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap –

(a) hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie; en

(b) kultuur–, godsdiens– en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie.

(2) Die regte in subartikel (1) mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

**Toegang tot inligting**

32. (1) Elkeen het die reg op toegang tot –

(a) enige inligting wat deur die staat gehou word; en

(b) enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word.

(2) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie reg gevolg te gee, en kan voorsiening maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die staat te verlig.

**Regverdige administratiewe optrede**

33. (1) Elkeen het die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is.

(2) Elkeen wie se regte nadelig geraak is deur administratiewe optrede het die reg op die verskaffing van skriftelike redes.

(3) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie regte gevolg te gee, en moet –

(a) voorsiening maak vir die hersiening van administratiewe optrede deur 'n hof of, waar dit gepas is, 'n onafhanklike en onpartydige tribunaal;

(b) die staat verplig om aan die regte in subartikels (1) en (2) gevolg te gee; en

(c) 'n doeltreffende administrasie bevorder.

**Toegang tot howe**

34. Elkeen het die reg dat 'n geskil wat deur die toepassing van die reg besleg kan word, in 'n billike openbare verhoor beslis word voor 'n hof of, waar dit gepas is, 'n ander onafhanklike en onpartydige tribunaal of forum.

**Gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone**

35. (1) Elkeen wat weens 'n beweerde oortreding gearresteer word, het die reg om –

(a) te swyg;

(b) onverwyld verwittig te word –

(i) van die reg om te swyg; en

(ii) van die gevolge indien daar nie geswyg word nie;

(c) nie verplig te word om 'n bekentenis of erkenning te doen wat as getuienis teen daardie persoon gebruik sou kon word nie;

(d) so gou as wat redelikerwys moontlik is, voor 'n hof gebring te word, maar nie later nie as –

(i) 48 uur na die arrestasie; of

(ii) die einde van die eerste hofdag na die verstryking van die 48 uur, as die 48 uur buite gewone hofure, of op 'n dag wat nie 'n gewone hofdag is nie, verstryk;

(e) by die eerste verskyning in 'n hof na die arrestasie, aangekla te word of verwittig te word van die rede vir die voortsetting van die aanhouding, of vrygelaat te word; en

(f) behoudens redelike voorwaardes, uit aanhouding vrygelaat te word indien die belang van geregtigheid dit toelaat.

(2) Elkeen wat aangehou word, met inbegrip van elke gevonniste gevangene, het die reg –

(a) om onverwyld van die rede vir die aanhouding verwittig te word;

(b) op 'n regspraktisyn van eie keuse en om met daardie regspraktisyn te konsulteer, en om onverwyld van hierdie reg verwittig te word;

(c) om deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei, en om onverwyld van hierdie reg verwittig te word;

(d) om die regmatigheid van die aanhouding persoonlik voor 'n hof te betwis, en vrygelaat te word indien die aanhouding onregmatig is;

(e) op omstandighede van aanhouding wat met menswaardigheid rekening hou, met inbegrip van, minstens, oefening en die voorsiening, op staatskoste, van toereikende akkommodasie, voeding, leesstof en mediese behandeling; en

(f) om in verbinding te tree met, en besoek te word deur, daardie persoon se –

(i) gade of lewensmaat;

(ii) naasbestaandes;

(iii) godsdiensraadgewer van eie keuse; en

(iv) mediese praktisyn van eie keuse.

(3) Elke beskuldigde persoon het die reg op 'n billike verhoor, waarby inbegrepe is die reg –

(a) om van die aanklag verwittig te word in voldoende besonderhede om daarop te antwoord;

(b) om genoeg tyd en geriewe te hê om 'n verweer voor te berei;

(c) op 'n openbare verhoor voor 'n gewone hof;

(d) op 'n verhoor wat sonder onredelike vertraging begin en afgehandel word;

(e) om by die verhoor teenwoordig te wees;

(f) op 'n regspraktisyn van eie keuse en om deur daardie regspraktisyn verteenwoordig te word, en om onverwyld van hierdie reg verwittig te word;

(g) om deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei, en om onverwyld van hierdie reg verwittig te word;

(h) om onskuldig geag te word, te swyg, en nie gedurende die verrigtinge te getuig nie;

(i) om getuienis aan te voer en te betwis;

(j) om nie verplig te word om self-inkriminerende getuienis af te lê nie;

(k) om verhoor te word in 'n taal wat die beskuldigde persoon verstaan of, indien dit nie doenlik is nie, dat die verrigtinge in daardie taal getolk word;

(l) om nie skuldig bevind te word weens 'n handeling of versuim wat ten tyde van die handeling of versuim ingevolge óf die nasionale reg óf die volkereg nie 'n oortreding was nie;

(m) om nie verhoor te word weens 'n oortreding ten opsigte van 'n handeling of versuim ten opsigte waarvan daardie persoon voorheen vrygespreek of skuldig bevind is nie;

(n) op die voordeel van die ligste van die voorgeskrewe strawwe indien die straf wat vir die oortreding voorgeskryf word, verander is tussen die tydstip waarop die oortreding gepleeg is en die tydstip van vonnis; en

(o) op appèl na, of hersiening deur, 'n hoër hof.

(4) Wanneer hierdie artikel vereis dat inligting aan 'n persoon verstrek word, moet die inligting verstrek word in 'n taal wat die persoon verstaan.

(5) Getuienis wat verkry is op 'n wyse wat enige reg in die Handves van Regte skend, moet uitgesluit word indien toelating van daardie getuienis die verhoor onbillik sou maak of andersins vir die regspleging nadelig sou wees.

**Beperking van regte**

36. (1) Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende

regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van –

(a) die aard van die reg;

(b) die belangrikheid van die doel van die beperking;

(c) die aard en omvang van die beperking;

(d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en

(e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

(2) Behalwe soos in subartikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet bepaal, mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves van Regte verskans is, beperk nie.

**Noodtoestande**

37. (1) 'n Noodtoestand mag slegs ingevolge 'n Parlementswet verklaar word, en slegs

wanneer –

(a) die voortbestaan van die nasie deur oorlog, 'n inval, algemene oproer, wanorde, 'n natuurramp of 'n ander openbare noodgeval bedreig word; en

(b) die verklaring nodig is om die vrede en orde te herstel.

(2) 'n Verklaring van 'n noodtoestand, en enige wetgewing verorden of ander stappe gedoen na aanleiding van daardie verklaring, kan van krag wees slegs –

(a) vooruitwerkend; en

(b) vir hoogstens 21 dae vanaf die datum van die verklaring, tensy die Nasionale Vergadering besluit om die verklaring te verleng. Die Vergadering kan 'n verklaring van 'n noodtoestand vir hoogstens drie maande op 'n keer verleng. Die eerste verlenging van die noodtoestand moet geskied by wyse van 'n besluit wat aangeneem word met 'n ondersteunende stem van 'n meerderheid van die lede van die Vergadering. Enige daaropvolgende verlenging moet geskied by wyse van 'n besluit wat aangeneem word met 'n ondersteunende stem van minstens 60 persent van die lede van die Vergadering. 'n Besluit

ingevolge hierdie paragraaf kan slegs na 'n openbare debat in die Vergadering aangeneem word.

(3) Enige bevoegde hof kan beslis oor die geldigheid van –
   (a) 'n verklaring van 'n noodtoestand;
   (b) enige verlenging van 'n verklaring van 'n noodtoestand; of
   (c) enige wetgewing verorden, of ander stappe gedoen, na aanleiding van 'n verklaring van 'n noodtoestand.

(4) Enige wetgewing wat na aanleiding van 'n verklaring van 'n noodtoestand verorden word, mag die Handves van Regte aantas slegs in die mate waarin –
   (a) die aantasting streng deur die noodtoestand vereis word; en
   (b) die wetgewing –
      (i) bestaanbaar is met die Republiek se verpligtinge kragtens die volkereg wat op noodtoestande betrekking het;
      (ii) so gou as wat na die verordening daarvan redelikerwys moontlik is, in die nasionale Staatskoerant gepubliseer word.

(5) Geen Parlementswet wat 'n verklaring van 'n noodtoestand magtig, en geen wetgewing wat verorden is of ander stappe wat gedoen is na aanleiding van so 'n verklaring, verleen toestemming vir of magtig –
   (a) die vrywaring van die staat, of enige persoon, ten opsigte van enige onregmatige handeling nie;
   (b) enige aantasting van hierdie artikel nie; of
   (c) enige aantasting van 'n artikel genoem in kolom 1 van die Tabel van Nie–aantasbare Regte, in die mate teenoor daardie artikel in kolom 3 van die Tabel aangedui nie.

**Tabel van Nie-aantasbare Regte**

| 1<br>**Artikel-nommer** | 2<br>**Opskrif van artikel** | 3<br>**Mate waarin die reg nie aantasbaar is nie** |
|---|---|---|
| 9 | Gelykheid | Met betrekking tot onbillike diskriminasie uitsluitlik op grond van ras, kleur, etniese of sosiale herkoms, geslag, godsdiens of taal. |

| | | |
|---|---|---|
| 10 | Menswaardigheid | Geheel en al |
| 11 | Lewe | Geheel en al |
| 12 | Vryheid en sekerheid van die persoon | Met betrekking tot subartikels (1)(d) en (e) en 2(c) |
| 13 | Slawerny, knegskap, en dwangarbeid | Met betrekking tot slawerny en knegskap |
| 28 | Kinders | Met betrekking tot:<br>- subartikel (1)(d) en (e);<br>die regte in subparagrawe (i) en (ii) van subartikel (1)(g); en<br>subartikel (1)(i) ten opsigte van kinders van 15 jaar en jonger |
| 35 | Gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone | let betrekking tot:<br>subartikels (1)(a), (b) en (c) en (2)(d);<br>die regte in paragrawe (a) tot (o) van subartikel (3), uitgesonderd paragraaf (d);<br>subartikel (4); en<br>subartikel (5) ten opsigte van die uitsluiting van getuienis indien toelating van daardie getuienis die verhoor onbillik sou maak. |

(6) Wanneer iemand sonder verhoor aangehou word na aanleiding van 'n aantasting van regte voortspruitend uit 'n verklaring van 'n noodtoestand, moet die volgende voorwaardes nagekom word:

(a) Daar moet so gou as wat redelikerwys moontlik is met 'n volwasse gesinslid of vriend van die aangehoudene in aanraking gekom word, en daardie gesinslid of vriend moet verwittig word dat die persoon aangehou word.

(b) 'n Kennisgewing moet binne vyf dae nadat die persoon in aanhouding geneem is in die nasionale Staatskoerant gepubliseer word met vermelding van die aangehoudene se naam en plek van aanhouding en die noodmaatreël waarkragtens daardie persoon aangehou word.

(c) Die aangehoudene moet toegelaat word om 'n mediese praktisyn te kies en te eniger redelike tyd deur daardie mediese praktisyn besoek te word.

(d) Die aangehoudene moet toegelaat word om 'n regsverteenwoordiger te kies en te eniger redelike tyd deur daardie regsverteenwoordiger besoek te word.

(e) 'n Hof moet die aanhouding so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar nie later nie as 10 dae na die datum waarop die persoon in aanhouding geneem is, hersien, en die hof moet die aangehoudene vrylaat tensy dit noodsaaklik is om die aanhouding voort te sit ten einde die vrede en orde te herstel.

(f) 'n Aangehoudene wat nie ingevolge 'n hersiening kragtens paragraaf (e) of ingevolge 'n hersiening kragtens hierdie paragraaf vrygelaat word nie, kan te eniger tyd na verstryking van 10 dae na die vorige hersiening by 'n hof aansoek doen om 'n verdere hersiening van die aanhouding, en die hof moet die aangehoudene vrylaat tensy dit steeds noodsaaklik is om die aanhouding voort te sit ten einde die vrede en orde te herstel.

(g) Die aangehoudene moet toegelaat word om persoonlik te verskyn voor enige hof wat die aanhouding oorweeg, om by daardie verrigtinge deur 'n regspraktisyn verteenwoordig te word, en om vertoë teen voortgesette aanhouding te rig.

(h) Die staat moet skriftelike redes om die voortgesette aanhouding van die aangehoudene te regverdig aan die hof voorlê, en moet minstens twee dae voordat die hof die aanhouding hersien, 'n afskrif van daardie redes aan die aangehoudene verskaf.

(7) Indien 'n hof 'n aangehoudene vrylaat, mag daardie persoon nie weer op dieselfde gronde aangehou word nie tensy die staat voor die heraanhouding goeie redes daarvoor voor 'n hof aantoon.

(8) Subartikels (6) en (7) is nie van toepassing op persone wat nie Suid–Afrikaanse burgers is nie en wat na aanleiding van 'n internasionale gewapende stryd aangehou word. In plaas daarvan moet die staat voldoen aan die standaarde wat die Republiek bind kragtens die internasionale humanitêre reg wat betrekking het op die aanhouding van sodanige persone.

**Afdwinging van regte**

38. Iemand in hierdie artikel genoem, het die reg om 'n bevoegde hof te nader en aan te voer dat daar op 'n reg in die Handves van Regte inbreuk gemaak is of dat so 'n inbreukmaking dreig, en die hof kan gepaste regshulp verleen, met inbegrip van 'n verklaring van regte. Die persone wat 'n hof kan nader, is –

(a) iemand wat in eie belang optree;

(b) iemand wat optree namens iemand anders wat nie in eie naam kan optree nie;

(c) iemand wat as 'n lid van, of in die belang van, 'n groep of klas persone optree;

(d) iemand wat in die openbare belang optree; en

(e) 'n vereniging wat in die belang van sy lede optree.

**Uitleg van Handves van Regte**

39. (1) By die uitleg van die Handves van Regte –

(a) moet 'n hof, tribunaal of forum die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, bevorder;

(b) moet 'n hof, tribunaal of forum die volkereg in ag neem; en

(c) kan 'n hof, tribunaal of forum buitelandse reg in ag neem.

(2) By die uitleg van enige wetgewing, en by die ontwikkeling van die gemene reg of gewoontereg, moet elke hof, tribunaal of forum die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte bevorder.

(3) Die Handves van Regte ontken nie die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemene reg, gewoontereg of wetgewing erken of verleen word nie, in die mate waarin daardie regte of vryhede met die Handves bestaanbaar is.

# Bibliografie


ALSTON, P. 1998. Economic and social rights in the international arena. [WWW:] http://www.communitylawcentre.org.za/ser/esr1998/1998june_esrinternational.php [Datum van gebruik:] Mrt. 20, 2003.

BOHATEC, J. 1934. Calvin und das Recht. Vienna : Bohlhaus.

BOSHOFF, A. 1991. Geregtigheid en sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse reg,* 16(3):446-461.

BOUWMAN, H. 1899. Het begrip gerechtigheid in het Oude Testament. Kampen : Kok. (Proefskrif – D.Phil.)

BRAULIK, G. 1998. Deuteronomy and human rights. *Skrif en kerk,* 19(2):207-229.

CALVYN, J. 1984b. Commentaries on the epistle of Paul the apostle to the Romans. Translated from the original Latin by John Owen. Grand Rapids, Mich. : Baker Book House.

CALVYN, J. 1986. Institusie van die Christelike godsdiens 1559. Boek 1. Uit die Latyn vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

CALVYN, J. 1992. Institusie van die Christelike godsdiens 1559. Boek 4. Uit die Latyn vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

CHEADLE, H. 1997. Labour. (*In* Davis, D., Cheadle, H. & Haysom, N., *eds.* Fundamental rights in the Constitution. Commentary and cases. Kenwyn : Juta. p. 211-236.)

CHIRWA, D.M. 2002. Obligations of non-state actors in relation to economic, social and cultural rights under the South African Constitution. [WWW:] http://www.communitylawcentre.org.za/ser/docs_2002/Researchseries1.doc [Datum van gebruik:] Mrt. 20, 2003.

CHIRWA, D.M. 2003. An overview of the impact of the International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights in Africa. [WWW:] http://www.communitylawcentre.org.za/ser/docs_2002/Impact_of_Socio-economic_rights_in_Africa.doc [Datum van gebruik:] Mrt. 20, 2003.

COETZEE, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegese van die Heilige Skrif. (*In* Coetzee, J.C., *red.* Koninkryk, Gees en Woord: huldigingsbundel aangebied aan prof. dr. Lambertus Floor by sy emeritaat as professor in Nuwe Testament aan die Teologiese Skool, Potchefstroom. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 19-38.)

CRANSTON, M.W 1973. What are human rights? London : Bodley Head.

DAVIS, D.M. 1992. The case against the inclusion of socio-economic demands in a bill of rights except as directive principles. *South African journal on human rights,* 8(3):475-490.

DAVIS, H., CHEADLE, H. & HAYSOM, N. 1997. Property. (*In* Davis, D., Cheadle, H. & Haysom, N., *eds.* Fundamental rights in the Constitution. Commentary and cases. Kenwyn : Juta. p. 211-236.)

DE BRUYN, P.J. 1993. Die Tien Gebooie. Midrand : Varia.

DEIST, F.E. & BURDEN, J.J. 1980. 'n ABC van Bybeluitleg. Pretoria : Van Schaik.

DE VAUX, R. 1968. Ancient Israel: It's life and institutions. Translated by John McHugh. London : Darton, Longman & Todd.

DEVENISH, G.E. 1998. A commentary on the South African Constitution. Durban : Butterworths.

DE VILLIERS, B. 1992. Directive principles of state policy and fundamental rights: the Indian experience. *South African journal on human rights*, 8(1):29-49.

DE VILLIERS, B. 1994. Social and economic rights. (*In* Van Wyk, D., Dugard, J., De Villiers, B. & Davis, D., *eds.* Rights and constitutionalism: the new South African legal order. Kenwyn : Juta. p. 599-628.)

DE VILLIERS, D.E. 1984. Die geskiedenis van menseregte. (*In* Du Toit, D.A., *red.* Menseregte. Kaapstad : Tafelberg.)

DE VOS, P. 1997. Pious wishes or directly enforceable human rights?: Social and economic rights in South-Africa's 1996 Constitution. *South African journal on human rights*, 13(1):67-101.

DE WAAL J., CURRIE, I. & ERASMUS, G. 2001. The bill of rights handbook. Kenwyn : Juta.

DE WET, E. 1995. Die konstitusionele afdwingbaarheid van sosiale en ekonomiese menseregte: die betekenis van die Duitse konstitusionele model vir Suid-Afrika. Bloemfontein : UOVS. (Proefskrif – LL.D.)

DIDCOTT, J.M. 1988. Practical workings of a bill of rights. (*In* Van der Westhuizen, J. & Viljoen, H., *eds.*. A bill of rights for South Africa. Durban : Butterworth. p. 52-62.)

DU PLESSIS, I.J. 1988. Die Evangelie volgens Lukas: Inleiding en Teologie. (*In* Du Toit, A.B., *red.* Handleiding by die Nuwe Testament Band IV: die Sinoptiese Evangelies en Handelinge: inleiding en teologie. Pretoria : NG Kerkboekhandel Transvaal. p. 151-201.)

DU TOIT, D.A. 1978. Geregtigheid en mensbeskouing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 18:4, Des.

DU TOIT, D.A. 1984. Teologie, kerk en menseregte. (*In* Du Toit, D.A., *red.* Menseregte. Kaapstad : Tafelberg. p. 60-67.)

DU TOIT, D.A. 1988. Die mens en sy regte. Geloof en praktyk in Suid-Afrika. Kaapstad : Zebra.

DU TOIT, D.A. 1991. 'n Christelik beskouing van menseregte. *In die Skriflig*, 25(4):439-456.

DWORKIN, R. 1987. What is equality? Part 4: Political equality. San Francisco : University of San Francisco.

ELOFF, T. 1988. Staatsowerheid en geregtigheid met besondere verwysing na rasseklassifikasie: 'n teologies-etiese studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

FAASEN, J. 1985. 'n Teologiese ondersoek na die grondlyne van 'n Christelike arbeidsetiek. Stellenbosch : US. (Proefskrif – D.Th.)

GREIDANUS, S. 1984. Human rights in biblical perspective. *Calvin theological journal,* 19:15-31.

HARRIS, R.L. 1999. Theological Wordbook of the Old Testament. Chicago, Ill. : Moody Press.

HAYSOM, N. 1992. Constitutionalism, majoritarian democracy and socio-economical rights. *South African journal on human rights,* 8(3):451-463.

HELBERG, J.L. 1984. Die Ou Testament oor menseregte. *In die Skriflig*, 18(72):4-12.

HAUGHEY, J.C. 1977. The Faith that does justice: examining the Christian sources for social change. New York : Paulist Press.

JOUBERT, S. 1999. Handelinge. (*In* Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F., *red.* Die Bybellennium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1371-1447.)

KAISER, W.C. 1983. Toward Old Testament ethics. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

KAISER, W.C. & SILVA, M. 1994. An introduction to Biblical hermeneutics: the search for meaning. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

KÖNIG, A. 1993. Menslike mense: gelowig nagedink deel 5. Oor die mens en die sonde in praktyk. Johannesburg : Orion.

KONSTITUSIE
*kyk*
SUID-AFRIKA. 1996.

LIEBENBERG, S. 1995. The International Covenant on Economic, Social and Cultural rights and its implications for South Africa. *South African journal on human rights,* 11(3):359-378.

LIEBENBERG, S. 1997a. Education. (*In* Davis, D., Cheadle, H. & Haysom, N., *eds.* Fundamental rights in the Constitution. Commentary and cases. Kenwyn : Juta. p. 211-236.)

LIEBENBERG, S. 1997b. Health. (*In* Davis, D., Cheadle, H. & Haysom, N., *eds.* Fundamental rights in the Constitution. Commentary and cases. Kenwyn : Juta. p. 211-236.)

LIEBENBERG, S. 1997c. Housing. (*In* Davis, D., Cheadle, H. & Haysom, N., *eds*. Fundamental rights in the Constitution. Commentary and cases. Kenwyn : Juta. p. 211-236.)

LIEBENBERG, S. 2001a. Judicial and civil society initiatives in the development of economic and social rights in the commonwealth. [WWW:] http://www.community-lawcentre.org.za/ser/docs_2002/CHRI_Millennium_Report.doc [Datum van gebruik:] Feb. 17, 2003.

LIEBENBERG, S. 2001b. Violations of socio-economic rights: the role of the South African human rights comission. (*In* Andrews, P. & Ellmann, S., *eds*. The post-apartheid constitutions. Johannesburg : Witwatersrand University Press & Ohio University Press.)

LIEBENBERG, S. 2002. South Africa's evolving jurisprudence on socio-economic rights. [WWW:] http://communitylawcentre.org.za [Datum van gebruik:] Feb. 17, 2003.

LIEBENBERG, P.W. 1989. Die Verenigde Nasies en menseregte: 'n histories-kritiese studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.)

MENSEREGTEKOMMISSIE. 2003. Monitoring socio-economic rights in South Africa: public perceptions. Executive summary. [WWW:] http://www.case.org.za/ htm/ soceco2.htm [Datum van gebruik:] Mei 13, 2003.

MUREINIK, E. 1992. Beyond a charter of luxuries: economic rights in the Constitution. *South African journal on human rights,* 8(3):464-474.

NTHAI, S. 2003. The implementation of socio-economic rights in South Africa. [WWW:] http://communitylawcentre.org.za [Datum van gebruik:] Feb. 17, 2003.

SELEOANE, M. 2001. Socio-economic rights in the South African Constitution. [WWW:] http://www.hsrcpublishers.co.za/index.html?socioecon_rights.html [Datum van gebruik:] Mrt. 18, 2003.

SPYKMAN, G. 1979. Toward a biblical view of "human rights". *Theological Forum,* VII(1):1-17.

STÄHLIN, G. 1976. ασθενής, ασθένεια, ασθενέω. (*In* Kittel, G., *ed.* Theological dictionary of the New Testament: volume 1. Translated and edited by Geoffrey W. Bromiley. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 490-493.)

SUID-AFRIKA. 1957. Die Wet op Lone, no. 5 van 1957. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1983. Die Wet op Basiese Vereistes vir Indiensneming, no. 3 van 1983. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1993. Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, no. 85 van 1993. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1994. Die Wet op Publieke Diens. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1995. Die Wet op Arbeidsverhoudinge, no. 66 van 1995. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika soos op 8 Mei 1996 aangeneem en op 11 Oktober 1996 gewysig deur die Grondwetlike Vergadering. (B34B-96.) (ISBN: 0-260-20215-7.)

TERREBLANCHE, S. 2002. A history of inequality in South Africa: 1652-2002. Pietermaritzburg : University of Natal.

UN
*kyk*

UNITED NATIONS

UNITED NATIONS. 1995. The United Nations and human rights: 1945-1995. New York : United Nations Department of Public Information.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde dogmatiek. Kampen : Kok.

VAN WYK, J.A. 1988. 'n Christelike etiek van die arbeid. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

VAN WYK, J.H. 1987. Etiek en menseregte. *In die Skriflig*, 21(81):31-40.

VAN WYK, J.H. 1991. Moraliteit en verantwoordelikheid. Opstelle oor Politieke etiek. Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN WYK, J.H. 1998. Etiek in eenvoud: gesprekke oor morele vraagstukke. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN WYK, J.H. 2001. Etiek en eksistensie in koninkryksperspektief. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN WYK, M. 1997. Employment equity. (*In* Fouché, M.A., *ed.* A practical guide to labour law. Durban : Butterworths. p. 337-351.)

VAN ZYL, A. 1997. Die Bybel verklaar: 1983-vertaling. Kaapstad : Lux Verbi.

VAN ZYL, H.C. 1999. Matteus. (*In* Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F., *red.* Die Bybellennium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1111-1187.)

VELEMA, W.H. 1980. Discussie over mensenrechten. Apeldoorn : Willem De Zwijgerstichting.

VON RAD, G. 1962. Old Testament Theology vol. 1. Edinburgh : Oliver and Boyd.

VORSTER, J.M. 1999. Calvin and human rights. *Ecumenical Review,* 51(2):209-220.

VORSTER, J.M. 2000a. A contemporary principle for Christian ethics in view of prominent historical paradigms. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 26(2):1-23.

VORSTER, J.M. 2000b. The emergence of the ethos of human rights. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 26(2):116-141.

VORSTER, J.M. 2001. 'n Christelike teorie van menseregte. *In die Skriflig,* 35(1):1-22.

VORSTER, N. 2002. Kerk en menseregte binne 'n regstaat: die profetiese roeping van die kerk ten opsigte van die vestiging van 'n etos van menseregte in Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

VRIEZEN, T.C. 1966. Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament. Wageningen : Veenman.

WETTE
*kyk*
SUID-AFRIKA...

**Verwysings na hofsake**

Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika versus Grootboom 2000 (11) BCLR 1169 (CC)

Grootboom versus Oostenberg Munisipaliteit 2000 (3) BCLR 227 (C)